

D I E A A R D V A N

K O Ö P E R A S I E

deur

Daniel Jacobus Louis Jacobs, B.A., Honns. B.Comm.

skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE/BEDRYFSEKONOMIE)

aan die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom

Leier: Prof. Dr. F.J.J. Coetzee

Februarie 1966

I N H O U D S O P G A W E

<u>HOOFSTUK I</u>	<u>INLEIDING.....</u>	1
§1	<u>PROBLEEMSTELLING.....</u>	1
.1	Algemene beskouinge.....	2
.2	Sosiologiese beskouing.....	2
.3	Godsdienstige en etiese beskouinge.....	3
.4	Ekonomiese beskouinge.....	4
.4.1	Reformatoriese filosofieë.....	4
.4.2	Evolusionistiese filosofieë.....	4
§2	<u>METODE EN OMVANG VAN HIERDIE STUDIE..</u>	6
 <u>HOOFSTUK II</u>	 <u>DIE META-EKONOMIESE SIENING VAN DIE</u> <u>AARD VAN KOOPERASIES.....</u>	 8
§1	<u>INLEIDING.....</u>	8
§2	<u>ENKELE GEDAGTES OOR n PAAR SOSIO-</u> <u>REFORMATORE.....</u>	9
.1	Robert Owen (1771-1858).....	10
.2	Charles Fourier.....	11
.3	Dr. William King van Brighton.....	12
.4	Philippe Buchez.....	13
.5	Louis Blanc.....	13
.6	Latere bydraes deur sosio-reformatore.....	13
.7	Slotgedagtes.....	15
 <u>HOOFSTUK III</u>	 <u>DIE JURIDIESE BENADERING.....</u>	 18
§1	<u>INLEIDING.....</u>	18
§2	<u>ENKELE JURIDIESE BYDRAES.....</u>	20
 <u>HOOFSTUK IV</u>	 <u>DIE DESKRIPTIEWE BENADERING MET BESON-</u> <u>DERE VERWYSING NA DIE SOGENAAMDE</u> <u>"BEGINSELS VAN KOOPERASIES".....</u>	 24
§1	<u>INLEIDING.....</u>	24
§2	<u>DIE "BEGINSELS VAN KOOPERASIE".....</u>	25
.1	Die beginsel dat goedere teen heersende kleinhandelspryse verkoop moet word.....	26

§2.2	Die beginsel dat besigheid van die koöperasie op kontantbasis moet geskied..	27
.3	Die beginsel dat slegs n beperkte aantal aandele deur lede gehou mag word.....	29
.4	Die beginsel van n beperkte rente op kapitaal.....	29
.5	Die beginsel van betaling van dividend uit oorskot volgens omvang van besigheid met koöperasie gedoen.....	32
.6	Die beginsel van „een man, een stem“.....	34
.7	Die beginsel van ope lidmaatskap.....	37
.8	Die beginsel van vrywillige lidmaatskap....	38
§3	<u>SLOTOPMERKINGS</u>	41
<u>HOOFSTUK V</u>	<u>DIE TEORETIESE BENADERING</u>	42
§1	<u>INLEIDING</u>	42
§2	<u>DIE EERSTE BYDRAES TOT n TEORETIES- EKONOMIESE BENADERING</u>	44
§3	<u>n ANALISE VAN DIE BYDRAES VAN LATERE SKRYWERS</u>	46
.1	„Association“.....	47
.2	„Firmas of huishoudings“.....	51
.3	„Vir besigheidsdoeleindes“.....	56
.4	„Economic Institution“.....	60
.4.1	Agentskap.....	60
.4.2	Firma.....	62
.4.2.1	Kaarlehto.....	63
.4.2.2	J.B. Savage.....	63
.4.2.3	Raphael Trifon.....	64
.4.2.4	Eugene Clark.....	64
.4.2.5	P. Helmberger en S. Hoos.....	66
.4.2.6	Georg Draheim.....	66
.4.3	Koöperasies as nie-ondernemings.....	67
.4.3.1	Emelianoff.....	67
.4.3.2	Frank Robotka.....	68
.4.3.3	Hans Ohm.....	70
.4.3.4	Reinholdt Henzler.....	72
.4.3.5	Hans-Jürgen Seraphim.....	73
.4.3.6	Richard Phillips.....	74

§4	<u>7 EIE BESKOUING OOR DIE AARD VAN</u> <u>KOOPERASIE</u>	77
.1	Inleiding.....	77
.2	Sintese.....	82
.2.1	„Vereniging van persone“.....	83
.2.2	„Ekonomiese eenhede“.....	84
.2.3	„Horisontaal kombineer“.....	85
.2.4	„Gesamentlike sake-inrigting“.....	86
.2.5	„Saam bestuur en geadministreer word“.....	88
.2.6	„Uitsluitlike voordeel van die ekonomiese eenhede“.....	88
.2.7	„Wat ook die enigste klante is“.....	89
HOOFSTUK VI	<u>EKONOMIESE VERHOUDINGE EN VERSKYNSELS</u> <u>BINNE DIE KOOPERASIE</u>	90
§1	<u>INLEIDING</u>	90
§2	<u>VERHOUDINGE EN VERSKYNSELS BINNE DIE</u> <u>KOOPERASIE</u>	92
.1	Die kapitaal van die koöperasie.....	92
.2	Die kosprysbeginsel.....	95
.3	Verdeling van die surplus.....	97
.4	Omsetdeedname en die eweredigheidsbegrip (proporsionaliteit).....	100
.4.1	Die betaling van surplusse aan lede.....	102
.4.2	Kapitaalbydrae.....	102
.4.3	Aanvaarding van risiko.....	104
.4.4	Rente op kapitaal.....	105
.4.5	Die uitoefening van kontrole (stemreg)....	109
.4.6	Verpligting van lede om klante van die koöperasie te wees.....	113
.5	Koöperasies met nie-klantelede.....	117
.6	Koöperasies met nie-lede klante.....	119
.7	Inkomstebelasting.....	121
.7.1	Dividend uit surplus.....	123
.7.1.1	Verbruikerskoöperasie.....	123
.7.1.2	Produksiekoöperasies, bv. landbou- koöperasies.....	124
.7.2	Rente op kapitaal.....	125
.7.2.1	Verbruikerskoöperasies.....	126
.7.2.2	Produksiekoöperasies.....	127

DANKBETUIGING

Dit is vir my n behoefte van die hart om langs hierdie weg my dank en erkentlikheid te betuig aan persone en instansies wat op direkte en indirekte wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie skripsie.

n Besondere woord van dank teenoor my leier, prof. dr. F.J.J. Coetzee. Ek het nie alleen uit sy rype ervaring, breë kennis en gebalanseerde kyk op sake geput nie, maar hy het n liefde vir die koöperasiewese in die algemeen en vir hierdie probleem in die besonder, by my ontwikkel.

My dank aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir hulle vriendelikheid, geduld en hulpvaardigheid; aan die bindery-afdeling vir die netjiese en stewige band.

n Besondere woord van dank aan mnr. M.J. Marais vir die taalkundige versorging van hierdie skripsie. Ek is deeglik bewus van die tydrovende opoffering.

My hartelike dank aan Hilda van der Westhuizen en Clanie Breytenbach wat baie moeite en opofferings moes maak om reg aan die tikwerk te laat geskied.

Laaste, maar nie die minste nie, my innige dank aan my vrou en kinders. Sonder hulle opofferende liefde, geduld en aanmoediging sou dit nie vir my moontlik gewees het om hierdie studie aan te pak en te voltooi nie.

Maar bowenal my dank aan God vir krag en genade van hom ontvang.
Aan Hom kom al die eer toe.

HOOFSTUK I

INLEIDING

§1 PROBLEEMSTELLING

Aan die woord „koöperasie" word in die omgangstaal verskillende betekenisse geheg. Dit suggereer gewoonlik dat daar een, of ander vorm van samewerking bestaan. Hierdie begrip is al gebruik om die verhouding tussen verskillende produksiefaktore aan te dui; om die verhouding tussen arbeid en bestuur te skets of om die markverhouding tussen produsent en konsument te omskryf. Deur sommige word „koöperasie" beskou as n antitese vir kompetisie; deur sommige as n etiese begrip en die verpersoonliking van Christelike beginsels; daar is selfs diegene wat dit as n substituuat vir kapitalisme en die winsmotief beskou, terwyl ander weer die begrip „koöperasie" gebruik om n bepaalde leefwyse te beskrywe of as n middel om die sosio-ekonomiese orde te verander.

Die uiteenlopendheid van die betekenisse wat aan hierdie begrip geheg word, dui op die noodsaaklikheid om n heldere en ondubbelsinnige omskrywing van hierdie vorm van samewerking te gee. In hierdie verband stel mnr. R. Pattee by die eerste vergadering van die „American Institute of Cooperation" in 1925 die volgende kernvraag: „I wanted to find out just what we have got to do to be entitled to be considered cooperative ..." en of ... „thought along this line has gone far enough to enable us to set up a definition that is fixed and standard and can be applied with exactness".⁽¹⁾

/By nadere.....

(1) R. Pattee, aangehaal uit Robotka, F. A theory of cooperation. Journal of farm economics, 29.100, 1947.

By nadere ontleding is dit duidelik dat Pattee rede tot`kommer het, want die koöperatiewe gedagte is in die verlede deur ekonome, sosioloë, teoloë en sosiale hervormers gepropageer, met die gevolg dat daar nie eenstemmigheid bestaan het oor die presiese aard daarvan nie. Hiermee het hy dan ook, veral in Amerika, die bal aan die rol gesit en baie ekonome het navorsing in hierdie rigting begin doen.

Om die uiteenlopendheid van die verskillende beskouinge en sodoende die omvang van die probleem duideliker na vore te bring, is dit miskien op hierdie vroeë stadium van pas om te wys op die vier rigtings waarin hierdie beskouinge uiteenval.⁽²⁾

§1.1 Algemene beskouinge

In hierdie verband word die begrip „koöperasie" gewoonlik vertolk as een of ander vorm van samewerking, in ooreenstemming met die definisie wat in woordeboeke aangegee word. So word die toestand waar arbeid en kapitaal saam funksioneer, of die outomatiese markstelsel in 'n ruilekonomie met die woord „koöperasie" aangedui. Ten opsigte van buitelandse handel word handelsooreenkomste tussen lande (bv. die Europese Gemeenskapsmark), met die woord „koöperasie" aangedui.

§1.2 Sosiologiese beskouing

Volgens C.C. Taylor⁽³⁾ kan die menslike gedrag deur die woorde „konflik", „kompetisie" en „koöperasie" beskryf word. Al drie hierdie gedragsvorme het een gemeenskaplike noemer, nl. dat die

/handelinge.....

(2) Robotka, F. Philosophy of cooperation. American cooperation, 1950. p. 154-61.

(3) Taylor, C.C. Objectives of farmer cooperatives: by a sociologist. American cooperation, 1941. p. 63-73.

handelinge van ander mense die individu tot n hoër vlak van aktiwiteit en entoesiasme kan voer. In „konflik” staan die motiewe en handelinge van mense teenoor mekaar; in „kompetisie” mag dit óf teenoorgesteld óf parallel wees, in „koöperasie” is dit parallel en gesamentlik. Vir die sosioloog is die belangrike vraag nou watter van hierdie gedragswyses die hoogste vorm van individuele- en groepprestasies teweegbring en watter vorm van handeling vir die mens die aanneemlikste is.

Volgens die skrywer van die artikel lê daar twee sosiologiese elemente in koöperasie opgesluit: (a) Die mens verkies persoonlike verhoudinge bo onpersoonlike verhoudinge in moderne besigheidsonderhandelinge. (b) Mense word deur n begeerte om saam te werk en in vrede te leef eerder as om te kompeteer, gemotiveer.

Die koöperatiewe besigheidsvorm het dus sy ontstaan aan hierdie twee sosiologiese elemente te danke en die aard van koöperasie moet dus hierin gesoek word.

§1.3 Godsdienstige en etiese beskouinge omtrent koöperasie

Daar is baie wat aanvoer dat koöperasie niks anders is as die Christelike godsdiens wat op besigheid van toepassing gemaak is nie. Dit is nie slegs n bepaalde leefwyse nie, maar n Christelike leefwyse. In hierdie opvatting lê die idee opgesluit dat hebsug, soos dit in die winsmotief weerspieël word, onchristelik is, maar dat koöperasie die verpersoonliking van onselfsugtigheid en naastediens is.⁽⁴⁾

/Daar is.....

(4) Sells, J.W. Spirit of cooperation. American cooperation, 1946. p. 64-7.

Daar is ook diegene wat aan die sake wat deur koöperasies verrig word n hoër etiese waarde toeken as aan sake wat deur ander ondernemingsvorme verrig word. Daar word dus deur hierdie persone aangevoer dat mense by koöperasies aansluit om altruïstiese, etiese en godsdienstige redes en dat die wese van koöperasie in hierdie verband opgesluit lê.

§1.4 Ekonomiese beskouing van koöperasies

Die suiwer ekonomiese siening van die aard van koöperasies gaan uit van die standpunt dat koöperasies ekonomiese instellings is wat slegs een doel voor oë het, nl. om die ekonomiese belange van sy lede te bevorder. Die koöperasie word nie beskou as doel op sigself nie, maar slegs as n middel tot n doel. „It is a tool like a hammer or atomic energy".⁽⁵⁾ Hiermee word nie gesuggereer dat ander wetenskappe, nl. die etiek, sosiologie en teologie geen belang by die koöperatiewe besigheidsvorm het nie; inteendeel verskaf dit n ryke bron van studiemateriaal vir navorsers van hierdie vakwetenskappe. Ten opsigte van die ekonomiese beskouing van koöperasies kan weer twee duidelike rigtinge onderskei word:

§1.4.1 Reformatoriese filosofieë

Aanhangers van die reformatoriese filosofie beskou koöperasies as n middel om die bestaande ekonomiese orde te verander: om deur n koöperatiewe revolusie rykdom en inkome te herdistribueer en om botsende belange tussen arbeid en industriële bestuur en tussen produsent en konsument uit te skakel of op te hef.

§1.4.2 Evolusionistiese filosofieë

/Hierdie.....

(5) Robotka, F. Philosophy of cooperation, op. cit., p. 156.

Hierdie groep beskou koöperasies as n bepaalde besigheidsvorm wat binne die huidige vrye, mededingende, winssoekende sisteem ontwikkel en groei. Dit is n soort besigheidsorganisasie waarby klein ekonomiese eenhede in staat gestel word om ekonomiese voordele te bekom d.m.v. groeoptrede, grootskaalse bedrywigheide, horisontale kombinasies en vertikale integrasie. In hierdie lig beskou, is koöperasie n soort funksionele ekonomiese aanpassing t.o.v. bepaalde ekonomiese omstandighede met die uitsluitlike doel om die individuele ekonomiese voordele van lede te maksimaliseer.

Deur die koöperasie bloot as n soort besigheidsvorm binne die bestaande ekonomiese orde te sien, word nog nie die teoretiese raamwerk vir die verklaring van verskynsels binne die koöperasie self verskaf nie, bv. die verhouding waarin voorregte en verpligtinge verdeel word, of die posisie van die kapitaal van n koöperasie. Veel meer as dit is nodig. n Koöperatiewe teorie moet daarin kan slaag om koöperasies te onderskei van ander besigheidsvorme op grond van sy samestelling en onderlinge verhouding van lede tot die koöperasie. In hierdie verband het uiteenlopende gedagterigtings in die jongste tyd die lig gesien. Daar is diegene wat die koöperasie as n onderneming,⁽⁶⁾ as n agentskap,⁽⁷⁾ n ekonomiese entiteit,⁽⁸⁾ n „common plant”,⁽⁹⁾ of as n „aggregate of economic units”⁽¹⁰⁾ sien,

/om dan.....

-
- (6) Helmberger, P. & Hoos, S. Cooperative enterprise and organization theory. Journal of farm economics, 44:275-90, 1962.
- (7) Kaarlehto, P. On the economic nature of cooperation. Stockholm, 1956. p. 31.
- (8) Robotka, F. A theory of cooperation, op. cit., p. 103.
- (9) Phillips, R. Economic nature of the cooperative association. Journal of farm economics, 35:75, 1953.
- (10) Emelianoff, I.V. Economic theory of cooperation. Economic structure of cooperative organizations. Washington D.C., 1948. p. 48.

om dan in die lig van hierdie beskouinge bepaalde verskynsels binne die koöperasie te verklaar.

§2 METODE EN OMVANG VAN HIERDIE STUDIE

Na bostaande opmerkinge oor die omvang van die probleem, is dit miskien gepas om hier op die noodsaaklikheid van 'n koöperatiewe teorie te wys, aangesien 'n noukeurige beskrywing van die aard van koöperasie op vele terreine waardevol mag wees. Nie alleen verskaf so 'n teorie die raamwerk vir verdere navorsing en verklarings van verskynsels binne die koöperasie nie, maar dien dit ook 'n nuttige doel op ander terreine en studierigtings. Vir die wetgewer, wat maar te geneig is om die koöperasie as 'n soort vennootskap te beskou, verskaf dit 'n basis vir die verklarings van sekere wetlike probleme i.v.m. koöperasies. Dit is noodsaaklik dat die statute waaronder koöperasies geregistreer en geadministreer word, wel deeglik rekening moet hou met die ekonomiese aard daarvan. Die belastinggaarder moet sy belastingpraktyke t.o.v. koöperasies toets aan so 'n teorie. Die sosioloog kan alleen die gedrag van lede van 'n koöperasie behoorlik bestudeer binne die raamwerk van so 'n ekonomiese teorie. In die onderwys van koöperasiewese kan die metodes wat in die algemene ekonomiese teorie toegepas word, op koöperasie toepasbaar gemaak word, slegs wanneer daar so 'n koöperatiewe teorie bestaan. In die laaste plek kan 'n ekonomiese teorie ook van waarde wees vir die bestuurder en direkteur van 'n koöperasie wat dikwels beslissings moet maak wat aan 'n bepaalde beginsel getoets moet word.

Aangesien hierdie studie die koöperasie as ekonomiese instelling as objek het, sal daar, veral in die laaste gedeelte, uitsluitlik aandag geskenk word aan die ekonomiese beskouing van koöperasies.

/Die sosio-.....

Die sosio-reformatoriese, juridiese en deskriptiewe benadering sal eerste die aandag geniet. Hierna sal op 'n omvattender wyse gepoog word om die bydraes van skrywers wat hulle met die teoretiese aspekte besig hou, te analiseer. In samehang met laasgenoemde sal gepoog word om 'n eie beskouing in hierdie verband te gee en dan volgens hierdie beskouing sekere verskynsels binne die koöperasie na te speur en te verklaar.

Hierdie teorie hou nie noodwendig rekening met die baie koöperatiewe vorme wat in die praktyk voorkom nie, nog minder is dit die doel om dit as 'n model te beskou waarin sekere voorskrifte aan koöperasies gegee word. „The task of scientific economic research, consequently, is not to state rules of behaviour ... its task being to lay the basis, to form a standard against which any behaviour can be evaluated".⁽¹¹⁾

(11) Kaarlehto, op. cit., p. 12.

HOOFSTUK II

DIE META-EKONOMIESE SIENING VAN DIE AARD VAN KOÖPERASIES

§1 INLEIDING

Koöperasies kan uit verskillende gesigspunte benader word. In hierdie verband is dit nodig om 'n duidelike verskil te trek tussen teorie en filosofie van die wese van koöperasies. Die groot verskil is geleë in die wyse waarop die onderwerp benader word „... whereas a theory usually is a statement in terms of the principles of a particular discipline, philosophical discussions may and do embrace several disciplines, such for example as ethics, sociology, economics, law, and perhaps others”.⁽¹⁾ Terwyl 'n teorie onderworpe is aan verifikasie deur toetsing met die hulp van deduktiewe en empiriese metodes, is 'n filosofie meer spekulatief en normatief van aard. Waar koöperasies dus beskou word as 'n middel om nie net ekonomiese doelstellings te bereik nie, maar waarby daar ook ander doelstellings inbegrepe is, word gepraat van meta-ekonomiese doelstellings. In hierdie verband merk Poisson⁽²⁾ op:

„Cooperation is proposed as a solution of the social problem ...”

Dit sê hy na aanleiding van sy siening van die onvermoë van die kapitalistiese stelsel om produktiwiteit te verhoog en produksie uit te brei. Sosiale stagnasie tree in na ekonomiese stagnasie en d.m.v. koöperasie kan ekonomiese vooruitgang verkry word wat weer

/op sy.....

(1) Robotka, F. Usefulness of cooperative theory. International conference on cooperative science. Erlangen, 1957. Göttingen, 1961. p. 117.

(2) Poisson, E. The cooperative republic. Manchester, 1925. p. 19.

op sy beurt sosiale vooruitgang ten gevolg het.⁽³⁾

Hierdie skrywers beoog dus, as onmiddellike doel, die verbetering van die ekonomiese posisie van die lede van 'n koöperasie, maar behalwe hierdie onmiddellike doel is daar ook die uiteindelike doel, nl. 'n sosiale hervorming. Hierdie groep wat meta-ekonomiese doelstellings nastreef, staan bekend as die sosio-reformatore. Hoewel gewoonlik slegs die name van Owen, Fourier, Buchez e.a. agtiende en negentiende eeuse skrywers in hierdie verband genoem word, is verteenwoordigers van hierdie gedagterigting vandag nog talryk. So word daar in 1958 deur 'n bekende sosioloog geskryf: „Through cooperation human beings and groups may move up from one level of social development to the next richer and more stimulating one ... Cooperation is a way of living; it is a philosophy of life; it is a set of processes and procedures of behaving; it is a set of principles and fundamentals for the guidance of both individuals and human society".⁽⁴⁾

§2 ENKELE GEDAGTES OOR 'n PAAR SOSIO-REFORMATORE

Die droom van 'n perfekte en gelukkige gemeenskap gaan sover terug as Plato, maar die eerste tekens van 'n selfonderhoudende gemeenskap word gevind in die Benediktynse gemeenskappe gedurende die Middeleeue. Hierdie vrcdeliewende, selfonderhoudende gemeenskappe was in 'n soort koöperatiewe vorm georganiseer.⁽⁵⁾ Voorafgegaan deur Plockboy, J. Bellers, J. Pestalozzi in die

/sewentiende.....

(3) Id., p. 9-13.

(4) Bogardus, E.S. Principles of cooperation. Wisconsin, 1958. p. 9.

(5) Digby, Margaret. The world cooperative movement. London, s.j. p. 12.

sewentende en agtiende eeue, het die hydraes van R. Owen, C. Fourier, Dr. King, Saint Simon en Buchez in die agtiende en negentiende eeue, veel tot die koöperatiewe gedagtegang bygedra.

§2.1 Robert Owen (1771-1858)

Owen se optrede moet beskou word as 'n reaksie teen die swak ekonomiese en sosiale toestande wat in Engeland geheers het tydens die Industriële Rewolusie en tydens die vorming van 'n kapitalistiese klas handelaars en produsente wat daarop uit was om hulle privaatbesit te akkumuleer ten koste van die werkersklas.⁽⁷⁾ Hoewel Owen hom aanvanklik as nyweraar vir beter woontoestande en maatskaplike sorg van sy werkers beywer het, lê sy vernaamste bydrae in sy eksperiment met sy sg. „Villages of Cooperation" waarmee hy armoede en werkloosheid wou bekamp deur aan arm mense die geleentheid te gee om die grond te bewerk. Elke gemeenskap moes hom op die produksie van iets anders toespits en ruilhandel moes tussen die gemeenskappe plaasvind. Die prys van goedere is gebaseer op die hoeveelheid arbeid wat daarin opgesluit is en hiermee het hy dus beoog om weg te doen met die winsmotief. Owen het geglo dat die sosiale omvorming d.m.v. hierdie gemeenskappe teweeggebring kan word en dat die kapitaliste dan uiteindelik vrywilliglik afstand van hulle dividend op kapitaal sal doen. Dit was slegs 'n droom, 'n hersenskim. Die mislukking van Owen se „Villages of Cooperation" kan dan ook in 'n hoër mate gewyt word aan die utopiese aard daarvan.

/Hoewel.....

-
- (6) Lambert, P. Studies in the social philosophy of cooperation. Manchester, 1963. p. 42.
- (7) Carr-Saunders, A.H. o.a. Consumers cooperation in Great Britain. London, 1942. p. 26.
asook
Cole, G.D.H. A century of cooperation. Manchester, 1944, p. 1-11.

Hoewel dit algemeen aanvaar word dat Owen die vader van die koöperatiewe gedagte is, beweer Emelianoff⁽⁸⁾ dat die fundamentele kommunistiese filosofie van Owen in direkte teenstelling staan met die ware koöperatiewe gedagte wat sy beslag gevind het binne die individualistiese ekonomiese orde. Owen het ook geen vertroue in die vermoë van die werkersklas gehad om hulle eie sake te behartig nie. Die demokratiese beginsel was nie in sy skemas toegepas nie en hy het op uiters outokratiese wyse in die eerste plek aan opvoeding en karaktervorming waardeur die gemeenskap dan later moet ontwikkel om selfversorgend te wees, aandag gegee.⁽⁹⁾

§2.2 Charles Fourier

Fourier bepleit 'n gemeenskap wat in falankse georganiseer is en wat veral toegespits moet wees op produksie, want hierin lê die sleutel tot die opheffing van armoede.⁽¹⁰⁾ Om sy planne te verwesenlik het hy gewag op die vrywillige bydrae van 'n vermoënde geldskietter wat later weer terugbetaal sou word. In hierdie falankse sal alles saamgedoen word; voedsel sal saam voorberei word en almal sal saam aansit om te eet. Hier sal gereeld verkiesings gehou word om leiers en aksiegroepe te kies. Hiermee vind ons dan die instelling van ten minste een koöperatiewe beginsel, nl. demokratiese beheer.⁽¹¹⁾ Fourier se idoes het nooit praktiese werklikheid geword nie en hy het nooit die voorreg gehad om hierdie droom van hom verwesenlik te sien nie.

/§2.3 Dr. William..

(8) Op. cit., p. 5.

(9) Carr-Saunders e.a., op. cit., p. 30.

(10) Lambert, op. cit., p. 44-45.

(11) Id., p. 45.

§2.3 Dr. William King van Brighton

Hoewel dr. King se koöperasies n groter mate van ooreenstemming toon met die „Rochdale Societies" en hy meer prakties van aard was as Owen, moet hy nogtans as een van die sosio-reformatore bestempel word, aangesien hy die koöperasie as n middel gesien het om die werkersklasse op te hef. Hy is dus eintlik die oorgangskakel tussen die suiwer sosio-reformatoriese en die latere praktiese skole.

Volgens King het die krag van die arbeider in die konsumpsie gelê en daarom het hy die oprigting van verbruikerskoöperasies bepleit: „The working classes have the strongest possible motives for opening shops for themselves. The sum of money which the working classes spend in the course of a year, is enormous. It amounts to many millions. The profit upon the sum, would of itself be sufficient to establish many factories. It is not the want of power, but the want of knowledge, which prevents their setting to work and making a beginning. ... Shopping for themselves, and working for themselves, will give them profits, and therefore capital, and therefore independence.”⁽¹²⁾

Die vernaamste bydrae van dr. King is dat hy algemeen erken word as die vader van die beginsel van vrye toe- en uittrede: „Cooperation is a voluntary act, and all the power in the world cannot make it compulsory; nor is it desirable that it should depend upon any power but its own.”⁽¹³⁾

/§2.4 Philippe....

(12) Mercer, T.W. Cooperation's prophet. The life and letters of dr. W. King of Brighton with a reprint of the Cooperator, 1828-1830. Manchester, 1947. (Aanghaal uit Lambert, op. cit., p. 48.)

(13) Lambert, op. cit., p. 47.

§2.4 Philippe Buchez

As n voorstander van n demokratiese republiek wou hy die staat in sy hervormingsplan betrek in dié sin dat staatsbanke opgerig moet word om werkersverenigings in hulle produksieproses van die nodige kapitaal te voorsien. Die winste wat vroeër na die sakke van die kapitalistiese ondernemer gegaan het, kan nou onder die werkers verdeel word nadat voorsiening vir reserwes gemaak is. (14)

§2.5 Louis Blanc (15)

As n voorstander van n volkome sosialistiese staat het hy n besondere plek aan die staat toegeken vir die deurvoering van sy reformatoriese plan. Volgens Blanc lê die oplossing in die oprigting van produksiekoöperasies waar die staat aanvanklik die fondse moet voorsien en die bestuur behartig. Namate die koöperasies meer selfonderhoudend word, word die lenings aan die staat terugbetaal en die bestuur kom in die hande van die lede. Blanc beoog egter nie dié soort selfonderhoudende falankse met sosiale en morele pretensies van Fourier nie, maar slegs n sosiale werkwinkel waar goedere wat in aanvraag is, geproduseer word.

Twee swakhede word egter in die plan van Louis Blanc opgemerk, nl. die miskenning van verbruikerskoöperasies en die politieke mag waarmee die reformasie moet plaasvind.

§2.6 Latere bydraes deur sosio-reformatore

Die latere groep skrywers, waaronder Gide, Oppenheimer

/en die.....

(14) Emelianoff, op. cit., p. 7.

(15) Lambert, op. cit., p. 57-58 en Emelianoff, op. cit., p. 8.

en die Webbs, benader die koöperatiewe besigheidsvorm vanuit verskillende oogpunte. So baseer Gide⁽¹⁶⁾ sy hervormingsplan op die begrip van „consumers supremacy“. Hierdie plan moet in drie stadia verloop. In die eerste plek moet die koöperatiewe ondernemings met mekaar ineenskakel en die grootste deel van hulle winste moet aangewend word vir die daarstelling van groothandelsake. Met winste wat so verkry is, word tot die nywerheid toegetree en in die laaste plek moet hulle die landbou verower. Op dié wyse sal alle vorme van wins uitgeskakel word, want sy „fair price“- beginsel behels dat alle dienste teen kosprys gelewer moet word.⁽¹⁷⁾

Waar Gide sy sosiale hervormingsplan d.m.v. verbruikerskoöperasies wil deurvoer, bied prof. Oppenheimer⁽¹⁸⁾ se program n sosio-ekonomiese transformasie aan d.m.v. produsentekoöperasies van landbouwerkers wat die mees onderdrukte groep in die hele sosiale orde is. Indien hulle posisie verbeter kan word, sal dit n ekonomiese transformasie van die hele gemeenskap ten gevolg hê.

Die Webbs benader hulle sosio-reformatoriese doelstelling van die kant van die verbruikers. Alle ander vorme van koöperasies word in hulle program uitgeskakel. In hierdie opsig verklaar hulle: „As this book is avowedly about the consumers' cooperative movement, the reader will not expect to find in it any account of other forms of combination, which have often been included in the term cooperation.⁽¹⁹⁾ Deur middel van verbruikerskoöperasies wil hulle die kapitalistiese ondernemer uitskakel, of soos hulle dit self stel:

/„We mean,.....

(16) Lambert, op. cit., p. 160.

(17) Id., p. 143.

(18) Emelianoff, op. cit., p. 10.

(19) Webb, Sidney & Beatrice. The consumers cooperative movement. London, 1921. p. 7.

„We mean, therefore, by cooperative movement, exclusively the associations of consumers for the purpose of superseding the capitalist profit-maker in the conduct of industries and services.“⁽²⁰⁾ By hulle gaan die studie van die koöperatiewe vereniging nie soseer om die ekonomiese aard daarvan te verklaar nie, maar om d.m.v. die koöperasie n sosiale plan te bereik. Alle ander vorme van koöperasies wat nie by hierdie plan inpas nie, word eenvoudig geëlimineer.

§2.7 Slotgedagtes

Die sosio-reformatore het min of geen bydrae gelewer tot n wetenskaplike verklaring van die aard van koöperasie nie. Hiermee word daar nie te kenne gegee dat die werke van Owen, Fourier, Blanc en ander niks bygedra het tot die uitbouing van die koöperatiewe gedagte nie. Inteendeel is dit n aanvaarde feit dat hulle propagandistiese geskrifte veel bygedra het tot die uitbouing en vestiging van koöperasies in baie lande. So kan baie van die sogenaamde beginsels wat vandag in baie koöperasies toegepas word, in die werke van hierdie skrywers gevind word. So word Owen en Fourier bv. beskou as die grondleggers van die volgende beginsels:⁽²¹⁾

1. Assosiasie.
2. Demokratiese beheer.
3. Vrywillige aard van koöperasie.
4. Diens i.p.v. wins as die doel van koöperasie.

Hoe stem die opvattinge van hierdie sosio-reformatore nou ooreen met die hedendaagse opvattinge oor koöperasies?

/ (a) Owen.....

(20) Id., p. 8.

(21) Lambert, op. cit., p. 51.

(a) Owen was n voorstander van die selfversorgende gemeenskap wat alle benodigde goedere self moes produseer, met die uitsluitlike doel om die gemeenskap te omvorm. Die moderne opvatting van koöperasies is dat dit deur lede in die lewe geroep word, slegs met die doel om in een of ander gespesialiseerde ekonomiese behoefte te voorsien.

(b) Die meeste van hierdie sosio-reformatore was eensydig in hulle opvattinge oor koöperasies en het summier daardie vorme wat nie by hulle reformatoriese plan ingepas het nie, uitgesluit.

(c) Sommige, w.o. Louis Blanc, wou aan die staat n ekonomiese funksie toeken wat in stryd is met die demokratiese-kapitalistiese stelsel van privaatbesit.

(d) In baie van hierdie skrywers se planne word staatgemaak op finansiële steun van buite; Owen en Fourier se skemas was afhanklik van bydraes deur filantropie, Blanc en Buchez het weer staatgemaak op staatshulp. Vandag besef koöperasies dat hulle in die eerste plek in hulle eie kapitaalbehoeftes moet voorsien.

(e) Baie van hulle, o.a. Blanc, het ontken dat daar enige voordeel uit kompetisie te verkry is. Die rede hiervoor is dat hulle nie die koöperasie gesien het as n spesiale besigheidsvorm binne die kapitalistiese orde nie, want hulle wou die hele ekonomiese stelsel koöperatiseer om alle vorme van kompetisie uit te skakel. (vgl. Gide). Vandag word algemeen aanvaar dat kompetisie n stabiliserende en verlagende uitwerking op pryse van goedere en dienste het.

(f) Kollektivisme, d.w.s. gemeenskaplike besit, was die hoofkenmerk van Owen en Fourier se skemas. Die individu word geheel en al opgeneem binne die koöperatiewe verband. Vandag word privaat-

/besit.....

besit en eiendomsreg van bedrywe of huishoudings wat in koöperatiewe verband saamgesnoer is, erken. Die koöperasies van Owen en Fourier was dus eintlik 'n bepaalde leefwyse.

(g) Die voordele wat uit die gemeenskappe van Owen verkry is, is weer in kollektiewe verband aangewend - dit het nie persoonlik teruggevoel na die lid wat verantwoordelik was vir die ontstaan van die voordeel om sodoende sy privaatbesit te verhoog nie. Vandag geskied die verdeling van die voordele (die sg. surplusse) in verhouding tot die sake wat lede met hulle koöperasies gedoen het en die boedel van die individuele lid word met die bedrag van die voordeel vergroot.

(h) Louis Blanc was die mening toegedaan dat dat die organisasie en bestuur van nuutgestigte koöperasies van die kant van die staat moes kom. Owen het weer 'n filantropiese administrasie van bo na onder beoog, omdat hy getwyfel het aan die vermoë van die werkersklas om hulle eie sake te beheer. Vandag word koöperasies gestig a.g.v. 'n ekonomiese behoefte, en die persone wat die gemeenskaplike behoefte het, stig en beheer self hulle eie onderneming op demokratiese grondslag.

(i) Hoewel die sosiale, etiese en godsdienstige waarde van koöperasies vandag erken word, word dit nie gesien as middel tot sosiale hervorming nie, maar eerder as 'n besondere besigheidsvorm binne die kapitalistiese stelsel wat ten doel het om die ekonomiese belange van sy lede te bevorder en nie soos Poisson dit stel nie: „It practises the ethics of solidarity, and brings to the front once more the national ethics of antiquity, the pursuit of happiness and the love of life, because its basis is the satisfaction of wants.”⁽²²⁾

(22) Poisson, op. cit., p. 222-223.

HOOFSTUK IIIDIE JURIDIESE BENADERING§1 INLEIDING

Koöperatiewe wetgewing het in die meeste lande aanvanklik uitgebly, met die gevolg dat die meeste koöperasies wat in die middel van die negentiende eeu opgerig is, geregistreer en geadministreer is onder die Wet op Maatskappye, die Wet op Verenigings of die Wet op Vennootskappe. In die meeste lande het wetgewers nie 'n duidelike besef gehad van die presiese aard van koöperasies nie. Vandaar die verwarring. Gaandeweg is die andersoortigheid van die koöperatiewe vorm aangevoel en is daar gepoog om deur middel van wetgewing die posisie van die koöperasie juridies te bepaal. Om daartoe in staat te wees, is dit vir die wetgewer noodsaaklik om eers deeglik te besin oor die presiese aard van koöperasie. „Waar de wetgever zich dus heeft aan te passen aan de behoeften, die in de practijk blijken te bestaan en slechts ervoor heeft zorg te dragen, dat bij het samenstellen der rechtsregels, die bepaalde reeds gegroeide verhoudingen zullen beheerschen, het rechtsgevoel niet worde gekwetst, daar is ook voor hem inzicht in de economische structuur der betreffende verhoudingen een vereischte.”⁽¹⁾ Dit is dus duidelik dat die wetgewer 'n dubbele taak het, nl. dat hy in die eerste plek rekening moet hou met die algemene praktyk van wetgewing, ooreenkomstig die bepaalde regstelsel wat in die land in swang is. In die tweede plek moet hy hierdie regsbeginsele toepaslik kan maak op koöperasies, ooreenkomstig die ekonomiese aard daarvan. In

/baie gevalle.....

(1) Kuperus, R. De coöperatieve vereeniging. Amsterdam, 1926. p. 21-22.

baie gevalle het die wetgewer in die verlede slegs die eerste vereiste nagekom, met die gevolg dat baie verwarring ontstaan het oor die posisie van die koöperasie vanuit 'n juridiese en ekonomiese oogpunt beskou.

Op die gebied van koöperatiewe wetgewing het Engeland die voor-
 tou geneem met sy „British Industrial and Provident Societies Act”.⁽²⁾
 Hierdie wet het as model gedien vir die koöperatiewe wetgewing in
 baie ander lande, met wysigings om by elke land se bepaalde omstan-
 dighede en behoeftes aan te pas.

Wetgewing i.v.m. koöperasies handel gewoonlik oor drie aspek-
 te.⁽³⁾

Ten eerste moet die aard van die koöperasie omskrywe word.
 Hierdie deel van die wet behels gewoonlik 'n definisie van koöperasie
 en beperkings op die gebruik van die naam „koöperasie”. Om die
 praktiese toepassing van die wet te vergemaklik, is dit die gebruik
 om modelregulasies, waaraan voornemende koöperasies moet voldoen,
 by te voeg. Hierdie modelregulasies handel gewoonlik oor organisa-
 toriese en funksionele aspekte, bv. lidmaatskapkwalifikasies, kapi-
 taalbydraes, surplusverdeling, stemreg, bywoning van vergaderings,
 besigheid met lede, verpligte lewering deur lede, kennisgewings,
 ens.

Ten tweede moet die regspersoonlikheid van die koöperasie
 bepaal word. In hierdie verband moet die funksies bepaal word, daar
 moet aangedui word hoe fondse verkry sal word, of lede se aanspreek-
 likheid beperk of onbeperk is, hoe kontrole sal plaasvind, watter
 rekords gehou moet word en hoe oprigting en ontbinding sal geskied.

/Indien.....

(2) Digby, op. cit., p. 146.

(3) Id., p. 146-147.

Indien die koöperatiewe vereniging noodsaaklik vir die bevordering van die ekonomie van die land geag word, word daar in die derde plek gewoonlik vir sekere juridiese, fiskale en finansiële voordele voorsiening gemaak. Hierby inbegrepe is spesiale reëlings t.o.v. die toestaan van krediet en lenings deur die owerheid, be-markingskonsessies en inkomstebelastingkortings.

Uit bostaande is dit duidelik dat wetgowing i.v.m. koöperasies van land tot land sal verskil en dat dit weinig waarde vir die navorser inhou om die aard van koöperasies uit wetgewing van verskillende lande te bepaal.

Bo en behalwe die wetgowing wat in verskillende lande t.o.v. koöperasies bestaan, is daar ook die vereistes wat deur die I.C.A. (Internasionale Koöperatiewe Assosiasie) gestel word as voorwaarde vir internasionale lidmaatskap.⁽⁴⁾

Hierdie voorwaarde is niks anders as 'n juridiese bepaling nie, maar een wat op ekonomiese gronde aanvegbaar is. Soos in 'n latere hoofstuk uiteengesit sal word, is die woord „enterprise" nie aanvaarbaar nie, en verder kan die meeste van die Rochdalebeginsels nie op ekonomiese gronde verdedig word nie.

§2 ENKELE JURIDIESE BYDRAES

Sedert die eerste wetgowing i.v.m. koöperasies aangeneem

/is, het.....

-
- (4) „Any association of persons, irrespective of its legal constitution, shall be recognised as a Cooperative Society, provided that it has for its object the economic and social betterment of its members, by means of the exploitation of an enterprise, based on mutual aid, and that it conforms the Principles of Rochdale ...” Bonow, M. Cooperation in a changing world. A survey of objectives and methods with special reference to the western cooperative movements. Stockport, 1960. p. 3.

is, het heelwat skrywers gepoog om koöperasie in sy juridiese verband te omskrywe. So noem Kaarlehto⁽⁵⁾ veral die name van Staudinger, Kaufmann en Jacob as skrywers wat in die besonder die klem op koöperatiewe wetgewing laat val het. Hulle studies bestaan uit n definisie van koöperasies, gevolg deur kommentaar oor koöperatiewe wetgewing.

Kuperus,⁽⁶⁾ wie se studie in 1926 verskyn het, hou hom veral besig met die Koöperatiewe Wet soos dit in 1925 in die Nederlande die lig gesien het. In die eerste plek probeer Kuperus om die ekonomiese posisie van koöperasies te bepaal en formuleer hy dit soos volg: „Het typisch economisch kenmerk van de coöperatie zien wij derhalve daarin, dat zij een uitbouw beteekent van de economische werkzaamheid van in gelijke positie verkeerende economische subjecten, in dier voege, dat deze organisch economische functies aan zich trekken, waarvan de verrichting door de overeenkomst der coöperatoren mogelijk wordt gemaakt.”⁽⁷⁾

Die persoonlike element word in hierdie definisie van Kuperus sterk na vore gebring deur die woorde „economische subjecten”. Hiermee verskil hy dan ook van die latere skrywers oor die aangeleentheid, wat liefs gebruik maak van die begrip „ekonomiese eenhede”,⁽⁸⁾ waarmee sowel verbruikers as firmas aangedui word. Kuperus is op die regte spoor in soverre hy die koöperasie as n verlengstuk van
/die ekonomiese...

(5) Op. cit., p. 7.

(6) Op. cit.,

(7) Id., p. 8.

(8) Vgl. in hierdie verband die beskouinge van Ohm, Robotka, Emelianoff en ander.

die ekonomiese bedrywighede van sy lede sien. Ongelukkig het hy hierdie begrip nie verder uitgewerk nie om sodoende tot 'n ekonomiese verklaring te kom vir die ander verskynsels binne die koöperasie, nl. kapitaalbydrae, stemreg, verdeling van surplusse, ens. Die verdere deel van sy studie wy hy aan die wetlike posisie van koöperasies m.b.t. die oprigting, lidmaatskap, wetlike vergaderinge en beskerming aan derdepartye.

Kaufmann, wat ook die aard van koöperasie juridies benader, gee die volgende definisie: „The cooperative society is an association of a variable number of individuals, or of individuals' associations who, united of their own free will on the basis of equality of rights and responsibilities, transfer some of their economic functions to a common enterprise in order to gain an economic profit.”⁽⁹⁾

Ten opsigte van hierdie definisie is daar die volgende wat verdere aandag vereis, nl.

1. Wat is die ekonomiese betekenis van „equality of rights and responsibilities”? Juridies mag dit betekenis hê, maar uit 'n ekonomiese oogpunt beskou, vereis dit verdere kwalifikasie.
2. Die term „united of their own free will” sluit dus koöperasies wat deur wetgewing tot stand gebring is, heeltemal uit. Om hierdie rede sou baie verenigings dus nie as koöperasies kan kwalifiseer nie, nieteenstaande die feit dat hulle in alle ander opsigte aan die vereistes wat daar vir 'n koöperasie gestel word, voldoen.

/3. Die begrippe...

(9) Kaufmann, H. Die Stellungnahme der Sozialdemokratie zur Konsumgenossenschaftsbewegung. Hamburg 1911. (Aangehaal uit Lambert, op. cit., p. 109.)

3. Die begrippe „common enterprise" en „economic profit" is hoeltemal in stryd met die koöperatiewe gedagte en maak die deur oop vir die insluiting van kartelle. In n latere hoofstuk sal breedvoeriger oor hierdie aspek besin word.

Uit wat in bostaande gesê is, is dit duidelik dat die juridiese benadering slegs waarde het indien dit die ekonomiese aard van koöperasies in ag neem. Om bloot die wetlike posisie van die koöperasie te ondersoek en dan op grond van uiterlike kenmerke n definisie te gee, het weinig waarde om tot n beter begrip van die ekonomiese aard van koöperasie te kom. Die teenoorgestelde skyn die ware prosedure te wees, nl. deur eers die ekonomiese aard van koöperasie te bepaal en dan wetgewing hierby aan te pas.

are replaced by the diametrically opposite traits."⁽¹⁾

§2 DIE „BEGINSELS VAN KOÖPERASIE"

Hierdie beginsels is oorspronklik geformuleer vir die nuutgeorganiseerde onderneming te Rochdale. Aanvanklik was daar sewe,⁽²⁾ maar sedertdien is sommige van hierdie beginsels weggelaat en ander weer bygevoeg. In 1930 het die I.C.A. die volgende sewe beginsels aanvaar: (i) ope lidmaatskap, (ii) demokratiese beheer, (iii) dividendverdeling volgens omsat van lede, (iv) beperkte rente op kapitaal, (v) politieke- en godsdiensvryheid, (vi) kontanthandel en (vii) opvoeding.⁽³⁾

Die vraag is hoe belangrik hierdie beginsels is en hoe dit daarin slaag om n koöperasie te tipeer. Dié vraag sal mettertyd beantwoord word wanneer daar op die ekonomiese waarde daarvan getoet word. Intussen is dit miskien nodig om daarop te wys hoe belangrik sommige skrywers hierdie beginsels ag. So noem Valko⁽⁴⁾ die volgende beginsels nl. ope lidmaatskap, demokratiese beheer, distribusie van die surplusse in verhouding tot klandisie van lede en beperkte rente op kapitaal as die vier hoekstene waarop koöperasie rus. GEDURENDE DIE INTERNASIONALE KONFERENSIE OOR DIE KOÖPERATIEWE WETEN-
/skap te.....

(1) Op. cit., p. 13.

(2) Bogardus, op. cit., p. 19, noem die volgende as die oorspronklike beginsels: (i) Ope lidmaatskap, (ii) demokratiese beheer, (iii) betaling van dividend volgens omsat, (iv) beperkte rente op kapitaal, (v) gereelde ouditering en bespreking, (vi) kontanthandel, (vii) gereelde byeenkomste.

(3) Alanne, V.S. Fundamentals of consumer cooperation. Wisconsin, 1948. p. 25.

(4) Valko, L. Recent developments in international cooperative science. American cooperation, 1960. p. 676.

skap te Erlangen in 1957, word die volgende antwoord gegee op lesings wat deur proff. Seraphim en Robotka oor die aard van koöperasie gelewer is: „... I am unable to imagine a Cooperative society not built on the basic principles of Rochdale: the principle of democracy and the principle of reimbursement ...“(5)

Die volgende aanhaling illustreer hoe heilig hierdie beginsels soms geag word: „An imaginary 'Temple of Cooperation' may be built by using the Rochdale principles as building stones. In such a temple the principles of liberty and unity would serve well as foundation stones. The supporting pillars of the structure could be made up by the principles of democracy, economy, equity and publicity. The top of the temple, its superstructure would then be made up by the principle of universality.“(6)

Dit is nie die doel van hierdie studie om op die wenslikheid van die implementering van hierdie beginsels in te gaan nie. Ons wil slegs poog om die ekonomiese waarde daarvan te bepaal vir sover dit gebruik kan word om 'n helderder begrip van die aard van koöperasies te gee.

§2.1 Die beginsel dat goedere teen heersende kleinhandelspryse verkoop moet word

Hoewel hierdie beginsel 'n latere byvoeging tot die oorspronklike Rochdalebeginsels is, was dit by die „Pioneers“ gebruiklik om teen heersende kleinhandelspryse te verkoop. Om die volgende twee redes moet dit as 'n goeie praktiese reëling vir daardie tydperk gesien word:

/(i) Die.....

(5) Lambert, P. Discussion of the reports of professor H.J. Seraphim and professor F. Robotka. International conference on cooperative science, Erlangen 1957. Göttingen, 1961. p. 136.

(6) Alanne, op. cit., p. 26.

(i) Die omvang van hulle handel in verhouding met die res was só gering dat hulle geen eie prysbeleid kon volg nie. (ii) Dit sou uiters gewaagd gewees het om teen laer as heersende pryse te verkoop, aangesien hierdie beleid ongewenste lede sou lok.

Dit is duidelik dat hierdie beginsel nie n koöperasie kan tipeer of dat dit deur alle koöperasies nagevolg sal word nie. Daar is n paar voorwaardes verbonde aan die implementering van hierdie beginsel, nl. (i) heersende pryse moet hoog genoeg wees om die lopende onkoste van die koöperasie te dek, en (ii) indien daar n oorskot bo lopende koste bestaan, moet hierdie oorskot aan lede uitbetaal word in verhouding tot hulle omset met die koöperasie. Indien aan genoemde twee voorwaardes voldoen word, kan daar eintlik nie so iets as n prysbeleid wees nie. Watter prysbeleid dan ook al gevolg word, dit kan altyd terug herlei word na kosprys - d.w.s. dié prys wat die lid uiteindelik (na ontvangs van surplusse) vir die goedere of dienste van die koöperasie betaal.

n Ander aspek waarmee ook wel deeglik rekening gehou moet word, is die belastingsbeleid van die staat. Indien dit beleid is dat alle surplusse aan inkomstebelasting onderhowig is, sal dit vir lede voordeliger wees indien hul koöperasie probeer om verkoopspryse so na as moontlik aan kospryse te hou. Die verskil moet net groot genoeg wees om lopende onkoste en waardevermindering te dek, en, indien nodig, die nodige reserwes op te bou.

Uit die bespreking hierbo is dit dus duidelik dat hierdie sogenaamde beginsel slegs n praktiese reëling is en dat dit van koöperasie tot koöperasie kan verskil.

§2.2 Die beginsel dat besigheid van die koöperasie op kontant-basis moet geskied

/Die jare.....

Die jare wat 1844, die stigtingsjaar van die „Society of Equitable Pioneers“, voorafgegaan het, staan bekend as die „hungry forties“ en is gekenmerk deur die uiterste nood en ellende waarin die arbeidersklasse verkeer het.⁽⁷⁾ Baie van hierdie arbeiders was dan ook onderhewig aan uitbuiting a.g.v. kredietverskaffing deur gewetenlose ondernemers wat op woekerwins ingestel was.⁽⁸⁾ Geen wonder dat die „Pioneers“ baie sterk gevoel het oor die toestaan van krediet nie en dat hulle die reël van kontantbesigheid ingevoer het.⁽⁹⁾ Baie van die koöperasies voor 1844 het dan ook ten gronde gegaan a.g.v. gebrek aan kapitaal en ook as gevolg van die feit dat hulle vir kredietverskaffing oorgelaat was aan die genade van kapitalistiese leweransiers wat hierdie swak posisie waarin hulle verkeer het, tot hulle eie voordeel uitgebuit het.

Namate die posisie van die koöperasies verbeter het, is hierdie reël nie meer so streng toegepas nie en ook deur sommige koöperasies laat vaar, bv. deur landboukoöperasies in S.A. wat die gebruik van die kredietfasiliteite van die Landbank het.

Dit volg dus vanselfsprekend dat hierdie beginsel laat vaar kan word as 'n maatstaf om die aard van koöperasie te bepaal. In die eerste plek word hierdie beginsel nie deur alle koöperasies meer toegepas nie en in die tweede plek maak gewone winsbeogende ondernemings ook van hierdie beginsel gebruik, bv. die sogenaamde „Kontantbasaars“.

/§2.3 Die.....

(7) Cole, op. cit., p. 1-11.

(8) Lambert, Studies in the social philosophy of cooperation. op. cit., p. 85.

(9) Id., p. 85. Reël 21 het bepaal dat lode wat hulle aan krediet-transaksies skuldig gemaak het, geskors kon word.

§2.3 Die beginsel dat slegs n beperkte aantal aandele deur lede gehou mag word

Die oorspronklike doel van die „Pioneers" was om hulle koöperasie te suiwer van kapitalistiese elemente. Hulle wou d.m.v. hierdie beginsel voorkom dat vreemde elemente groot hoeveelhede kapitaal in die koöperasie belê ten einde n „wins" op hulle kapitaal in die vorm van rente te ontvang. Hierdie beginsel is nie ekonomies verdedigbaar nie, aangesien alle lede nie in dieselfde omvang gebruik maak van die dienste van die koöperasie nie. Indien daar n beperking bestaan op die hoeveelheid aandele wat deur lede gehou mag word, en indien die aard van die aandelekapitaal van die koöperasie reg begryp word, nl. as n vooruitbetaling deur lede om hulle eie transaksies deur die bemiddeling van koöperasies te finansier, dan volg dit noodwendig dat lede wat min besigheid met die koöperasie doen, die transaksies van lede wat n groot besigheidssomvang het, finansier. Die groot rede vir die invoering van hierdie beginsel skyn te wees om seker te maak dat die lede van die koöperasie min of meer homogeen sal wees.⁽¹⁰⁾ Hierdie beginsel is nie fundamenteel aan n koöperasie en dit kan dus nie gebruik word om n koöperasie te tipiseer nie, omdat:

- (i) Alle koöperasies nie aandelekapitaal hou nie, bv. die sg. „Non-stock, non-profit associations".
- (ii) Die beginsel is nie ekonomies verdedigbaar nie.
- (iii) Gewone winsbeogende maatskappye kan presies dieselfde beginsel toepas.

§2.4 Die beginsel van n beperkte rente op kapitaal

/Volgens.....

(10) „... to safeguard the economic homogeneity of the aggregate membership - an essential prerequisite of its vitality and stability." Emelianoff, op. cit., p. 183.

Volgens Bogardus is die betaling van 'n beperkte rente op kapitaal gebaseer op die billikheidsbeginsel. Hy sê: „Equity is to be distinguished from equality, for the latter would treat all persons alike, whereas the former takes human differences into account ... Cooperatives practise an equal right of members to participate in the organization, and an equitable sharing in the benefits accruing.”⁽¹¹⁾ Die betaling van rente op kapitaal spruit dan ook, volgens hierdie skrywer uit die billikheidsbeginsel en word die rente beskou as 'n vergoeding vir die spaar van 'n gedeelte van 'n persoon se verdienste „against a rainy day or to meet special needs that may arise.”⁽¹²⁾ Die billikheid moet gesien word in die feit dat hierdie „Pioneers” feitlik almal laagbesoldigdes was wat dit bra moeilik gevind het om 'n gedeelte van hulle spare vir die doel van die koöperasie te kon afstaan. Hierdie opvatting is heeltemal in stryd met die nuutste opvatting van die betaling van rente wat die saak sowel van die vraag- as aanbodkant benader.

Volgens Lambert⁽¹³⁾ word rente op kapitaal nie betaal op grond van die billikheidsbeginsel nie, maar omdat dit 'n noodsaaklikheid is. Die betaling spruit voort uit die feit dat 'n koöperasie binne die kapitalistiese stelsel funksioneer en dat dit gebruiklik is om rente op lenings te betaal. Hieruit blyk dit duidelik dat Lambert die kapitaalbydrae deur lede en die rol wat kapitaal binne die koöperasie speel, nie reg begryp nie. In hierdie verband stel hy dus die kapitaalbydrae deur 'n lid van die koöperasie op gelyke voet

/met die.....

(11) Bogardus, op. cit., p. 38.

(12) Id., p. 41.

(13) Lambert. Studies in the social philosophy of cooperation, op. cit., p. 77.

met die aandelekapitaal van n maatskappy - dus n finansiële bydrae in afwagting op n vergoeding.

Indien kapitaalbydraes deur lede gesien word as n vooruitbetaling om voorgenome dienste of besigheid van die lid te finansier, dan kry die betaling van rente n heeltemal ander kleur. Indien hierdie vooruitbetaling deur lede in presies dieselfde verhouding is as die omvang van die besigheid wat hulle met die koöperasie doen, dan is die betaling van rente op kapitaal nie nodig nie. „Sodra hierdie verhouding nie gehandhaaf kan word nie, word die betaling van rente op kapitaal heeltemal geregverdig, omdat daardeur die dra van finansieringskoste weer billik versprei word”,⁽¹⁴⁾ m.a.w. die betaling van rente op kapitaal moet as n suiwer koste-item wat onderling deur lede aan mekaar betaal word, beskou word. Die lid wat te min kapitaal bygedra het, in verhouding met die besigheid wat hy gedoen het, aanvaar dus n kleiner „surplus” by die verdeling daarvan deur die betaling van rente aan die lid wat in verhouding met die besigheid wat hy gedoen het, n groter kapitaalbydrae gemaak het. Gide is dus verkeerd wanneer hy beweer: „... as it goes without saying that as capital is of great service to the society, it is fair that this service should be paid for”,⁽¹⁵⁾ want dit is nie die koöperasie wat die gebruik van die kapitaal het nie, maar die individuele lid wat deur die koöperasie sy eie fondse aanwend om ekonomiese voordele te verkry. Indien hy dus rente op kapitaal verlang, kom dit dus eintlik daarop neer dat hy dit aan homself betaal, en daarom moet ons saamstem met Coetzee dat die betaling van rente slegs geregverdig /is wanneer.....

(14) Coetzee, F.J.J. Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na finansiering. Leiden, 1957. p. 95.

(15) Gide, Chas. (Aangehaal uit Alanne, op. cit., p. 30).

is wanneer daar n wanverhouding bestaan tussen kapitaalbydrae en sake wat met die koöperasie gedoen word. Hierdie beginsel kan dus nie as n maatstaf gebruik word om die aard van koöperasie te bepaal nie, maar is slegs n organisatoriese aangeleentheid en kan van koöperasie tot koöperasie verskil. (In hoofstuk VI word daar weer na hierdie beginsel teruggekom waar die bydraes van Emelianoff, Robotka en ander bespreek sal word.)

§2.5 Die beginsel van betaling van dividend uit oorskot volgens omvang van besigheid met die koöperasie gedoen

Die gebruik om aan lede die sg. „patronage refunds" te betaal op die basis van die omvang van die besigheid wat lede met hulle koöperasies gehad het, was tot n hoë mate verantwoordelik vir die sukses wat die „Rochdale Society" in sy vroeë bestaansjare gehad het. Vir die lede was dit n groot aanmoediging om hulle inkoop by die „Society" te doen, want dit het aan hulle daardie ekstra koopkrag besorg. Op hierdie stadium sal daar nie ingegaan word op die aard van hierdie surplusse en hoe dit ontstaan nie, maar slegs of die betaling daarvan tipies is van n koöperasie, m.a.w. of hierdie gebruik die koöperasie van ander ondernemingsvorme onderskei. (Sien ook hoofstuk VI).

Volgens die sosio-reformatore moet die betaling van die dividend beoordeel word in die lig van die doel wat daarmee beoog word. Die doel van die betaling van die dividend bepaal die aard daarvan as n tipiese koöperatiewe beginsel, nl. (i) die herverdeling van rykdom tot die voordeel van daardie seksies van die bevolking wat beperkte inkomme het, (ii) dit is n instrument waarmee die strewe na wins ingeperk kan word, omdat die betaling nie n vergoeding op kapitaal is nie. Dit ... „takes the consumer cooperatives out of the

/class.....

class of profit business and puts them in the class of business for humanitarian services".⁽¹⁶⁾ (iii) Reserwes kan hieruit opgebou word om die koöperasie finansieel te sterk en meer doeltreffend te maak. Hierdeur kan 'n kompeterende prysbeleid wat tot ander sekties van die samelewing kan deurwerk, tot die voordeel van die hele gemeenskap, gevolg word.

Hierdie opvatting het geen ekonomiese waarde nie en hiermee word slegs aangedui dat die aard van surplusse of oorskotte nie reg begryp word nie. Die ekonomiese verklaring vir surplusse is tog dat dit sy ontstaan te danke het aan die verskil tussen die prysreëling van die koöperasie met sy lede en die werklike kosprys. Die betaling van die surplus dra dus eintlik 'n verpligte karakter, aangesien lede se besigheid met die koöperasie teen kosprys geskied. Aangesien die grootte van die surplus dus afhanklik is van die grootte van die besigheid van lede met die koöperasie, is die betaling daarvan in verhouding tot die omset wat elke lid met die koöperasie gehad het, eweneens noodsaaklik.

Maar dat hierdie beginsel 'n koöperasie van 'n ander onderneming onderskei, kan nie aanvaar word nie, veral nie as daar op die volgende ag geslaan word nie: (i) Geen surplusse word deur koöperasies aan lede uitbetaal indien dit die gebruik is om dit as reserwes aan te wend nie. In die praktyk is daar baie koöperasies wat glad nie surplusse aan sy lede uitbetaal nie, maar dit aanwend om die eie posisie te versterk en te konsolideer. Indien dit die geval is, dan steek daar geen waarheid in die volgende argument nie: „No one gains at the expense of others and if efficient methods of
/business.....

(16) Alanne, op. cit., p. 31.

business are used, no one loses. ... the equity principle reduces the distance between rich and poor ... It helps to raise the standard of living of people who are subject to substandard of living." (17)

(ii) Waar dit die belastingsbeleid in 'n land is om alle vorme van surplusse te belas, kan die koöperasie 'n prysbeleid volg wat geen surplusse ten gevolge het nie.

(iii) Surplusse kan ook deur koöperasies aangewend word vir sosiale doeleindes, bv. opvoeding, weeshuise, oue-tehuise en hospitale, sonder om gevaar te loop om die status van 'n „ware koöperasie" te verloor.

(iv) Baie winsbeogende ondernemings pas dieselfde beginsel in hulle besighede toe om klandisie te trek en om 'n groter omset te verseker. Hoewel die aard van die dividend in die geval van hierdie ondernemings van die surplus van 'n koöperasie verskil, is die metode van betaling presies dieselfde.

(v) Daar is koöperasies wat sake met nie-lede doen om sodoende hierdie fonds te akkumuleer. Die dividend word egter slegs aan lede uitbetaal. Op grond van dié beginsel alleen handel die koöperasie dus koöperatief, maar by nadere ontleding sal gevind word dat hierdie dividend omtrentlik 'n „wins" is en dat sulke koöperasies in wese omtrentlik nie meer koöperasies is nie, maar winsbeogende ondernemings. Nogtans sou daar, gemeet aan die beginsel alleen, rede bestaan om die onderneming as 'n koöperasie te tipeer.

§2.6 Die beginsel van „een man, een stem"

Die meeste skrywers oor koöperasies beskou hierdie beginsel as universeel. „All cooperative associations, whether they sell
/goods.....

goods on a cash basis, at market price or otherwise, whether they distribute 'profits' among their membership, or are 'non-profit' organizations; whether they adopt patronage dividends or can not observe the principle because of the peculiar character of their work, they all are obliged to follow religiously this supreme dogma of truly cooperative behaviour."⁽¹⁸⁾

Uit hierdie aanhaling is dit baie duidelik hoe belangrik hierdie beginsel van koöperasies geag word. Poisson⁽¹⁹⁾ beweer dat koöperasies wat van hierdie beginsel afgewyk het, óf opgehou het om te bestaan, óf verander het na gewone winsbeogende ondernemings. n Afwyking van hierdie beginsel word geag heeltemal in stryd te wees met die aard van koöperasies. Die gebruik van sekere vrugte-~~kwake~~ koöperasies in Kalifornië om stemreg te verdeel in verhouding tot die aantal bome wat gekweek word, is in sterk taal tydens die eerste sessie van die American Institute of Cooperation in 1925 afgekeur.⁽²⁰⁾

Heeltemal uit n ander oogpunt benader, is die bydrae van Lambert⁽²¹⁾ in hierdie opsig, wat n verskil maak tussen die „users" en „members" van die koöperasie. Volgens hom moet die „users" en „members" van die koöperasie dieselfde persone wees, anders word die demo-
/kratiese beginsel...

(18) Emelianoff, op. cit., p. 185-186.

(19) Poisson, op. cit., p. 30.

(20) „There is not any fundamental difference between voting by trees and voting by the money you put in, and I stand here to challenge any of those organizations who vote by money or vote by acreage or vote by trees or by volume of products moved. I say they are not cooperative. They are not pseudo-cooperative. They are quasi-cooperative. Holman, Ch. W. American cooperation, 1:166-7, 1925. (Aangehaal uit Emelianoff, op. cit., p. 186.)

(21) Lambert. Studies in the social philosophy of cooperation, op. cit., p. 64-74.

kratiese beginsel verkrag. In hierdie verband veroordeel hy landbou-koöperasies, omdat die loontrekkers, wat „users” is, nie „members” is nie en dus van die stemreg uitgesluit is. Lambert vertolk hierdie beginsel letterlik en sluit alle koöperasies uit wat nie aan hierdie beginsel voldoen nie.⁽²²⁾ Die opvatting van Lambert openbaar baie duidelik die nie-ekonomiese aard van hierdie beginsel. Dit het sy oorsprong te danke aan die sterk gevoel wat daar destyds teen die monargistiese despotisme bestaan het, veral onder die werkersklas wat verstoek was van die voorreg om te stem en aan die landsregering deel te hê.⁽²³⁾ Binne hulle eie vereniging wou hulle dus hierdie demokratiese reg ten volle geniet.

Soos later aangetoon sal word, veral wanneer die bydraes van Emelianoff, Robotka, Ohm en ander bespreek word, het hierdie beginsel in die tyd van die „Rochdale Pioneers” geen probleme gelewer nie, aangesien die lode tamlik homogeen was. In die jongste tyd is hierdie tradisionele beginsel deur baie koöperasies laat vaar en stemreg word gebaseer in verhouding met die omset wat lede met hulle koöperasies het. Deur hierdie beginsel te laat vaar, het koöperasies niks van hulle koöperatiewe aard ingeboet nie; intendoel skyn dit te wees dat die beginsel van stemreg volgens omset meer in ooreenstemming is met die ekonomiese aard van koöperasies. (Hieroor in n latere hoofstuk meer).

/7. Die.....

(22) „In my view, democracy is the cardinal principle. It distinguishes cooperative business most sharply from capitalist business, and it can be applied uniformly to any type of coöperative - consumer coöperatives, independent producer cooperatives, credit or housing cooperatives or farm cooperatives of all kinds.... The formula 'one man, one vote' must be taken literally. Each member has a vote solely by virtue of the fact that he is a man.” Id., p. 64.

(23) Bakken, H.H. & Schaars, M.A. The economics of cooperative marketing. New York, 1937. p. 153.

§2.7 Die beginsel van ope lidmaatskap

Letterlik vertolk, betoken hierdie beginsel dat dit enige persoon vrystaan om lid te word van n koöperasie en dat daar geen onderskeid gemaak moet word op grond van ras, geloof, beroep, politieke sienswyse of kleur nie. Dit is duidelik dat hierdie beginsel op sosiale gronde, eerder as op ekonomiese gronde berus. Dit moet in dieselfde lig vertolk word as die beginsel van „een man een stem“, want dit suggereer die beginsel van gelykheid, broederskap en liefde. Hierdie beginsel doen n beroep op die humanistiese en altruïstiese gevoel van mense, eerder as op hulle ekonomiese behoeftes, soos duidelik deur Bogardus⁽²⁴⁾ en Lambert⁽²⁵⁾ aangetoon word.

In teenstelling hiermee gaan Coetzee⁽²⁶⁾ van die standpunt uit dat dit glad nie onkoöperatief is om beperkings te plaas op lidmaatskap t.o.v. landboukoöperasies nie. Indien lede nie bona fide boere is nie, mag daar belangebotsings binne die koöperatiewe verband ontstaan en kan die wesenlike doel van koöperasies sodoende ondergrawe word. Hierdie beskouing is in ooreenstemming met die ekonomiese doel van koöperasies, nl. om die ekonomiese belange van sy lede te bevorder. So kan dit ook tot die ekonomiese voordeel van lede wees indien daar n beperking op die toetrede van nuwe lede

/bestaan.....

-
- (24) „Man made barriers between races and religions are lowered by cooperative associations, so that some of the worst war-producing tensions are relieved and the possibility of a genuine world peace is increased.“ Bogardus, op. cit., p. 46-7
- (25) „...this principle bears out the altruistic spirit of Cooperation, since the social wealth built up by exertions of past and present generations is made available to any members who may enter the cooperative at some later date.“ Lambert. Studies in the social philosophy of cooperation. Op. cit., p. 83.
- (26) Coetzee, op. cit., p. 10.

bestaan wanneer die koöperasie alreeds optimumgrootte bereik het. Die wette van styging en dalende meeropbrengs is ook op koöperasies van toepassing en die verdere toelating van nuwe lede kan die eenheidskoste verhoog tot nadeel van die reeds-bestaande lidmaatskapital.

Hierdie beginsel kan dus ook nie aanvaar word om die aard van koöperasie te bepaal nie, aangesien daar in die praktyk baie van hierdie beginsel afgewyk word. Homogeniteit is 'n saambindende faktor in 'n koöperasie, soos bevind deur Emelianoff⁽²⁷⁾ waar hy die voorbeelde noem van suksesvolle koöperasies in Tjecho-Slowakye waar geloof, ras of politieke oortuigings kwalifikasies vir lidmaatskap is.

§2.8 Die beginsel van vrywillige lidmaatskap

Hierdie beginsel hou drie elemente in, nl. (i) vrywillige toetrede, (ii) vrywillige uittrede, (iii) vryheid om gebruik te maak van die dienste van die koöperasie, al dan nie.

Dit impliseer dat daar geen dwangmaatreëls deur die staat, plaaslike owerheid, die koöperasie self, of enige ander liggaam op individue uitgeoefen mag word t.o.v. enige van bogenoemde aangeleenthede nie. Hierdie was nie 'n oorspronklike beginsel van die "Pioneers" nie, maar hulle het dit nogtans prakties uitgeleef. Hoewel hierdie beginsel in ooreenstemming is met die demokratiese reg van die individu, nl. om uit eie vrye wil te besluit oor sy ekonomiese sake en om beslissings te neem wat vir hom die regte blyk te wees, het 'n aantal koöperasies hierdie beginsel laat vaar. In die meeste gevalle is die laatvaarding van hierdie beginsel in die ekonomiese belang van lede.

/Ten.....

(27) Emelianoff: op. cit., p. 195.

Ten opsigte van die eerste element, nl. vrywillige toetrede, blyk dit dat munisipaliteite wat van koöperasies gebruik maak vir die lewering van elektriese krag of water, hierdie beginsel laat vaar het. Die vraag wat hier ontstaan, is wie word nou eintlik lede van die koöperasie, die munisipaliteit, in sy hoedanigheid as 'n verkose liggaam, of die verbruikers van die elektriese krag? Indien dit die inwoners (verbruikers) van die dorp is, dan het ons hier 'n laatvaarding van die beginsel, indien dit die munisipaliteit is wat dan weer hierdie diens aan die inwoners herverkoop, dan word hierdie beginsel nog gehandhaaf.

Ten opsigte van die tweede element, nl. vrywillige uittrede, merk Bogardus op: „He is not made the victim of pressure to join or to stay in. His shares are his private property and not the association's property, as would be the case in a collective society.”⁽²⁸⁾ Hierdie stelling van Bogardus is seker korrek, hoewel die skielike uittrede van 'n groot aantal lede op 'n kritieke tydstip die koöperasie heeltemal in duie kan laat stort. Om hierdie rede word daar gevind dat die beginsel eintlik op indirekte wyse laat vaar word, deur bv. bepalinge in die statute op te neem wat een jaar of selfs langer kennisgewing by uittrede vereis. Nog 'n remmende invloed op uittrede is die feit dat lede by uittrede geen aanspraak kan maak op enige reserwes wat deur die koöperasie opgebou is nie. Finansiële baat lede dus niks by uittrede nie, want aangesien die lede-register nooit gesluit word nie, word sy aandele slegs teen pari van hom teruggekoop. Op indirekte wyse word lede dus weerhou van uittrede.

/Die laaste.....

(28) Bogardus, op. cit., p. 26.

Die laaste element, nl. dat lede nie verplig is om besigheid met die koöperasie te doen nie, plaas 'n verpligting op die koöperasie om altyd doeltreffende diens aan lede te lewer.⁽²⁹⁾ Maar hierdie beginsel kan die koöperasie ook in 'n swak ekonomiese posisie plaas, aangesien dit dikwels slegs die belange van sy lede die beste kan dien indien 'n massa goedere hanteer word, bv. vrag, gradering, verpakking ens. Verder dien daar ook op gelet te word dat die kapitaaluitset van 'n koöperasie op 'n sekere goederevolume gebaseer is. Indien lede nie hulle verpligting t.o.v. lewering of afname nakom nie, dan styg die eenheidskoste tot die nadeel van die lede wat hulle pligte in hierdie verband nakom. Of lede verplig behoort te word om van die dienste van 'n koöperasie gebruik te maak, sal seker afhang van die posisie waarin die koöperasie verkeer, nl. of dit afhanklik is van 'n sekere volume, al dan nie. Oor hierdie verpligte aard is daar nie eenstemmigheid nie. Ohm stel dit soos volg: „Ob die Einhaltung der Verpflichtung durch spezielle Vereinbarungen oder Vorschriften u.ä.m. gesichert werden soll und in welchem Umfange, hängt von der Bedeutung der Problematik in jeder einzelnen Genossenschaft ab und kann daher nur im kasuistischen Verfahren bestimmt werden.“⁽³⁰⁾

Coetzee⁽³¹⁾ wys dan ook terug daarop dat lede teweens nie slegs regte nie, maar ook verpligtinge teenoor hulle koöperasie het

/en dat

(29) „Since the voluntary principle means that members are not compelled to buy goods and services from the cooperative societies, the latter feels the need to maintain efficiency, to give satisfactory service and to supply goods at least as economically as any other traders and suppliers can.“ Id., p. 27

(30) Ohm, H. Die Genossenschaft und ihre Preispolitik. Karlsruhe, 1955. p. 74.

(31) Op. cit., p. 12.

en dat hulle as afnemers of loweransiers n gereelde ekonomiese verkeer daarmee moet onderhou. Hierdie verkeer word soms as n verpligting in die statute vasgelê, maar soms word slegs n beroep op lede gedoen. Hierdie loweringsplig word gewoonlik gevind by daardie koöperasies wat onder hoë vaste koste werk. Loweringsplig sal verhoed dat lede, by n marktoestand van hoë pryse, geneig sal wees om buite die koöperasie te verkoop en alleen die swakker produkte aan die koöperasie te lower.

Soos hierbo aangehaal, is daar dus in die praktyk baie afwykings van hierdie vrywillige beginsel te bespeur, daarom is dit nie moontlik om hierdie beginsel as inherent aan n koöperasie te beskrywe nie.

§3 SLOTOPMERKINGS

Nieteenstaande die feit dat hierdie „beginsels van koöperasies" deur baie die „bybel" of die „tien gebooie" van koöperasies genoem word, slaag dit nie daarin om die ekonomiese aard van koöperasie te verklaar nie. Die feit dat hierdie beginsels nie altyd in ooreenstemming is met die ekonomiese aard van koöperasie nie, word weerspieël in die verskynsel dat baie koöperasies sommige daarvan laat vaar het. In sommige koöperasies word daar om sekere praktiese redes nog aan party van hierdie beginsels gehou, maar sodra toestande verander en dit nie verder nodig blyk te wees nie, word dit laat vaar. Die „beginsels" waarop koöperasies in die praktyk geadministreer word, verskil van koöperasie tot koöperasie en van land tot land.

Die wese van koöperasie moet dus op grond van ander kenmerke gesoek word. Daar moet dus n ander eienskap of eienskappe wees wat gemeenskaplik is by alle soorte koöperasies en op grond waarvan dit van ander ondernemingsvorme onderskei en die verskynsels binne die koöperasie verklaar kan word. Die hele aangeleentheid moet dus vanuit n teoreties-ekonomiese oogpunt benader word.

HOOFSTUK V

DIE TEORETIESE BENADERING

§1 INLEIDING

Die totale afwesigheid van 'n positiewe analise van die aard van koöperasies op 'n prinsipieel-teoretiese grondslag, moet toegeskryf word aan die sterk sosialistiese en propagandistiese inslag by vroeëre skrywers oor hierdie onderwerp. Slagspreuke soos, „ekonomiese selfhelp“, „uitskakeling van kompetisie“ en „uitskakeling van die winsmotief“ het vir baie jare die aandag gevestig op die reformatoriese waarde van koöperasies, eerder as op die ekonomiese aard daarvan.

Met die groei en ontwikkeling van koöperasies, voral in die westerse kapitalistiese lande, het die besef gaandeweg posgevat dat die koöperatiewe stelsel nie ten doel het om die ekonomiese en sosiale orde te verander nie, maar dat dit slegs 'n skakel is in die behoeftebevredigingsproses van die mens. In hierdie verband is dit dan ook juis om te beweer dat „... cooperatives are an integral part of the capitalistic economy, just as the ordinary corporations, partnerships and individual proprietorships. Cooperation is a phase of the capitalistic free enterprise system and not foreign or antagonistic to it.“⁽¹⁾ En om verder te bewys dat koöperasies nie ten doel het om kompetisie uit te skakel nie, maar juis om dit te verruim en uit te brei, om sodoende tot beter distribusie en behoeftebevrediging te kom, kom hy tot die gevolgtrekking: „While cooperation is clearly not a panacea for all the ills of capitalism, it does
/perform a.....

(1) Koller, E.F. Cooperatives in a capitalistic economy.
Journal of farm economics, 29:1138, 1947.

perform a positive role in the free enterprise economy by aiding it to achieve a better allocation of resources, higher total production and wider distribution of income." ⁽²⁾

Dit is dan ook ooglopend dat koöperasies die hoogste trap van ontwikkeling boreik het juis in daardie lande waar die kapitalistiese stelsel die vorste deurgevoer is. Geïnspireer deur die kapitalistiese gees, nl. die maksimalisering van eie voordele, het boere in Amerika tot die besef gekom dat die koöperasie 'n handige instrument is in die verkryging van hierdie maksimum voordele. In hierdie opsig moet die inskakeling van die koöperasie in die behoeftebevredigingsproses ook gesien word in die lig van die strewe na doelmatigheid in die ekonomiese handeling van die mens: „Economisch handelen is dus huishouden. En huishouden is het met overlog handelen met beschikbare middelen op die wijze, dat zij een zo gunstig mogelijk resultaat opleveren, het verdelen ervan over de verschillende mogelijkheden, die in aanmerking komen, zo dat de doeleinde, die men zich stelt, tot een maximum worden bereikt." ⁽³⁾

Die kapitalistiese stelsel, aldus Kuperus, ⁽⁴⁾ word deur belangeteenstelling omring, omdat dit op die winsmotief ingestel is, nl. die beginsel van goedkoop inkoop en duur verkoop. Omdat die verbruiker en die produsent, twee skakels aan die twee uiteindes van die behoeftebevredigingsproses, die slagoffers geword het van die belangeteenstelling, word 'n skakel in die voortstuwingsproses van behoeftebevredigingsmiddels d.m.v. die koöperasie vervang en hiermee word dan die belangeteenstelling opgehef. „So het die arbeiders-
/produksie-.....

(2) Id., p. 1144.

(3) Weststrate, C. Theorie van drie stelsels van sociaal-economische leven. Leiden, 1948. p. 4.

(4) Op. cit., p. 7-8.

produksiekoöperasie die teenstelling tussen ondernemer - arbeider, die verbruikerskoöperasie dié tussen klant en winkelier, die aan- of verkoopskoöperasie in die landbou dié tussen kleinhandelaar en respektiewelik afnemer en leweransier, opgehef."⁽⁵⁾ Die opheffing van die belangteenstelling beteken dat die ekonomiese handeling van die individu doelmatiger word. Wanneer koöperasies in hierdie lig beskou word, is dit duidelik dat die individu nie om sosiale, etiese of ander redes by 'n koöperasie aansluit nie, maar bloot om ekonomiese redes, want "... the participant in a cooperative society seeks neither to improve social justice nor to live in a fuller social life; he does not strive to a cooperative commonwealth and nor does he want to eliminate the supremacy of capital over labour and to avoid unearned gains, he just seeks to maximize his private economic well being."⁽⁶⁾ Dit is die doel van hierdie studie om hierdie suiwer ekonomiese siening van die aard van koöperasies te ondersoek en in die lig van die bevindings, 'n eie beskouing te gee. In hierdie opsig skyn die aangewese weg dan ook te wees om 'n ideale koöperasie as uitgangspunt te neem.

§2 DIE EERSTE BYDRAES TOT 'N TEORETIES-EKONOMIESE BENADERING

Emelianoff⁽⁷⁾ noem die name van Pontaleoni, Valenti, Mariani, Fuchs, Liefman en Tugan-Baranovsky as die eerste skrywers wat 'n poging aangewend het om die aard van koöperasie op 'n teoretiese grondslag te benader. Verskillende definisies vir koöperasies is gegoe, waarvan die volgende miskien vir ons doel die belangrikste

/is:.....

(5) Coetzee, op. cit., p. 8.

(6) Don, Y. Economic analysis of cooperation. Year book of Agricultural cooperation, 1960. p. 51.

(7) Op. cit., p. 15-25.

is: „Coöperatiewe vereenigingen zijn huishoudingen, welke door middel van gemeenschappelijke uitoefening van het bedrijf ten doel hebben de belangen der huishouding of van het bedrijf harer leden te behartigen of uit te breiden.”⁽⁸⁾ In sy verdere uiteensetting van die wese van n koöperasie, wys hy daarop dat hulle nie as selfstandige ondernemings beskou kan word nie, aangesien die doel van koöperasies slegs is om die „arbeidsprestaties hare leden te steunen en aan te vullen.”⁽⁹⁾ Die koöperasie het dus geen ander selfstandige ekonomiese doel as dié van sy lede nie. Die belangrikheid van die bydrae van Liefman is daarin geleë, nl. dat hy die nie-onafhanklikheid van die koöperasie erken, n aspek wat later verder deur Kaarlehto⁽¹⁰⁾ uitgebou is. In sy analise, onderskei hy dan ook die koöperasie van die gewone winsbeogende onderneming. Hierdie onderskeiding is n bietjie vaag; hy verklaar dat dit slegs n kwessie van doelmatigheid is of n mens koöperasies en vennootskappe in een lyn wil stel, maar verklaar nie wat hy met die begrip „doelmatigheid” bedoel nie.

Liefman het ook in n ander opsig n belangrike bydrae gelewer, soos blyk uit sy definisie, nl. die gebruik van die woorde „bedrywe” en „huishoudings”. Tot op hierdie stadium is die koöperasie as n „vereniging van persone” beskou om dit te onderskei van ander winsbeogende verenigings, bv. maatskappye wat as „verenigings van kapitaal” beskou is. Reeds met die gebruikmaking van hierdie twee woorde, dui Liefman daarop dat die koöperasie n ekonomiese doel

/dien.....

(8) Liefman, L. De ondernemingsvormen. Met inbegrip van die coöperatiewe vereeniging en de socialiseering. Utrecht, 1927. p. 160.

(9) Id., p. 160.

(10) Op. cit., p. 14-15.

dien, want die behoeftes van bedrywe en huishoudings is ekonomies van aard, terwyl die behoeftes van persone ook nie-ekonomies van aard kan wees. Hoewel Liefman se bydrae as voorloper tot die teoretiese veld beskou moet word, toon dit nogtans 'n gebrek aan teoretiese analise en volstaan hy met die baie belangrike opmerking dat koöperasies eintlik buite die bestek van 'n studie oor ondernemingsvorme val.⁽¹¹⁾ Ander voorlopers wat ook bydraes in hierdie rigting gelewer het, was E.G. Nourse⁽¹²⁾ in Amerika en G. Fauquet⁽¹³⁾ in Frankryk.

§3 'n ANALISE VAN DIE BYDRAES VAN LATERE SKRYWERS

Daar skyn twee metodes te wees om hierdie studie aan te pak, nl. deur die bydraes van die verskillende skrywers chronologies aan te pak en 'n analise van elkeen se bydrae te maak om dan aan die einde tot 'n samevatting te kom; die ander metode is om met 'n algemeen aanvaarde definisie van koöperasie te begin, dit te analiseer en in hierdie proses die bydraes van verskillende skrywers oor die verskillende elemente van die definisie te gee. Laasgenoemde metode word verkies om die volgende twee redes: (i) Dit skakel herhaling uit, aangesien die skrywers in baie opsigte ooreenstem. (ii) Die bydraes van die verskillende skrywers kan beter beredeneer en ge-evalueer word.

Hoewel die volgende definisie mank gaan aan tekortkomings, is dit miskien die beste om mee te begin, aangesien dit elemente

/bevat.....

(11) Liefman, op. cit., p. 161.


(12) Nourse, E.G. Economic philosophy of cooperation. American economic review, 1922. p. 577-597.

(13) Fauquet, G. The cooperative sector. Manchester, 1951.

bevat waaroor daar reeds baie bydraes gelewer is: „The cooperative association is an association of firms or households for business purposes - an economic institution through which economic activity is conducted in the pursuit of economic purposes.”⁽¹⁴⁾ Hierdie definisie is taamlik breed gestel en berus op n paar aannames wat oers verklaar moet word. Die elemente of aannames in hierdie definisie is die woorde „association”, „firms or households”, „business purposes” en „economic institution”.

§3.1 „Association”

Die woord „assosiasie” dui op n bepaalde ooreenkoms wat daar tussen outonome deelnemers tot stand kom met die doel om n raamwerk waarbinne die gemeenskaplike aktiwiteit kan plaasvind, te verskaf. Volgens Phillips⁽¹⁵⁾ sny hierdie ooreenkoms multi-lateraal deur die deelnemende firmas of huishoudings, eerder as wat elke deelnemer afsonderlik n ooreenkoms met die gesamentlike aktiwiteit aangaan. Met die volgende figuur word die geassosieerde aard van die gesamentlike aktiwiteit voorgestel:



Volgens.....

(14) Phillips, op. cit., p. 74.

(15) Id., p. 75-77.

Volgens die figuur op die vorige bladsy, word die ledefirmas deur die genommerde driehoeke voorgestel. Die binnesirkel, by A stel die assosiasie voor. Dit dien daarop gelet te word dat daar geen kontak tussen die firmas bestaan nie, behalwe waar hulle binne die assosiasie by mekaar aaneensluit. Die assosiasie staan nie los van die verskillende ledefirmas nie, maar is opgebou uit n seksie van elkeen - dié gedeelte wat met n stippellyn aangedui is. Indien al die lede nou sou onttrek, d.w.s. na buitentoe beweeg, verdwyn die gemeenskaplike aktiwiteit. Indien slegs een van hierdie firmas sou onttrek, word die gemeenskaplike aktiwiteit met daardie gedeelte wat binne sirkel A lê, verminder.

Waarop dui hierdie geassosieerde aard van die gemeenskaplike aktiwiteit? Volgens die voorstelling van Phillips moet ons dit as die teenoorgestelde van samesmelting, konsolidasie of amalgamasie beskou, aangesien hierdie ooreenkoms vrywilliglik geskied, sonder dat die soewereiniteit van elke lid daardeur opgeoffer word. Die ooreenkoms is eerder n soort federasie tussen die verskillende ekonomiese eenhede as n konsolidasie; en dit is gebaseer op voorafbepaalde reëls en verhoudings.

In hierdie verband moet gelet word op die gebruik van die twee terme „horisontale kombinasie" en „horisontale integrasie". Beide hierdie begrippe word gebruik om die aard van die assosiasie aan te dui. Indien ons op die betekenis let wat deur Knapp⁽¹⁶⁾ aan /die begrip.....

(16) „... for integration is a process of knitting together, not a form of organization. As here used, horizontal integration implies the general grouping of like business units under one general administrative control ..." Knapp, J.G. Cooperative expansion through horizontal integration. Journal of farm economics, 32:1032, 1950.

die begrip „horisontale integrasie" geheg word, blyk daar nie groot verskil te wees met die begrip „horisontale kombinasie" soos deur Robotka⁽¹⁷⁾ gebruik nie. Beide die begrippe dui daarop dat daar nie samesmelting plaasvind nie, maar dat elke individuele ekonomiese eenheid sy outonome aard behou.

Emelianoff⁽¹⁸⁾ het die beginsel van koördinasie van aktiwiteite verder uitgewerk met die begrip „aggregate". In hierdie opsig is die begrip „aggregate" in wese met die begrip „assosiasie" te versoen. Hy wys daarop dat ekonomiese integrasie op drie moontlike wyses kan geskied, nl. funksionele integrasie, konsolidasie of samesmelting en horisontale koördinasie. In die laaste geval is die uitkoms n „aggregate" van ekonomiese eenhede wat in alle gevalle hulle eie identiteit en selfstandigheid behou. Die enigste voorwaarde vir die vorming van „aggregates" is die homogeniteit van ekonomiese doelstellings en die enersheid van ekonomiese funksies, terwyl by samesmelting n langsame en gekompliseerde transformasieproses plaasvind. Die outonome aard van die ekonomiese eenhede binne hierdie „aggregate" kan ook duidelik waargoneem word indien daar gelet word op die saambindende krag binne die verskillende vorms van ekonomiese integrasie. By samesmelting („fusion") is daar n intrinsieke, saambindende, middelpuntsoekende krag, aangesien alle vorige belange in die nuwe ekonomiese eenheid opgaan. By die „aggregates" is middelpuntvliedende kragte aan die werk, omdat die

/geassosieerde.....

(17) „A cooperative association is a horizontal combination of autonomous economic units. Because the member units retain their autonomy, it follows that the combination must have a federal rather than a authoritarian form of organization." Robotka, F. A theory of cooperation. (Aangehaal uit Abrahamsen, M.A. & Scroggs, C.L. Agricultural cooperation, selected readings. Minnesota, 1957. p. 128.)

(18) Op. cit., p. 92-112.

geassosieerde ekonomiese eenhede bestem is vir onafhanklike voortbestaan, en in die mededingende ekonomie strewe elke ekonomiese eenheid dan ook daarna om sy individualiteit te behou. Die feit dat daar tog n „aggregate” gevorm is, moet vertolk word as die gevolg van n buitengewone noodsaaklikheid. By die ontbinding van „aggregates” bly die individuele ekonomiese eenhede, hoewel in n verswakte posisie, voortbestaan. By die ontbinding van ondernemings wat deur samesmelting tot stand gekom het, word geen voortbestaan van die komponente, waaruit dit saamgestel is, gevind nie.

Die vernaamste beswaar teen Emelianoff se bydrae lê in die losse verband wat daar tussen die ekonomiese eenhede binne die koöperasie bestaan. Hy erken dus nie die ontstaan van n nuwe ekonomiese entiteit met risikodraende en beslissingnemende eienskappe nie. Die ooreenkoms is eintlik net sterk genoeg om die aktiwiteite te koördineer, maar tog so swak dat dit nie die outonome aard van die ekonomiese eenhede kan beïnvloed nie.

Phillips maak in sy analise n verskil tussen die „koöperatiewe assosiasie” aan die een kant en die „koöperatiewe aktiwiteit” aan die ander kant. Laasgenoemde word deur hom aangedui met die begrip „cooperative plant”.⁽¹⁹⁾ Hierdie „joint plant” vorm n integrale deel van elke geassosieerde ekonomiese eenheid. Binne elke ekonomiese eenheid het dus vertikale integrasie plaasgevind, indien ons elke individuele ekonomiese eenheid as n „multi plant firm” sien. Om terug te keer tot die figuur op bladsy 47, moet die sirkelgedeelte wat deur die simbool „A” aangedui is, as die „joint
/plant”.....

(19) „The cooperative association consists of the sum of the multi-lateral agreements among the firms participating in the joint activity ... The cooperative activity is an economic plant operated jointly as a part of these several firms.” Phillips, op. cit., p. 76.

plant" gesien word. Die ekonomiese eenhede tree heeltemal onafhanklik van mekaar op, behalwe vir dié gedeelte wat binne hierdie sirkel val. Elke ekonomiese eenheid is vertikaal met die „joint plant" geïntegreer. Wat dus van belang is, is dat d.m.v. horisontale kombinasie van gelyksoortige ekonomiese eenhede, daar ook vertikale integrasie en vertikale spesialisasie⁽²⁰⁾ plaasgevind het.

Ten opsigte van die geassosieerde aard van koöperasies kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word: (a) Horisontale kombinasie het tussen verskillende ekonomiese eenhede met homogene doelstellings plaasgevind. (b) Hierdie horisontale kombinasie van ekonomiese eenhede het vertikale integrasie en spesialisasie binne elke deelnemende eenheid ten gevolg. (c) Die uitkoms van die horisontale kombinasie of integrasie is 'n assosiasie of „aggregate" van ekonomiese eenhede. (d) Die assosiasie is 'n multilaterale ooreenkoms tussen die verskillende ekonomiese eenhede. (e) Die assosiasie verskaf die raamwerk waarbinne die gesamentlike aktiwiteit, („cooperative plant") kan plaasvind. (f) Elke ekonomiese eenheid behou sy outonome ekonomiese aard en individualiteit ten volle.

§3.2 „Firmas of huishoudings"

Die tweede element in die definisie, naamlik dat die deelnemende eenhede in die assosiasie, óf firmas óf huishoudings is, dui op 'n wegbreking van die beskouing van die ouer skole.

/Volgens.....

(20) „... so wird es für die in Frage kommenden Wirtschaftsgruppen vorteilhafter sein, sich horizontal zusammenzuschliessen ... Auch im diese Falle kommt es zu einer vertikalen Spezialisierung ..." Ohm, op. cit., p. 22.

Volgens hierdie ouer denkrigtings is dit mense, en nie kapitaal nie, wat van belang in n koöperatiewe assosiasie is. Hierdie nuwere opvatting het egter nog nie tot alle moderne navorsers in koöperasiewese deurgewerk nie. Volgens Draheim⁽²¹⁾ het die koöperatiewe assosiasie n dubbele aard, nl. dié van n vereniging van persone en dié van n gemeenskaplike bedryf. Eintlik laat hy die klem baie sterker op die persoonlike element val waar hy aantoon dat die voordele wat verkry word, voortspruit uit die „Gruppenleben ... in ihrer Eigenschaft als Individuen und Träger von Wirtschaften.“⁽²²⁾

Ook Henzler⁽²³⁾ wys op die dubbele aard van die koöperasie, maar by hom gaan die ekonomiese doelstellings voorop. Hierdie ekonomiese doelstellings word dan ook deur hom beskou as die band tussen die vereniging van persone en die bedryf. Ohm⁽²⁴⁾ stel die

/persoonlikheids-...

(21) „Genossenschaften sind Unternehmungen, deren Träger als zwischenmenschlich verbundene Individuen freiwillig eine Personenvereinigung - Gruppe in soziologischen Sinne bilden und gleichzeitig als Wirtschaftssubjekte einen Gemeinschaftsbetrieb unterhalten, dessen Anteilskapital und dessen Verwaltungsorgane nur auf den nach Köpfen abstimmenden Mitgliedern beruhen und dessen massgebende Aufgabe darin besteht, bestimmte, unmittelbar an den Mitgliederwirtschaften erwachsende Bedürfnisse möglichst vorteilhaft für diese zu befriedigen.“ Draheim, G. Die Genossenschaft als Unternehmungstyp. Göttingen, 1952. p. 16.

(22) Id., p. 17.

(23) „Die Genossenschaft ist eine Personenvereinigung mit nicht geschlossener Mitgliederzahl, deren Zweck es ist, entsprechend dem ihr erteilten Grundauftrag die Wirtschaften der Mitglieder mittels gemeinsam getragener Betriebswirtschaft zu fördern.“ Henzler, R. Betriebswirtschaftliche Probleme des Genossenschaftswesens. Wiesbaden, 1962. p. 31.

(24) „Da die Aufgabe der Genossenschaftlichen Organwirtschaft darin besteht, diese persönlichkeitsbezogenen Wirtschaftziele der Mitgliederwirtschaften besser realisieren zu helfen, wird es verständlich, dass in die Beziehungen zwischen Organbetrieb und Mitgliederwirtschaften sowie in die Regelung der Gegenseitigkeitsvorteile und Gegenseitigkeitsverpflichtungen personalistische Elemente miteinfließen.“ Ohm, op. cit., p. 46-7.

element nie baie sterk op die voorgrond nie, maar beweer tog dat dit n saak is waarmee rekening gehou moet word by sekere soorte koöperasies, bv. by Raiffeisenbanke en kredietverleningkoöperasies. (25)

Seraphim⁽²⁶⁾ stel as n eerste vereiste vir die totstandkoming van n koöperatiewe assosiasie dat daar outonome huishoudings en ondernemings moet wees, by die afwesigheid waarvan geen hulpbedryf tot stand kan kom nie. In hierdie verband stel hy dit dan ook baie duidelik dat koöperasies slegs in n vrye markeconomie tot stand kan kom. Hoewel Seraphim alle meta-ekonomiese doelstellings by die totstandkoming van n koöperasie uitsluit, maak hy nogtans gebruik van die begrip van die „homo cooperativus" wat hy dan ook beskryf as „a variety of the ideal type of a rationally aligned economic subject." (27) Hoewel hy aan hierdie „homo cooperativus" slegs ekonomiese doelstellings wil toeskrywe, iemand wat slegs op rasionele wyse handel, soos die „homo economicus", kan hy nie die sosiale dryfvere wat by hierdie denkbeeldige persoon teenwoordig is negeer nie, bv. die wil om met ander mense saam te werk, eie belange op te offer ter wille van groepbelange, ens.

Wat is nou die betekenis van hierdie begrip „ekonomiese eenhede" wat beide firmas en huishoudings insluit? Emelianoff verskaf die antwoord op hierdie vraag waar hy n ekonomiese eenheid beskrywe as „an economic body admittedly complete and sufficiently integrated /for individual.....

(25) Id., p. 47.

(26) Seraphim, H. A realistic Consideration of the nature of the Cooperative. International Conference on Cooperative Science Erlangen 1957. Göttingen, 1961. p. 102.

(27) Id., p. 105.

for individual existence and independent (in conditions of exchange economy - interdependent) economic functioning."⁽²⁸⁾ Volgens hom moet die ondernemer binne die ekonomiese eenheid nie as die ekonomiese eenheid beskou word nie, maar slegs as n deel van die ekonomiese eenheid. Die individuele lid in n gesin is, as persoon, op sigself nie n ekonomiese eenheid nie, maar n lid daarvan. Wanneer gedeeltes van ekonomiese eenhede koördineer, bv. kamers van koop-handel, vakbonde, belastingbetalersverenigings ens, kom geen koöperasie tot stand nie. Hier het n vereniging van persone deur verteenwoordigers van ekonomiese eenhede tot stand gekom. n Koöperasie kan slegs tot stand kom wanneer hele ekonomiese eenhede kombineer met die doel om hulle ekonomiese belange as produsente of verbruikers te bevorder.

Vervolgens dien daar op die eienskappe van hierdie ekonomiese eenhede gelet te word. In hierdie opsig kan die firma as n inkome-soekende en die huishouding as n inkomebestedende ekonomiese eenheid beskou word. Die inkomesoekende ekonomiese eenheid strewe na n positiewe balans tussen die inkome verkry uit goedere wat dit verkoop of dienste wat dit verrig in die loop van sy ekonomiese aktiwiteite en die uitgawes wat dit aangaan in die produksie van hierdie goedere en dienste. Hieruit kan afgelei word dat dit op die lang termyn daarna strewe om die positiewe balans of wins te maksimaliseer. In die kapitalistiese ekonomie stem die doelstellings van die firma met hierdie inkomesoekende ekonomiese eenheid ooreen en daarom kan daar dan ook gesê word dat die firma daarna strewe om sy wins te maksimaliseer. Aan die anderkant moet die inkomebeste-

/dende.....

(28) Emclianoff, op. cit., p. 48.

dende ekonomiese eenheid beskou word as 'n eenheid waarvan die doel is om die inkome wat verkry is uit hoofde van sy deelname in die produksiesektor van die ekonomie, op so 'n wyse te bestee, dat dit die hoogs moontlike behoeftebevrediging ten gevolg het.

Hieruit kan afgelei word dat in beide gevalle die motiewe van genoemde eenhede ekonomies van aard is en dat hulle tot die koöperasie toetree met die uitsluitlike doel om hierdie ekonomiese doelstellings te bevorder.

Ten opsigte van die term „firmas en huishoudings” kan nou die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- (a) Die persoonlikheidslement in 'n koöperatiewe assosiasie, word misken.
- (b) Sommige hedendaagse skrywers, waaronder 'n aantal Duitsers, erken naas die suiwer ekonomiese motief, ook nog die persoonlikheidslement in koöperasies.
- (c) 'n Ekonomiese eenheid is ten volle geïntegreer en voer 'n selfstandige bestaan.
- (d) Koöperatiewe assosiasies word nie saamgestel uit verteenwoordigers van ekonomiese eenhede nie, maar uit hele ekonomiese eenhede.
- (e) Geen koöperasies kan tot stand kom indien hierdie ekonomiese eenhede nie outonome liggame binne 'n ruilekonomie is nie.
- (f) Ekonomiese eenhede kan of inkomesoekend of inkomebestedend wees.
- (g) Die firma is inkomesoekend en streef na winsmaksimalisasie; die huishouding is inkomebestedend en streef na maksimum behoeftebevrediging.
- (h) Die doelstellings van hierdie ekonomiese eenhede is ekonomies van aard.

§3.3 „Vir besigheidsdoeleindes”

Saam met die laaste gedeelte van die definisie, „in the pursuit of economic objectives”, word die doelstelling van die koöperasie ondubbelsinnig geformuleer. Die ekonomiese aard van hierdie doelstelling staan in baie skerp teenstelling met die benadering van die sosio-roformatore.

Waaruit spruit hierdie ekonomiese doelstellings van koöperasies? Uit wat in die voorafgaande paragrafe gesê is, is dit duidelik dat die ekonomiese doelstellings van koöperasies voortspruit uit die ekonomiese behoeftes van sy lede. In hierdie verband verskaf Ohm die volgende antwoord: „Wir können also feststellen, dass das ökonomisch Motiv des genossenschaftliche Zusammenschlusses die Verbesserung der ökonomischen Situation der zusammengeschlossenen Wirtschaftseinheiten ist.”⁽²⁹⁾

Aangesien die doelstellings van die lede hedonisties van aard is, word dieselfde hedonistiese aard by die koöperasie aangetref. Dit streef daarna om die inkomste van sy lede te verhoog deur die afdingingsvermoë op die inkoop- of verkoopmark te verhoog en om bedryfskoste laag te hou.⁽³⁰⁾ Daar bestaan nie eenstemmigheid oor die hedonistiese aard van die lede wat by die koöperasie aansluit nie. As n voorvereiste vir die totstandkoming van koöperasies stel Seraphim dat daar n swakheid by die ekonomiese komponente teenwoordig moet wees. „In a market economy the weakness applies to the competitive position which is to be improved by Cooperative /organisation.....

(29) Ohm, op. cit., p. 17.

(30) Id., p. 20.

organisation and activities ... It is precisely the weakness of the economic components which distinguishes the Cooperatives from other organisations aiming at help and furtherance."⁽³¹⁾ Alhoewel dit heeltemal korrek is om te beweer dat koöperasies in die verlede deur die ekonomies swakkere klasse, d.w.s. loontrekkers, arbeiders en kleinboere opgerig is met die uitsluitlike doel om hulleself te verdedig teen die magsgroep wat ander ondernemingsvorme op die mark gehad het, tipeer hierdie eienskap nie die aard van 'n koöperasie nie.

Met die huidige ontwikkeling van koöperasies, veral in die Skandinawiese lande en Amerika en die groot invloed wat dit op die mark uitoefen, is dit onhoudbaar om dit as 'n organisasie van die „armer klasse" te tipeer. Verder kan ook aangevoer word dat die begrip „swakheid" relatief van aard is en dit nie objektief bepaal kan word nie. Hoewel die begrip „swak ekonomiese" posisie belangrik is vir die ontstaan van koöperasies, kan dit net sowel aanleiding gee tot sentrale beplanning of 'n sosialistiese staat wat ten doel het om die ongelykheid van ekonomiese klasse uit te wis. Ekonomiese swakheid tipeer slegs die verwantskap wat daar bestaan tussen 'n sekere ekonomiese situasie en die doel van 'n koöperasie. Om hierdie rede is dit dan seker nie foutief om te beweer dat die koöperatiewe vorm, nie alleen in 'n sentraalbeplande ekonomie geen bestaansmoontlikheid het nie, maar ook in 'n ruilekonomie, waar alle ekonomiese eenhede ewe ryk of ewe arm is. Op watter wyse dien die koöperasie nou die belange van die ekonomiese eenhede? Ohm verskaf die antwoord op hierdie vraag. „Im Falle der Konsumgenossenschaften /ist das.....

(31) Seraphim, op. cit., p. 102.

ist das unmittelbare Ziel die Erhöhung des Realeinkommens durch preisgünstigeren Einkauf von Verbrauchsgütern, beiden Genossenschaften der Landwirte, der Handwerker und des Handels die Steigerung des Ertrages und Einkommens der Mitgliederwirtschaften."⁽³²⁾

Deur gesamentlike optrede slaag die koöperasie daarin om sterker op die mark op te tree. In die geval van verbruikerskoöperasies, spruit die voordele uit die invloed wat dit op die vraag na goedere en dienste kan uitoefen. Die groter volume wat hantoer word, dra verder by tot n laer eenheidskoste. Dourdat dit goedere goedkoper aan lede kan lewer, gee dit aan lede n groter koopkrag, vandaar die feit dat die reële inkome van lede verhoog word. Dit lei met ander woorde tot n groter mate van behoeftebevrediging.

In die geval van afsetkoöperasies kan dit n invloed op die mark uitoefen, omdat dit die aanbod kan beheer en sodoende beter pryse vir lede kan afdwing. Verder kan dit dienste aan die produsent lewer wat hyself, vanweë die klein omvang van sy onderneming, nie ekonomies kon verrig nie, bv. opberging, marknavorsing, ekonomiese vervoer, reklame, ens. Deur hierdie dienste word die inkomste verhoog en die ekonomiese posisie versterk.

Kan daar ook sprake wees van meta-ekonomiese doelstellings? Oor hierdie aspek bestaan daar nie eenstemmigheid nie. Selfs skrywers wat die ekonomiese doel van koöperasies voorop stel, erken dat daar ook ander beweegredes vir aansluiting by koöperasies kan bestaan. In hierdie verband kan veral die Duitse skrywers w.o.

/Seraphim,⁽³³⁾.....

(32) Ohm, op. cit., p. 17.

Seraphim,⁽³³⁾ Ohm,⁽³⁴⁾ Draheim⁽³⁵⁾ en Henzler,⁽³⁶⁾ genoem word.

Van hierdie skrywers stel voral Draheim die meta-ekonomiese motiewe baie sterk op die voorgrond, terwyl die ander drie slegs die bestaan daarvan erken, maar in hulle analise net die ekonomiese aspekte in aanmerking neem.

Die meeste Amerikaanse skrywers oor hierdie onderwerp, benader die saak vanuit 'n suiwer ekonomiese oogpunt. Die pragmatiese aard, tipies van die Amerikaner, kom baie duidelik na vore in die volgende aanhaling: „A farmers' cooperative is an economic tool by which farmers aim to develop their opportunities and objectives ... Its balance sheet and its equipment, both physical and personal, are significant as measures of its ability to maintain and improve service to members.”⁽³⁷⁾

/Ten opsigte.....

(33) „As regards the aims, two general types could, I believe, be distinguished:

- (1) The cooperative pursuing exclusively economic aims;
- (2) The cooperative whose economic purpose is combined with metaeconomic aims. Op. cit., p. 8.

(34) „Ethische, religiöse, politisch-klassenkämpferische, bildungs-politische, sozialpolitische Ziele, um nur einige zu nennen, standen an der Wiege des modernen Genossenschaftswesens und werden z.T. noch heute von den Genossenschaftlern neben den ökonomischen angestrebt." Op. cit., p. 14.

(35) „Die typische Natur der Genossenschaft als Personenvereinigung führt jedoch zwangsläufig dazu, dass psychologische und soziologische Tatsachen ausserhalb rationaler Bedürfnisse bei der Entstehung der Genossenschaft und in ihrem weiteren Leben grosse Bedeutung besitzen." Op. cit., p. 21.

(36) Probeer na analogie van Phillips se model van die „assosiasie" en die „bedryf", die twee elemente in die koöperasie, die persoonlikheidselement invoer d.m.v. sy twee-ledige onderskeiding van „Personenvereinigung" en „Geschäftsbetrieb". Op. cit., p. 11.

(37) Reynolds, Q. The philosophy of cooperation. American cooperation, 1946. p. 145.

Ten opsigte van die begrip „vir besighheidsdoeleindes” kan nou die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- (a) Hierdie besighheidsdoeleindes spruit voort uit die ekonomiese behoeftes van die firmas en huishoudings.
- (b) Sommige skrywers beskou hierdie doeleindes as hedonisties van aard.
- (c) Ander skrywers beskou dit as voortspruitend uit die swak ekonomiese posisie van die ekonomiese eenhede.
- (d) Die ekonomiese motief van Verbruikskoöperasies is om die reële inkome van sy lede te verhoog, die ekonomiese motief van die produsentekoöperasies is om die geldinkome van sy lede te verhoog.
- (e) Sommige skrywers erken die bestaan van meta-ekonomiese doeleindes, naas die ekonomiese.
- (f) Volgens die Amerikaanse skool kan die effektiwiteit van die koöperasie empiries gemeet word.

§3.4 „Economic Institution”

In die literatuur oor koöperasiewese is daar n groot mate van eenstemmigheid oor die feit dat die samesluiting van ekonomiese eenhede een of ander vorm van ekonomiese bedryf of ekonomiese entiteit ten gevolg het. Oor wat die presiese aard van hierdie entiteit is, bestaan daar egter meningsverskille, terwyl daar weer oor die funksie van hierdie entiteit n hoë mate van ooreenkoms tussen die opvattinge van die verskillende teoretici bestaan. Drie algemene rigtings t.o.v. die aard van die „ekonomiese entiteit” kan onderskei word, nl. (a) n agentskap, (b) n onderneming en (c) n nie-onderneming.

§3.4.1 Agentskap

/Hoewel.....

Hoewel Kaarlehto⁽³⁸⁾ in sy definisie die woord „agentskap” gebruik, word hierdie begrip later vervang met die begrip „non-independent firms”. Ons kan dus voorlopig aanneem dat hy dieselfde betekenis aan hierdie twee begrippe heg. Naas die begrip „establishment”, gebruik Emelianoff ook die begrip „agency”. Aangesien daar later (by die derde groep) weer tot Emelianoff teruggekeer sal word, sal op hierdie stadium slegs gewys word op wat hy met hierdie twee begrippe bedool. Terwyl n „enterprise” uit n enkele ekonomiese eenheid bestaan, „... more than one economic unit (enterprise) may work through one technical unit...”⁽³⁹⁾

Hierdie „establishment” dien slegs as die sentrum waardeur die verskillende ekonomiese eenhede hulle ekonomiese aktiwiteite koördineer en is geen onafhanklike onderneming met n selfstandige ekonomiese doel nie.

Die feit dat n agentskap deur die lede gevorm word, dui daarop dat dit nie n selfstandige agentskap is nie, maar dat dit slegs n middel is om die ekonomiese aktiwiteite van lede ten uitvoer te bring. Hierdie agentskap kan nie in sy juridiese verband verklaar word nie, maar is iets andersoortigs. Dit dui op n baie eng verhouding tussen die lede en die koöperasie en die „agentskap” handel slegs in ooreenstemming met die wense van die ekonomiese eenhede waaruit dit saamgestel is. Die woord „agentskap” kan egter nie op alle soorte koöperasies van toepassing gemaak word nie en daarom

/verkies.....

(38) „The Cooperative is an agency formed by a plurality of firms or households ...” Op. cit., p. 31.

(39) Emelianoff, op. cit., p. 165.

verkies Emelianoff dan liever om die woord „establishment" te gebruik.

§3.4.2 Firma

Daar is diogene wat die koöperasie as n firma beskou. Alvorens die bydraes van die verskillende teoretici behandel word, is dit wenslik om hierdie begrip eers te kwalifiseer. In sy enger betekenis moet die firma beskou word as n „acquisitive economic unit whose main and ultimate aim is profit maximization".⁽⁴⁰⁾ Uit hierdie definisie is dit duidelik dat dit die hoofdoel van n firma is om sy winste te akkumuleer. Phillips benader egter weer n ander sy van die firma en omskrywe dit soos volg: „A firm is a sovereign business unit which pursues its own economic career."⁽⁴¹⁾ In hierdie tweede definisie word n verdere kenmerk van die firma omskrywe, nl. sy outonome aard. Seraphim vat albei hierdie kenmerke mooi saam in die volgende: „I think the most important criteria for the enterprise are: the autonomy of the entity, the possession of its own plan of work and the intention of making profits realisable on both sides of the market."⁽⁴²⁾

Bogenoemde drie definisies kan beskou word as die tradisionele opvatting van die firma soos dit hom in n kapitalistiese ekonomie openbaar. Daar is egter ook ander betekenisse wat aan n firma geheg word om die teorie van die firma op koöperasies van toepassing te maak.

/§3.4.2.1 Kaarlohto..

(40) Don, op. cit., p. 59.

(41) Phillips, R. The cooperative - an association of business units. American cooperation, 1953. p. 131.

(42) Seraphim, op. cit., p. 113.

§3.4.2.1 Kaarlehto⁽⁴³⁾

Volgens Kaarlehto is die strewe na winsmaksimalisasie nie noodwendig 'n essensiële eienskap van 'n firma nie. Die aktiwiteite van 'n firma kan ook ondergeskik gemaak word aan ander firmas of ekonomiese eenhede. In hierdie lig gesien, kan daar dus twee soorte firmas wees, nl. (a) onafhanklike firmas wat na winsmaksimalisasie strewe, en (b) nie-onafhanklike firmas wat ondergeskik is aan die wense van ander ekonomiese eenhede en wat geen onafhanklike ekonomiese doel het nie.

Volgens Kaarlehto is 'n koöperasie 'n firma wat tot die laaste groep behoort. Die maatstaf waarmee die nie-onafhanklikheid van koöperasie gemeet kan word, lê opgesluit in sy houding t.o.v. winste. Met behulp van die metode van die grensanalise word aangetoon dat die strewe na maksimum wins deur die koöperasie tot die uitsluitlike voordeel van die lede moet wees.⁽⁴⁴⁾

§3.4.2.2 J.B. Savage⁽⁴⁵⁾

Hy lewer kommentaar op die bydrae van R. Phillips en kritiseer hom omdat hy die koöperasie nie as 'n firma beskou nie, op grond van die feit dat dit nie 'n eie winsstrewe het nie. Hy stel dus 'n breër definisie vir 'n firma voor sodat 'n koöperasie ook ingesluit kan word. Savage laat veral die klem op die entrepreneursfunksie val en in die verband gee hy die volgende definisie: „I look upon a cooperative as a firm in itself, capable of making
/entrepreneurial...

(43) Op. cit., p. 14-5.

(44) Id., p. 44-5.

(45) Savage, J.B. Comment on "Economic nature of the cooperative association". Journal of farm economics, 36:529-534, 1954.

entrepreneurial decisions just as any private corporation. It is a 'going concern', and a 'going concern' has been defined as 'an organization of coordinated activity', it is collective behaviour with a common purpose, and a collective will be governed by common working rules."⁽⁴⁶⁾

Die individuele lede van die koöperasie het afstand gedoen van sommige van hulle ondernemersfunksies ten gunste van die koöperasie. Hiermee het hulle dan aan 'n kollektiewe liggaam die volmag gegee om besluite namens hulle te neem. Word hierdie volmag die koöperasie ontsê, is die wese van koöperasie ook daarmee verlore.

§3.4.2.3 Raphaël Trifon⁽⁴⁷⁾

Hy is ook die mening toegedaan dat die vraag of 'n koöperasie 'n firma is, van die kant van die funksies van die entrepreneur benader moet word. Na aanleiding van die opvatting van Schumpeter, nl. dat die promotor en bestuurder van 'n onderneming, sonder aanvaarding van die risikodraende funksies, as die entrepreneur beskou kan word, stem hy saam met Savage dat die koöperasie 'n „going concern" is.⁽⁴⁸⁾ Die dienste van 'n gesalarieerde bestuurskorps is baie waardevol vir 'n koöperasie. Veral wanneer daar botsende belange binne die koöperasie teenwoordig is, is die beslissing van 'n neutrale bestuur baie noodsaaklik.

§3.4.2.4 Eugene Clark⁽⁴⁹⁾

/Met behulp.....


(46) Id., p. 532.

(47) Trifon, R. The economics of cooperative ventures - further comments. Journal of farm economics, 43:215-235, 1961.

(48) Id., p. 235.

(49) Clark, E. Farmer cooperatives and economic welfare. Journal of farm economics, 34:35-51, 1952.

Met behulp van die metode van grensanalise probeer Clark om op grond van bestuursbeleid n verskil tussen n koöperatiewe onderneming en n winsbeogende onderneming te maak. Die grootste verskil tussen die twee ondernemingsvorme lê in die bepaling van die optimumpunt van die bedryfsgrootte. Volgens die grensanalise-metode streef die entrepreneur van die winsbeogende onderneming na ewewig op n punt waar grenskoste gelyk is aan grensinkomste, d.w.s. by punt P^1 . Hierdie produksieomvang OS is egter nie vir die lid van die koöperasie die voordeligste nie. Die individuele lid van die koöperasie strewe na die hoogs moontlike verskil tussen koste en



opbrengs per artikel. Hierdie punt is geleë by P, met n produksieomvang van OR. Hierdie analise is egter nie aanvaarbaar nie, omdat n koöperasie nie n eie beleid kan volg t.o.v. die omvang van die besigheid nie. Hy is verplig (hierin lê juis sy nie-onafhanklike aard) om alle produkte van sy lede te ontvang, al sou dit beteken dat die produksieomvang verby punt R skruif. Die koöperasie moet te alle tye daarna strewe om teen die laags moontlike koste te funksioneer al sou die omvang van die besigheid nou nie juis toevallig met die laagste punt op die gemiddelde kostekromme saamval nie.

§3.4.2.5 P. Helmberger en S. Hoos⁽⁵⁰⁾

Die twee skrywers benader die probleem van 'n koöperasie as 'n onderneming vanuit 'n organisatoriese oogpunt. Hulle beskou 'n firma as 'n „system of consciously coordinated activities of two or more persons”⁽⁵¹⁾ en pas hierdie definisie op 'n koöperasie toe met die vereiste dat daar 'n organisasie moet wees om (i) hulpbronne te mobiliseer, (ii) goedere en dienste vir verkope te produseer, met die verwagting dat daar (iii) 'n genoegsame opbrengs sal wees om produksiekoste te dek.

Hierdie definisie van 'n firma is nie gekoppel aan die bestaan van 'n eienaar-bestuurder entrepreneur nie. Die strewende na wins word verwerp, want organisasie alleen is van belang. Dit maak dus nie saak wie die bestuursfunksie uitvoer nie; die enigste vereiste is dat dit in belang moet wees van die verskillende ekonomiese eenhede wat deel van die koöperatiewe assosiasie vorm.

§3.4.2.6 Georg Draheim⁽⁵²⁾

Volgens Draheim is dit foutief om die ondernemingsvorm slegs tot winsbeogende onderneminge te beperk. Net soos by laasgenoemde ondernemings, is die risiko-element ook teenwoordig en geld die ekonomiese prinsipe ook by koöperasies. Die eerste vereiste van 'n koöperatiewe onderneming is om hom te skik na die behoeftes van sy ledebedrywe. „Diese Ergänzungs- und Hilfs-genossenschaften sind also mit ihren Funktionen an die selbständig bleibenden Wirtschaften der Mitglieder gebunden, die sie auf verschiedene Weise zu

/fördern.....

(50) Op. cit., p. 275-290.

(51) Id., p. 277.

(52) Op. cit., p. 17-8.

fördern beabsichtigen."⁽⁵³⁾

Binne sekere grense, voor die koöperasie ogter n eie bestaan, wat dit daadwerklik of skynbaar van die lede kan vervreem, bv. ten opsigte van sake soos likwiditeit, rentabiliteit, risiko en finansiering. In hierdie opsig gee Draheim toe dat hierdie eie bestaan tot spanninge binne die koöperasie kan lei.

§3.4.3 Koöperasies as nie-ondernemings

§3.4.3.1 Emelianoff⁽⁵⁴⁾

In n vorige paragraaf is alreeds daarop gewys dat Emelianoff n verskil maak tussen wat hy noem n „establishment" en n onderneming. Deur middel van n voorbeeld van n „Cooperative of the Rochdale pattern" wys hy op verdere verskille, nl. ten opsigte van die entrepreneurskap, kapitaal en verdeling van die wins. Ten opsigte van entrepreneurskap toon hy die volgende verskille aan:

(i) Die aandeelhouers van n maatskappy is „fractual entrepreneurs" omdat hulle gedeeltelike soggenskap in die onderneming bepaal word volgens die hoeveelheid aandele in hulle besit. Die lede van n koöperasie is verstoke van hierdie voorreg. (ii) Lede van die koöperasie is nie ontvangers van n „residual income" nie. (iii) As die enigste klante van hulle eie onderneming, bekleë die lede van n koöperasie n posisie wat onverenigbaar is met die uitoefening van die entrepreneursfunksie. Ten opsigte van kapitaal lê die verskil in die aanwending daarvan. By die maatskappy word dit aangewend om winste te akkumuleer; die koöperasie wend dit aan om die transaksies van sy lede te finansier. Die diwidend wat aan die

/aandeelhouers....

(53) Id., p. 17.

(54) Op. cit., p. 56-65.

aandeelhouders van n maatskappy betaal word, is residueel van aard; die rente op kapitaal wat aan lede van die koöperasie betaal word, is kontraktueel bepaal.

Ten opsigte van die surplus wat onder lede van die koöperasie verdeel en die wins wat aan aandeelhouders van n maatskappy betaal word, lê die groot verskil daarin dat o.g. ontstaan uit die deelname van n lid as n klant van sy koöperasie, terwyl laasgenoemde ontstaan het a.g.v. die deelname van buitestanders.

§3.4.3.2 Frank Robotka ⁽⁵⁵⁾

Nadat horisontale kombinasie tussen ekonomiese eenhede plaasgevind het, het daar n nuwe ekonomiese entiteit wat nie in alle opsigte met die firma ooreenstem nie, tot stand gekom, en die volgende eienskappe besit: (i) n Nuwe beslissingnemende liggaam het tot stand gekom en dit kan beslissings neem in sake rakende die geïntegreerde aktiwiteite. Die ooreenkoms waartoe elke eenheid ingestem het, omvat n verbintenis van die kant van elk van die deelnemende eenhede om sokere vraagstukke, rakende die groepaktiwiteit, aan groepbeslissings te onderwerp. „Each participant must surrender sovereignty to the extent; hence each participant's status as an individual maker of decisions in this particular respect, is modified.” ⁽⁵⁶⁾ Beslissings wat geneem word, mag nooit teenstrydig wees met die belange van die individuele ledebedrywe nie. Dit word dus met die eie aktiwiteite geïntegreer. (ii) n Nuwe risikodraende eenheid het tot stand gekom en hierdie risiko word gedra deur die beslissingnemende liggaam. Geen beslissingnemende liggaam kan ontstaan sonder die gelyktydige ontstaan van n risikodraende liggaam /nie.....

(55) A theory of cooperation, op. cit., 100-14.

(56) Id., p. 103.

nie. Onmiddellik na horisontale kombinasie van ekonomiese eenhede, het n nuwe risikosituasie ingetree. Sommige eenhede se risiko's het hiermee verminder, terwyl ander eenhede se risiko's vergroot is. Groeprisiko's moet deur almal gedra word. (iii) Tonderde het hier n inkome-eenhed tot stand gekom. Maar hierdie inkome-eenhed tree nie onafhanklik van sy deelnemende eenhede op nie. Die inkome van hierdie ekonomiese entiteit is die inkome van sy lede, eweneens is die koste van hierdie entiteit die koste van sy lede. Aangesien hierdie ekonomiese entiteit vertikaal geïntegreer is met die ekonomiese eenhede waaruit dit saamgestel is, moet dit slegs beskou word as n departement of verlengstuk van daardie ekonomiese eenhede. Om hierdie rede kan dit nooit n eie inkome realiseer nie.

Vanuit n organisatoriese oogpunt beskou, kan die koöperasie nie as n departement van die samestellende ekonomiese eenhede gesien word nie, aangesien die individuele lid nooit sy entrepreneursfunksie in die geïntegreerde gedeelte van sy ekonomiese eenheid ten volle kan uitoefen nie. Hierdie gedeelte van sy ekonomiese eenheid staan onder die beheer van die nuwe ekonomiese entiteit waarin die individuele lid slegs n deelfunksie het. Na my mening het ons dus hier te doen met funksionele integrasie, waar slegs sekere funksies van die individuele lid oorgaan in die koöperasie. Die lede verrig hierdie funksies gesamentlik ten behoeve van hulle eie ekonomiese eenhede en daarom is dit ondenkbaar dat n koöperasie ander belange as dié van sy lede kan nastrewe. Dit is die toestand in die ideale tipe koöperasie. In die praktyk word hierdie ware aard van koöperasie dikwels verberg omdat wetlike bepalings en reglemente in die Statute omvattende beslissingnemende magte aan die bestuur toeken,

/wat aan.....

wat aan die koöperasie n selfstandige karakter gee. Maar nie-
 teenstaande hierdie selfstandige aard „we cannot speak of opposite
 aims or exchange struggles with regard to the relations between
 them, as such a situation would mean a deliberate disregard for the
 cooperative's basic purpose which would immediately turn the mem-
 ber's passivity into activity. It would be utterly unrealistic to
 assume that the member economies would acquiesce in profit-seeking
 action on the part of the management, damaging to their interests.
 It is true that the management does possess a certain margin of
 actions, but it has no autonomy; ...”(57) (iv) Die ooreenkoms
 tussen ekonomiese eenhede hou implisiet in dat daar geen mededinging
 meer tussen lede sal bestaan nie, aangesien daar nou gesamentlik
 opgetree sal word. Dit veronderstel dus dat lede gebruik moet maak
 van hierdie nuwe gesamentlike ekonomiese entiteit in hulle ver-
 houding met die mark daarbuite; dit impliseer dus n verpligting van
 die kant van elke deelnemende lid. Die voordele van die koöperasie
 lê juis opgesluit in sy gesamentlike optrede.

Bogenoemde vier eienskappe weerspieël kortliks die aard van
 die ekonomiese entiteit wat ontstaan. Hieruit kan nou die ander
 verskynsels binne die koöperasie verklaar word, nl. die beginsel
 van kosprys, surplusse, kapitaalbydraes en rente op kapitaal.

§3.4.3.3 Hans Ohm (58)

In sy analise pas Ohm die tweesydige markverbindingkri-
 terium toe om te bepaal of n koöperasie n onderneming is al dan nie.
 As gevolg van vertikale integrasie kom die ekonomiese eenheid en die
 /koöperasie.....

(57) Seraphim, op. cit., p. 114.


(58) Op. cit., p. 31-7.

koöperasie onder dieselfde kontrole, sodat die toestand ontstaan dat sowel die koöperasie as die ekonomiese eenheid of ledebedryf van een of ander mark afgesny is. Die volgende skets⁽⁵⁹⁾ van n landboukoöperasie sal hierdie toestand ophelder: (Skets hieronder). Volgens dié figuur, tree elke ledebedryf van n landbouafset-koöperasie slegs in die aankoopmark op en is dit afgesny van die verkoopmark. Hy kan alleen deur middel van sy koöperasie tot die verkoopmark toetree. Aan die anderkant is die koöperasie weer afgesny van die aankoopmark en tree slegs op in die verkoopmark.

DIAGRAM OM HORIZONTALE EN VERTIKALE INTEGRASIE

VAN n LANDBOUKOÖPERASIE

MET AFSETFUNKSIES AAN TE TOON



/Ohm laat.....

(59) Skets deur my.

Ohm laat vaar die kriterium om 'n onderneming op grond van die winsmotief te onderskei, maar wys tog daarop dat die koöperasie geen wins kan realiseer nie, omdat dit slegs op een mark optree. Net soos Robotka, kom hy ook tot die gevolgtrekking dat hier nou 'n ekonomiese entiteit met beslissingnemeende en risikodraende eienskappe tot stand gekom het. Die hoofrede waarom hy dit 'n ekonomiese entiteit noem, lê opgesluit in die eienskap van horisontale kombinasie wat plaasgevind het. „Die Mitgliederwirtschaften behalten nämlich trotz des Zusammenschlusses ihre ökonomische Autonomie, so dass eine Mehrzahl von selbständigen Wirtschaftseinheiten gemeinsam einer Einheit der vor - oder nachgeschalteten Stufe sich angliedern.“⁽⁶⁰⁾ Indien die koöperasie nie as so 'n eenheid nie, maar slegs as 'n bedryf beskou word, dan beteken dit splitsing van hierdie eenheidstruktuur in net soveel eenhede as wat daar ledebedrywe is. Die gesamentlike leiding wat aanvaar word, is egter 'n bewys van die bestaan van hierdie eenheid in die struktuur van die koöperasie. Ohm kom vervolgens ook tot die slotsom dat alle verskynsels binne die koöperasie op grond van hierdie morfologiese eienskap daarvan verklaar kan word, en in die tweede deel van sy boek wys hy ook daarop dat die prysbeleid wat die koöperasie volg, in ooreenstemming is met die struktuur of samestelling daarvan.

§3.4.3.4 Reinholdt Henzler⁽⁶¹⁾

Hy pas ook die tweesydige markverbindingskriterium toe en onderskei twee tipes koöperatiewe vorme, nl.

- (i) Die ware koöperasie wat slegs 'n deelfunksie op die mark het, d.w.s. geen wins kan maak nie, omdat dit slegs op een mark optree.....

(60) Ohm, op. cit., p. 37.

(61) Op. cit., p. 23-9.

tree.

(ii) Die koöperatiewe onderneming, wat as gevolg van die neiging om al meer en meer die relasies met sy lede te „ekonomiseer“, op twee markte begin optree het. Nie alleen streef dit daarna om n wins te realiseer deur met nie-lede handel te drywe nie, maar verander die relasie tussen die koöperasie en sy lede ook in dié van onderneming - klant.

§3.4.3.5 Hans-Jürgen Seraphim⁽⁶²⁾

Om, volgens Seraphim die ekonomiese aard van n koöperasie te begryp, moet die koöperasie gesien word as n entiteit wat so saamgestel is dat dit sekere doelstellings kan realiseer. Die doelstellings en struktuur van die koöperasie moet altyd saam en as n eenheid gesien word, want hulle is inter-afhanklik van mekaar. Ten opsigte van die doelstellings en die struktuur, definieer hy n koöperasie soos volg: „Whenever a group of persons representing households or enterprises pursues jointly the aim of strengthening their individual economic positions, this is a cooperative.“⁽⁶³⁾

Die uitkoms van hierdie gesamentlike optrede is n „Cooperative auxiliary plant“ wat hy soos volg omskrywe. „The plant, on the other hand, is a technical organisational unit comprising a combination of economic factors. It is not an economic unit, it always remains an object, a substratum of the subject of the volition and power which controls it.“⁽⁶⁴⁾

In die praktyk sal die toets of n koöperasie werklik n

/koöperasie.....

(62) Op. cit., p. 101-115.

(63) Id., p. 102.

(64) Id., p. 113.

koöperasie (auxiliary plant) is, lê in die relasies wat daar tussen die koöperasie en sy lede bestaan. In hierdie verband onderskei hy vier werklike tipes op grond van die aktiwiteit of passiwiteit van die bestuur en lede, en toets hy hulle dan aan hierdie definisie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die aard van n koöperasie nie afhang van die aktiwiteit of passiwiteit van die bestuur of lede nie, maar van die relasie tussen die koöperasie en die ledebedrywe in dié sin of dit n „auxiliary” is of nie.

Solank as wat die koöperasie slegs op een mark optree, het ons te doen met n ware „auxiliary”, al sou dit beteken dat die bestuur, binne sekere grense, selfstandig optree.

§3.4.3.6 Richard Phillips⁽⁶⁵⁾

Wanneer n groep individuele firmas of huishoudings n koöperatiewe assosiasie vorm, kom hulle onderling ooreen om n „plant” daar te stel wat gesamentlik bestuur word as n integrale deel van hulle eie firmas of huishoudings. Die koöperasie wat so tot stand gekom het, het geen ekonomiese belange van sy eie nie. Dit dien slegs die belange van die deelnemende lede-ekonomieë op dieselfde wyse as wat n enkele „plant” in n „multi-plant”-firma dit doen. Die deelnemende firmas funksioneer saam as n ekonomiese span in die belang van die gekoördineerde aktiwiteit. In hierdie verband moet hulle n gedeelte van hulle soewereine onafhanklikheid afstaan ten gunste van hulleself as n span. „It is technically correct to speak of the cooperative plant and of cooperating firms, but not of the cooperative firm.”⁽⁶⁶⁾

/Hierdie.....

(65) Phillips. Economic nature of the cooperative association, op. cit., p. 74-87.

(66) Id., p. 75.

Hierdie „economic institution” is nie n organisasie van persone nie, maar van soewereine ekonomiese eenhede en op grond hiervan onderskei Phillips die koöperasie van n onderneming. Die koöperasie kan nooit n firma wees op grond van die klandisie wat dit met sy lede het nie, want klandisie op sigself is geen produktiewe faktor wat n inkomste kan realiseer in die produksie van goedere en dienste nie. Die waarde van klandisie vir n firma word weerspieël in die aard van die vraag- en aanbodfunksies van daardie onderneming. Die koöperasie kan dus geen firma of onderneming wees nie, want dié twee aspekte is nie met mekaar te versoen nie, nl. om handel te drywe met sy lede en tergelykertyd n voordeel uit hierdie handel vir sy lede te bewerkstellig. Dit kom dus in wese weer neer op die tweesydige markverbindingskriterium wat deur Ohm en Seraphim toegepas is.

Die koöperasie het geen entrepreneur nie, maar elke individuele ekonomiese eenheid het sy eie entrepreneur. „Except for the coordination necessary to enable a group of economic units to operate a common plant jointly, the member units function independently of one another in the pursuit of their individual economic careers.”⁽⁶⁷⁾

Ten opsigte van die aard van die onderneming, „establishment”, „plant”, „economic entity” „agency” of „going concern” wat as gevolg van horisontale kombinasie tot stand gekom het, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- (a) Persone wat die koöperasie as n „agency” beskou, doen dit op grond van die „nie-onafhanklikheid” daarvan en hierdie „agentskap” kan nie in die gewone juridiese sin verklaar word nie.

/(b) Ten.....

(67) Id., p. 76.

- (b) Ten opsigte van die persone wat die koöperasie as n onderneming sien, is daar die volgende opvattinge:
- (i) Hulle is nie-onafhanklike ondernemings wat hulle winstrewe tot die voordeel van die lede moet uitoefen.
 - (ii) Die koöperasies kan entrepreneursbesluite neem en moet daarom as n onderneming of „going concern" geag word.
 - (iii) Die koöperasie is n onderneming op grond van die bestuursbeleid wat dit volg.
 - (iv) n Koöperasie is n onderneming op grond van die risiko wat dit moet aanvaar en die toepassing van n rasionele beleid met inagneming van die ekonomiese prinsipe. Dit neem selfstandig besluite t.o.v. likwiditeit, rentabiliteit en finansiering.
- (c) Die persone wat n koöperasie nie as n onderneming beskou nie, baseer hulle onderskeiding op die volgende gronde:
- (i) Lede van n koöperasie is nie „fractural entrepreneurs" soos aandeelhouders van n maatskappy nie.
 - (ii) Lede van die koöperasie ontvang nie n residuele inkomste nie.
 - (iii) As die enigste klante van die koöperasie, kan daar nooit n wins gerealiseer word nie.
 - (iv) Die koöperasie voer nie n eie selfstandige bestaan nie en het daarom geen entrepreneur nie.
 - (v) Die koöperasie tree net op een mark op en kan daarom nooit n wins realiseer nie.
 - (vi) Klandisie is op sigself geen produktiewe krag nie en kan daarom nooit n inkomste realiseer nie.

/(d) Ten opsigte..

- (d) Ten opsigte van die eienskappe van hierdie ekonomiese entiteit of „establishment" kan die volgende opgemerk word:
- (i) Dit word gesamentlik bestuur tot die voordeel van almal.
 - (ii) Dit is vertikaal met elke samestellende ekonomiese eenheid geïntegreer.
 - (iii) Elke individuele ekonomiese eenheid behou sy outonome karakter.
 - (iv) n Nuwe beslissingnemende entiteit het tot stand gekom.
 - (v) n Nuwe risikodraende entiteit het tot stand gekom.
 - (vi) n Nuwe inkome-eenheid het tot stand gekom, maar dit is ondergeskik aan die belange van die ledebedrywe waaruit dit saamgestel is.
 - (vii) Inbegrepe by die kontrak, of multilaterale ooreenkoms, is die verpligting van lede om ook die klante van die koöperasie te wees.

§4 n EIE BESKOUING OOR DIE AARD VAN KOÖPERASIE

§4.1 Inleiding

Aangesien die koöperasie n middel is waardeur die mens trag om sy ekonomiese behoeftes beter te bevredig - dus n deel van die mens se ekonomiese bedrywighe - is dit eerstens nodig om te let op die aard van die menslike behoeftes en die bevrediging daarvan.

Indien die ekonomie slegs vanuit n suiwer wetenskaplike oogpunt beskou word, behoort die definisie van prof. Robbins oor die aard van die ekonomie aanvaar te word: „Economics is the science which studies human behaviour as a relationship between ends and scarce means

/which.....

which have alternative uses." (68)

Volgens hierdie definisie gaan dit dus suiwer om die ekonomiese prinsipe en wil dit dat ons neutraal staan teenoor die doel van die handeling, d.w.s. teenoor die ekonomiese motief. Die probleem van die ekonomie is dus volgens hom, suiwer n probleem van ekonomisering en in hierdie verband sê hy dan ook: „... there are no economic ends. There are only economical and uneconomical ways of achieving given ends." (69)

Gesien vanuit hierdie suiwer wetenskaplike oogpunt, het die ekonomiseringsdrang van die mens die koöperatiewe vorm ten gevolg gehad. Die koöperasie moet dus gesien word as n bepaalde wyse waarop die mens te werk gaan om op die mees doeltreffende wyse daardie ekonomiese behoeftes te bevredig. Hieruit volg dan dat die doelmatigheid van daardie ekonomiese handeling ook op n objektiewe wetenskaplike wyse getoets moet word. Die volgende maatstaf voldoen aan hierdie suiwer wetenskaplike vereiste: „A farmers cooperative (or any other cooperative) (70) is an economic tool by which farmers aim to develop their opportunities and objectives... Its balance sheet and its equipment, both physical and personal, are significant as measures of ability to maintain and improve service to members." (71)

Teen die eerste deel van die maatstaf kan daar geen beswaar ingebring word nie; teen die tweede deel is daar bedenkinge. Kan die Christen-gelowige hierdie a-Calvinistiese, hedonistiese siening

/aanvaar?.....

(68) Robbins, L. An essay on the nature and significance of economic science. London, 1932. p. 15.

(69) Id., p. 129.

(70) Gedecelte tussen hakies, deur my.

(71) Reynolds, op. cit., p. 145.

aanvaar? Kan hy neutraal staan teenoor die doel van n ekonomiese handeling en kan die balansstaat die enigste norm wees om die doelmatigheid van hierdie handeling te meet? Voordat op hierdie vrae geantwoord kan word, moet daar eers gelet word op wat n lewens- en wêreldbeskouing van die mens eis. So merk prof. Stoker in hierdie verband op: „Die diepste aard van die mens eis dat hy lewens- en wêreldbeskoulike antwoorde sal gee op fundamentele vrae soos: Hoe moet ek kies? Wat moet ek besluit? Wat moet ek glo? ...”(72) Met hierdie opvatting wil ek my vereenselwig. Die mens is gebonde aan sy lewens- en wêreldbeskouing en dit vereis dat hy uitspraak moet gee oor die dinge van die lewe; hy kan nie neutraal staan nie; hy moet n standpunt inneem. Vir die Christengelowe is die Woord van God die openbaring van n hoër wetmatigheid en normatiwiteit. Sy geopenbaarde Woord eis van ons gehoorsaamheid aan Sy Wil en dat ons Hom in alles en deur alles moet verheerlik. Dit is die doel van die mens op aarde. Hierdie gebondenheid aan die Wil van God eis dat die mens in die uitoefening van sy wetenskap, in die beoefening van sy sport, in die nakoming van sy sosiale pligte, in die bevrediging van sy ekonomiese behoeftes, ja in alles, aan Hom gehoorsaam moet wees. Die doelmatigheid van die handeling van die mens - ook sy ekonomiese handeling - moet dus ook gemeet word aan hierdie hoër transendentale wetmatigheid en normatiwiteit. Ons ekonomiese handeling moet dus nie alleen ekonomies doelmatig wees nie, maar ook eties en religieus doelmatig.

Om nou tot koöperasies terug te keer, moet ek eers n antwoord vind op hierdie eenvoudige vraag: Hoekom sluit ek by n koöperasie

/aan?.....

(72) Stoker, H.G. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom, 1961. p. 114.

aan? Die antwoord skyn heel eenvoudig te wees, naamlik: Om in my ekonomiese behoeftes te voorsien. Met die teoretici wat dit as n antwoord verstrek, wil ek volmondig saamstem, want daar kan net nie, altans skynbaar, n ander motief wees nie. Maar vir die Christen is daar ook nog n ander hoër doel of norm en dit is dat hierdie aansluiting in ooreenstemming met Sy Wil moet wees. Hierdie aansluiting by die koöperasie lei tot die bevrediging van bepaalde ekonomiese behoeftes en in die bevrediging van daardie behoeftes moet ek Hom verheerlik. Dit is dus nie vir die Christen n willekeurige saak watter behoeftes hy gaan bevredig of watter hy onbevredig gaan laat nie.

Verder sal hy ook op die werkswyse of metode van die koöperasie let en indien dit nie in ooreenstemming is met sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie, sal hy, nieteenstaande die ekonomiese voordele wat dit inhou, nie daarby aansluit nie. Die koöperasie word n integrale deel van sy eie ekonomiese eenheid; die lid neem deel aan die beslissings van die koöperasie en aanvaar die risiko's. Omdat hy deelneem aan die beslissings van die koöperasie, moet hy ook verantwoordelikhede vir die dade van die koöperasie aanvaar - in ekonomiese sowel as in etiese en religieuse sin. Indien hy hierdie verantwoordelikhede nie wil aanvaar nie, sal hy nie lid word nie.

Volgens Robotka⁽⁷³⁾ moet die lid by aansluiting afstand doen van n gedeelte van sy beslissingnemende funksie ten gunste van groepsbeslissings. Ons aanvaar hierdie stelling en wil dit ook met die Christelike siening versoen. Ekonomies gesien, sal n lid nie

/aansluit.....

(73) A theory of cooperation, op. cit., p. 103.

aansluit indien hy nie daarvoor kans sien om n gedeelte van hierdie funksie af te staan nie. Ten opsigte van die Christelike standpunt, is dit eers nodig om op die aard van n ekonomiebeslissing te let. By die neem van n ekonomiebeslissing is daar vir die Christengelowige drie⁽⁷⁴⁾ doeleindes:

- (i) Die onmiddellike doel: dit is die verkryging van beskikkingsmag oor goedere.
- (ii) Die verwyderde doel: dit is die bevrediging van die behoeftes.
- (iii) Die uiteindelijke of hoogste doel: dit is die verheerliking van God in alles en deur alles.

By aansluiting moet hy die versekering hê dat hierdie hoogste doel ook in die groepbeslissing nagestreef sal word. Indien hy nie daardie versekering het nie, sal hy nie die medeverantwoordelikheid wil aanvaar vir n beslissing wat in stryd is met die Wil van God nie. Die koöperasie is dus vir hom nie aanvaarbaar nie en hy sal dus nie aansluit nie. n Bestaande lid kan ook om twee redes bedank. In die eerste plek kan dit gebeur wanneer die koöperasie nie meer sy ekonomiese belange na behore dien nie. Hy sal ook bedank indien die werkwyse of praktyke van die koöperasie nie meer in ooreenstemming is met sy lewens- en wêreldbeskouing nie.⁽⁷⁵⁾

/Hiermee.....

(74) du Plessis, F.J. Inleiding tot die beskrywende ekonomie. Zaandijk, 1962, p. 17.

(75) In hierdie verband kan baie voorbeelde van handeling genoem word wat in stryd kan wees met n lewens- en wêreldbeskouing, bv. n skenking aan n bepaalde kerkgroep of politieke party, deelname aan boikotte of sanksies; onfatsoenlike advertensies; onchristelike handelspraktyke; diskriminasie e.s.m.

Hiermee wil ek nie te kenne gee dat koöperasies Christelike instellings is of behoort te wees nie, of wat op Christelike grondslag funksioneer nie. Indien ek dit sou aanvaar, dan het ek my doel met hierdie studie gemis. Koöperasies word opgerig met die uitsluitlike doel om die ekonomiese belange van sy lede te bevorder, maar indien die ekonomiese aktiwiteite van die koöperasie nie in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing van mense is nie, sal hulle nie daarby aansluit nie; nóg die Christen nóg die Mohammedaan, nóg die Ateïs sal aansluit indien dit nie aan hierdie vereiste voldoen nie.

Verder wil ek ook nie te kenne gee dat die struktuur, aard en metode van die koöperasie moet verander om aan te pas by hierdie meta-ekonomiese behoeftes nie - verre daarvandaan; die koöperasie is aangepas by die ekonomiese behoefte van die mens en dit is vir die individu om te bepaal of hy lid daarvan gaan word op grond van sowel sy ekonomiese, as meta-ekonomiese behoeftes. Hiermee wil ek my dan vereenselwig met Henzler en Draheim nl. dat die persoonlikheidselement wel 'n rol speel en dat naas die ekonomiese behoeftes daar ook etiese, sosiale, politieke en godsdienstige redes is wat bepaal of 'n persoon lid van 'n koöperasie word, al dan nie.

§4.2 Sintese

In die lig van dit wat tot sover oor die onderwerp gesê is en met inagneming van die Christelike siening, sal daar nou gepoog word om tot 'n sintese te kom. Dit is egter altyd moeilik om tot 'n definisie te kom, omdat dit nie vir almal beskore is om met min omhaal van woorde, inhoud te gee aan dit wat hy weet of aanvoel nie. Ons sal in elk geval dit tog met die volgende definisie waag:

/n Koöperasie.....

n Koöperasie is n vereniging van persone wat hulle ekonomiese eenhede horisontaal kombineer in n gesamentlike sake-inrigting waar- deur die groepsaktiwiteit saam bestuur en geadministreer word tot die uitsluitlike ekonomiese voordele van die ekonomiese eenhede, wat ook die enigste klante is.

Vervolgens is dit nodig om kortliks stil te staan by die elemente wat in hierdie definisie opgesluit is. Die elemente is die volgende: (a) vereniging van persone; (b) ekonomiese eenhede; (c) horisontaal kombineer; (d) gesamentlike sake-inrigting; (e) saam bestuur en geadministreer; (f) uitsluitlike ekonomiese voordele van die ekonomiese eenhede; (g) wat ook die enigste klante is.

§4.2.1 „Vereniging van persone”

Ons verkies hierdie begrip bo „assosiasie”, omdat, volgens ons mening, die persoonlike element nooit uitgesluit kan word nie. In die lig van die Christelike siening oor hierdie saak, is dit vir ons duidelik dat daar naas die suiwer ekonomiese motiewe van die individuele lid ook nog meta-ekonomiese motiewe teenwoordig kan wees. In hierdie opsig wil ons dan, met sekere voorbehoude, ons skaar by die gedagterigting, soos aangegee deur Draheim⁽⁷⁶⁾ en Henzler⁽⁷⁷⁾ waar hulle wys op hierdie dubbele aard van die koöperasie. In hierdie verband beweer Draheim dat dit n eensydige siening is om die koöperasie te beskou as n assosiasie wat sy ontstaan bloot te danke het aan die egoïstiese natuur van die mens – die strewe na maksimum ekonomiese voordele. Aan die anderkant is dit net so eensydig om die koöperasie se ontstaan toe te skrywe aan

/wat hy.....

(76) Op. cit., p. 16.

(77) Op. cit., p. 11.

wat hy noem „Genossenschaftsgeist" of „Genossenschaftsgesinnung". Hy erken albei hierdie elemente: „Jede Genossenschaft hat eine Doppelnatur. Sie ist grundsätzlich immer eine Personenvereinigung, eine „Gruppe" im Sinne der Soziologie und der Sozialpsychologie. Die Glieder dieser Gruppe sind Menschen, die die Träger der Genossenschaft darstellen; ein Gemeinschaftsbetrieb der Mitgliederwirtschaften. Träger dieses Gemeinschaftsbetriebes sind dieselben Individuen, die die Gruppe bilden." (78)

Met hierdie opvatting moet ons gedeeltelik saamstem; dit is tog immers mense met n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat die koöperasie bestuur en rig, wat die beleid moet stel, beslissings moet neem en die koöperatiewe gedagte verder moet uitdra. En in al hierdie ekonomiese werksaamhede kan die persoonlikheidselement nooit uitgesluit word nie. Die mens is gebonde aan sy lewens- en wêreldbeskouing en die Christen erken die Wil van God in alles wat hy doen – ook daar waar hy in koöperatiewe verband optree.

Hiermee wil ek my ook afskei van die sosio-reformatoriese siening. Dit is nie, en dit kan ook nooit die doel van die koöperasie wees om n sosio-ekonomiese hervorming teweeg te bring nie. Die koöperasie is slegs n middel, n instrument om die ekonomiese posisie van sy lede te verbeter, maar in hierdie taak wat dit het om te verrig, is daar ook daardie persoonlikheidselemente wat help om die rigting aan te gee.

§4.2.2 „Ekonomiese eenhede"

Met die invoeging van hierdie begrip wil ons aansluit by die opvattinge van Emelianoff, Robotka, Phillips en andere soos in
/die vorige.....

(78) Draheim, op. cit., p. 16.


die vorige afdeling bespreek is. Die ekonomiese eenhede sluit sowel huishoudings as firmas in. Die behoeftes van hierdie ekonomiese eenhede is suiwer ekonomies van aard. Hier kan geen sprake wees van meta-ekonomiese doelstellings nie. Maar hierdie ekonomiese eenhede is afhanklik van die leiding van mense en hiermee wil ek dan hierdie element aan die vorige een koppel om die persoonlikheids-element en die suiwer ekonomiese motiewe met mekaar te versoen.

§4.2.3 „Horisontaal kombineer”

Hoewel Knapp⁽⁷⁹⁾ die woord „integrasie” in sy definisie gebruik, wat eintlik dieselfde betekenis het as „kombinasie” soos deur Robotka gebruik, verkies ons liefs laasgenoemde woord, aangesien dit so n effens beter gevoelswaarde het. Dit dui beter op samewerking as die woord „integrasie”. Ons aanvaar die verdere deel van die definisie van Knapp wat inhou dat geen konsolidasie of amalgamasie plaasgevind het nie. Die individuele ekonomiese eenhede behou hulle outonome karakter, elk met sy eie entrepreneur, behalwe vir dié gedeelte wat gekombineer is en wat afhanklik is van die gesamentlike besluit van die groep. Behalwe vir die horisontale kombinasie wat plaasgevind het tussen die verskillende ekonomiese eenhede, is elke ekonomiese eenheid ook vertikaal met die koöperasie geïntegreer. Die aanvaarding van die beginsel van vertikale integrasie, stel ons dan ook in staat om die presiese posisie van die markkontrahente op die mark aan te dui en ook om die tweesydige markverbindingskriterium toe te pas om die koöperasie van die onderneming te onderskei. In n gewysigde vorm word die figuur op bl. 71 weer herhaal.

/Hierdie.....

(79) „As here used, horizontal integration implies the general grouping of like business units under one general administrative control ...” Op. cit., p. 1032.



Hierdie figuur toon duidelik hoedat ekonomiese eenhede 1, 2, 3 ... 6 horisontaal in die koöperasie gekombineer is en hoedat die koöperasie vir n klein gedeelte vertikaal in die lede-ekonomieë geïntegreer is. Die ekonomiese eenhede is duidelik deur die ononderbroke lyne van mekaar geskei, behalwe vir dié gedeeltes wat in die koöperasie geleë is en met stippellyne aangedui is. Dit dui op die outonome aard van elke ekonomiese eenheid, behalwe vir dié gedeelte wat horisontaal met ander ekonomiese eenhede in koöperatiewe verband gekombineer is.

§4.2.4 „Gesamentlike sake-inrigting“

Die begrip „sake-inrigting“ word gebruik in dieselfde betekenis as die begrippe „establishment“, „economic entity“

/„common.....“

„common plant” en „institution” om dit van ’n sake-onderneming of firma te onderskei.

Die koöperasie is geen sake-onderneming nie, hoewel dit sake vir sy klante (die ekonomiese eenhede) verrig. In hierdie geval kan ons sowel die kriterium van Ohm en Seraphim, d.w.s. die tweesydyge markverbindingkriterium asook die „winssoekende” kriterium van Emelianoff en Phillips aanleë om vas te stel dat die koöperasie geen wins kan realiseer nie, omdat dit geen selfstandige ekonomiese eenheid is nie. (Dit is wel ’n ekonomiese entiteit wat binne sekere grense selfstandig optree).

Ten opsigte van die winsstrewe is daar twee terme wat duidelik vanmekaar onderskei moet word. Ohm⁽⁸⁰⁾ wys op die verskil tussen die begrippe „gewinnestrebige” en „ertragstrebige”. Die eerste begrip kan toegepas word op ondernemings, terwyl die laaste begrip toegepas kan word op die koöperasie wie se inkomtestrewe tot die voordeel van die lede geskied.

Pas ons die tweesydyge markverbindingkriterium toe, is dit duidelik dat die koöperasie geen wins kan realiseer nie, soos die figuur ook duidelik aantoon. Wins kan alleen gerealiseer word deur op die aankoop- sowel as die verkoopmark op te tree en deur die beleid van goedkoop inkoop en duur verkoop. Dit kan die koöperasie nie doen nie, omdat hy afgesny is van een van die twee markte. Om hierdie rede kan die arbeidersproduksiekoöperasies dan ook geen ware koöperasies wees nie. In die eerste plek is die ekonomiese eenhede geheel-en-al binne die koöperasie opgeneem, sodat daar nie meer sprake van outonome ekonomiese eenhede kan wees nie. Die

/koöperasie.....

(80) Op. cit., p. 13.

koöperasie dien nie as n verlengstuk van die ekonomiese bedrywig-
hede van hierdie lede nie. Hierdie koöperasie tree op twee markte
op en moet daarom as n sake-onderneming beskou word.

§4.2.5 „Saam bestuur en geadministreer word”

Hierdie begrip impliseer dat: (i) n nuwe beslissing-
nemende eenheid ontstaan het, (ii) n nuwe risikodraende eenheid
ontstaan het, en (iii) dat, indien nodig, kapitaalbydraes deur lede
gemaak moet word om die saak te administreer. Wat die eerste twee
eienskappe betref, wil ons ons vereenselwig met die opvatting van
Robotka,⁽⁸¹⁾ wat reeds in vorige paragrafe behandel is. Ten opsigte
van die derde eienskap, waarop daar in die laaste hoofstuk breed-
voerig ingegaan sal word, wil ons op hierdie stadium net meld dat
kapitaalbydraes deur lede nie nodig is indien die aard van die werk
van die koöperasie nie sodanige fondse vereis nie, bv. die „non
stock, non profit associations”. Indien die koöperatiewe werksaam-
hede van so n aard is dat fondse benodig word, word daar van lede
geëis dat hulle bydraes moet doen. Hierdie bydraes is nie identies
met die aandele van n publieke maatskappy nie, maar is n vooruit-
betaling wat lede aan die koöperasie doen om die dienste wat die
koöperasie namens hulle verrig, te finansier.

§4.2.6 „Uitsluitlike voordele van die ekonomiese eenhede”

Hierdie element in die definisie impliseer dat die
koöperasie sekere voordele realiseer en daarom stem ons ook saam
met Robotka⁽⁸²⁾ dat daar nou n nuwe inkome-eenheid tot stand gekom
het. Hierdie inkome-eenheid is nie outonoom van aard nie, maar tree
/op in.....

(81) Theory of cooperation, op. cit., p. 103-4.

(82) Id., p. 105.

op in die belang van die ekonomiese eenhede waaruit dit saamgestel is, of soos Seraphim dit stel: „... it always remains an object, a substratum of the subject of volition and power which controls it.”⁽⁸³⁾

§4.2.7 „Wat ook die enigste klante is”

Die koöperasie is vir die lid slegs 'n kanaal, 'n middel waardeur hy sy besigheid verrig. Om die voordele van grootskaalse besigheid te verkry, sluit hy by die koöperasie aan, boet in hierdie proses sekere individuele vryhede in, aanvaar sekere risiko's wat hy nie vantevore gehad het nie, betaal sekere geldbedrae aan die koöperasie om sy sake vir hom te behartig en onderwerp hom aan groepbeslissings. Hy verwag as teenprestasie dat die koöperasie vir hom hierdie dienste teen kosprys sal lewer. (Daar is reeds aangetoon dat die koöperasie geen wins kan maak nie). Wanneer die koöperasie nou besigheid met nie-lede doen, tree hy dadelik op twee markte op, nl. 'n inkoop- en verkoopmark. Die surplus van inkomste bo uitgawes op hierdie transaksies, is wins. Hierdie metode is nie eie aan die koöperatiewe aard nie en daarom moet sulke koöperasies as „pseudo-koöperasies”⁽⁸⁴⁾ beskou word. In die volgende hoofstuk sal hierdie aspek nader ondersoek word.

(83) Seraphim, op. cit., p. 113.

(84) Emelianoff, op. cit., p. 222.

HOOFSTUK VI

EKONOMIESE VERHOUDINGE EN VERSKYNSELS BINNE

DIE KOÖPERASIE

§1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n teoretiese analise van die aard van 'n koöperasie gegee. Dit vorm die raamwerk waarbinne nou sekere verhoudinge en verskynsels binne die koöperasie op 'n teoretiese grondslag verklaar kan word.

Wat uiterlike kenmerke betref, stem koöperasies in 'n groot mate ooreen met ander kollektiewe ondernemings, met name die aandeelmaatskappy, kartelle en sindikate. Die gevolg is dat daar 'n juridiese kled om koöperasies gehang word wat dikwels die ware aard daarvan verberg. So word die kapitaal van die koöperasie dikwels as ondernemerskapitaal beskou en risiko's en voorregte wat uit die werksaamhede van koöperasies voortspruit, aan die deelname van hierdie kapitaal gekoppel. Dit dra by tot wanbegrippe i.v.m. die ware aard van die kontrolefunksie binne 'n koöperasie, rente op kapitaal, dividend uit surplusse, die kosprysbeginsel, die betaling van inkomstebelasting en die opbouing van reserwes.

Indien die analise van die aard van koöperasie, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit is, korrek is, dan behoort dit 'n bevredigende basis te verskaf vir 'n ekonomiese verklaring van hierdie verhoudinge en verskynsels binne die koöperasie. Die metode, soos deur ons toegepas, is dus presies die teenoorgestelde van die metode wat toegepas is in die deskriptiewe literatuur, wat uit die waarneming van sekere uiterlike kenmerke, o.a. die sogenaamde „Rochdale“-beginsels, die aard van koöperasie wou verklaar. Hoewel

/die.....

die beginsels nie die toetssteen kan wees om die ware ekonomiese aard van koöperasies te verklaar nie, is baie van hierdie beginsels tog versoenbaar met die wese van 'n koöperasie en kan die toepassing daarvan op prinsipieel-teoretiese gronde verklaar word.

Na analogie van Robotka⁽¹⁾ se voorbeeld van 'n klompie produsente van lewende hawe wat hulle bemarkingsfunksie koördineer, kan sekere verskynsels binne die koöperasie op 'n eenvoudige wyse verklaar word. Hy noem die voorbeeld van 'n klompie produsente wat eers hulle lewende hawe individueel bemark het, maar later besluit om die bemarkingsfunksie te kombineer om sodoende sekere voordele te verkry. Hierdie voordele is o.a. die besparing as gevolg van die vervoer in ekonomiese eenhede, kontrole van die aanbod op die mark en die uitskakeling van kompetisie tussen die lede.

Getoets aan die definisie wat ons van 'n koöperasie gegee het, beteken dit dat hier nou 'n multilaterale ooreenkoms tussen ekonomiese eenhede plaasgevind het. Die eenhede is horisontaal gekombineer t.o.v. die bemarkingsfunksie alleen, en elke ekonomiese eenheid het sy volle outonome aard behou. Slegs ten opsigte van die bemarkingsfunksie word sekere individuele voorregte ingeboet. Die voorregte wat ingeboet word, is o.a. die volgende: die individuele ondernemersbesluit oor die mark waarheen die lewende hawe gestuur sal word, die wyse waarop die vervoer sal geskied, hoe die vraag verseker sal word, watter voorsiening daar gemaak sal word vir voer, water en die ontvangs van die goedere op die eindpunt, ens. Hierdie aspekte word nou aan groepbeslissings onderwerp ('n nuwe beslissingsnemende eenheid) en die risiko van elke deelnemende lid spruit voort uit

/hierdie.....

(1) A theory of cooperation, op. cit., p. 101-102.

hierdie beslissings wat geneem word. Voorregte en verpligtinge van 'n lid kan alleen ontstaan indien hy aan hierdie groepaktiwiteite deelneem. Sonder deelname aan hierdie aktiwiteit kan daar vir hom geen verpligting wees t.o.v. vervoer, voer, kommissie en ander gelde nie en kan hy ook geen voordele bekom nie. Indien die kontrak egter bepaal dat daar op sekere voorafbepaalde datums bemark sal word, is lede egter verplig om hulle hieraan te hou, aangesien die voordele alleen verkry kan word indien ekonomiese eenhede bemark word. 'n Lid kan dus aanspreeklik gehou word vir verliese wat deur ander lede gelei word indien hy hom nie aan die bepalings van die ooreenkoms hou nie.

§2 VERHOUDINGE EN VERSKYNSELS BINNE DIE KOÖPERASIE

Na aanleiding van die eenvoudige voorbeeld van 'n koöperasie hierbo, kan sekere verskynsels nou verklaar word, nl.

§2.1 Die kapitaal van die koöperasie

In die voorbeeld hierbo was daar glad nie eers sprake van kapitaal nie, hoewel elke lid tog sekere risiko's moes aanvaar. Die veronderstelling was dat elke lid self sy eie onkoste moes finansier, bereken op die basis van die pro rata deelname wat die lid aan elke bemarkingsgeleentheid gehad het. In hierdie verband sal 'n groepbesluit geneem moet word t.o.v. die basis waarop vervoerkoste en reëlins i.v.m. ander gelde, bv. voer, strooi vir kooigoed, oppasgeld, trokgeld ens. betaal moet word. Dit kan bv. geskied op grond van die gewig van die diere, of die hoeveelheid wat elkeen bemark, of die pryse wat gerealiseer word, of enige ander basis waarop ooreengekom word; die hoofsaak is net dat elkeen sy eie transaksie moet finansier.

Daar dien baie noukeurig op die volgende aspekte gelet te

/word:.....

word. (a) Beslissings i.v.m. die bemarking van lewende hawe is geneem deur n groep persone uit hoofde van hulle deelname aan hierdie funksie, nie uit hoofde van kapitaalbydraes nie. (b) Risiko's is aanvaar uit hoofde van hulle deelname aan die bemarkingsfunksie en nie op grond van kapitaalbydraes nie. (c) Voorregte en verpligtinge spruit eweneens voort uit hoofde van hulle deelnemende funksie.

Na aanleiding van bogenoemde waarnemings kan die aard van die kapitaal van n koöperasie nou verklaar word. By n eenvoudige kombinasie van aktiwiteite, soos in die voorbeeld hierbo, was kapitaalbydraes nie nodig nie. Wanneer die gesamentlike aktiwiteit egter n meer kontinue vorm aanneem, is dit miskien nodig om meer permanente geriewe daar te stel om hierdie gesamentlike aktiwiteit uit te voer. So moet daar bv. voorsiening gemaak word vir die oprigting van n skuur vir die stoor van voer, kooigoed en ander middele wat nodig is, vir die huur van n persoon wat die vrag na sy bestemming moet vergesel, vir die hou van boeke waarin die inkomste en uitgawes van die gesamentlike aktiwiteit aangeteken word, sowel as die hoeveelhede (per gewig of kop) wat met elke geleentheid deur elke lid bemark is. Om hierdie dienste in stand te hou, sal elke lid n bydrae aan die gesamentlike sake-inrigting moet maak in die vorm van geld en/of goedere. Hierdie bydraes kan die vorm aanneem van bedrae wat van tyd tot tyd aan die gesamentlike sake-inrigting oorbetaal word of n eenmalige bedrag kan vooruitbetaal word vir die daarstelling van permanente geriewe, met die veronderstelling dat alle lopende uitgawes in die toekoms as n aftrekking van die opbrengs wat elke lid realiseer, gemaak sal word.

Hierdie vooruitbetaling vir die daarstelling van permanente

/geriewe.....

geriewe word dikwels met die aandelekapitaal van n aandelemaatskappy verwar, aangesien dit by koöperasies ook n gebruik geword het om aandelesertifikate uit te reik vir bedrae aldus gemaak. Wanneer daar egter nagegaan word wat die doel van hierdie bydrae is, kom die verskille ook baie duideliker na vore. By die aandelemaatskappy word kapitaalbydraes gemaak in afwagting op n vergoeding, dus om deel te hê aan die wins van die onderneming; by n koöperasie word kapitaalbydraes gemaak in die vooruitsig om deel te hê aan die produktiewe dienste van die koöperasie. „Hiermee word die eiekapitaal van die koöperasie van sy ondernemersaard ontklee en in n ander kategorie getransformeer.”⁽²⁾

Daar dien ook op gelet te word dat die stemreg van die besitter van aandele in n aandelemaatskappy gebaseer is op die hoeveelheid aandele wat hy besit, d.w.s. op die omvang van sy kapitaalbydrae. In die geval van n koöperasie word dit gedoen uit hoofde van n lid se deelname aan die bemarkingsproses, soos reeds aange-ton. Dit geld ook t.o.v. die risiko's wat aanvaar word. Die juri-diese klee wat dikwels om koöperasies gehang word, verberg hierdie verskil, omdat daar in die statute van geïnkorporeerde koöperasies gewoonlik deur wetgewing voorsiening gemaak word vir die opneem van aandele, beperkings op die stemreg, aanspreeklikheid van lede en aanspraak op die bates van die koöperasies.

Yehuda Don som die verskil tussen die kapitaal van die koöperasie en dié van n aandelemaatskappy baie mooi op: „From the member-investor's point of view, his share in the cooperative plant's capital has virtually none of the economic features of an investment
/in shares.....

(2) Ohm, op. cit., p. 48.

in shares. The member, functioning merely as a shareholder, is not entitled to any profit resulting from the operation of the plant, neither is he responsible for losses which might occur during these operations. Shareholding has no quantitative significance in acquiring greater decision-making power in the decision making body of the association. Yet - in case of a capital stock association - it pays dividend."⁽³⁾

§2.2 Die Kosprysbeginsel

Die beginsel dat koöperasies goedere en dienste teen kosprys aan sy lede lewer, moet gesien word in die lig van die besondere aard van koöperasies. Daar is reeds op gewys dat n koöperasie slegs n „auxiliary plant”⁽⁴⁾ is en dat dit geen selfstandige ekonomiese eenheid met n selfstandige ekonomiese plan is nie. Dit kan geen inkomste en daarom ook geen wins vir homself realiseer nie. Dit tree op in die belange van die ekonomiese eenhede waaruit dit saamgestel is. Alle inkome wat verkry word, behoort aan die lede daarvan oorbetaal te word, daarbenewens moet alle onkoste wat dit aangaan en alle verliese wat gely word, deur die lede betaal of gely word. Dit dien slegs as n skakel tussen sy lede en die mark. In die geval van n verbruikerskoöperasie verkoop dit nie verbruikersgoedere aan lede nie, maar koop dit namens sy lede op die mark. Lede is verplig om die volle prys wat deur die koöperasie op die mark betaal is, plus die onkoste aan die transaksie verbonde, aan die koöperasie oor te betaal. Al die risiko's wat uit hierdie transaksie mag voortspruit, moet deur die lede en nie deur die koöperasie nie,.....

(3) Don, op. cit., p. 63.

(4) Seraphim, op. cit., p. 113.

rasie nie, aanvaar word. Hier is dit duidelik dat die koöperasie, namens die lede, slegs op een mark optree. Alle winste en alle verliese kom nie die koöperasie toe nie, maar die lede.

In die geval van n landbouafsetkoöperasie verrig die koöperasie die bemarkingsproses namens sy lede. Die inkomste wat uit die verkope van die produkte verkry word, vorm n verpligting van die koöperasie teenoor sy lede; eweneens is alle onkoste i.v.m. die bemarkingsproses n verpligting van lede teenoor die koöperasie.

In hierdie geval moet daar gelet word op die juridiese betekenis van die begrip „agentskap” soos dit deur Kaarlehto⁽⁵⁾ gebruik is in sy definisie van n koöperasie en deur Emelianoff⁽⁶⁾ om die besondere verwantskap tussen die koöperasie en sy lede aan te toon. Dit is baie duidelik dat n koöperasie nooit n agentskap⁽⁷⁾ kan wees nie. In sy wetlike sin is n agentskap n selfstandige ekonomiese eenheid wat tussen kopers en verkopers optree en n kommissie as vergoeding vir sy dienste ontvang. Die koöperasie vorder geen kommissie vir sy dienste nie, maar betaal aan lede die werklike opbrengs van die bruto verkope, min onkoste aangegaan, oor. Indien die kommissie wat n agent ontvang, minder as die onkoste wat hy met die transaksie gehad het is, dan ly hy n verlies. Indien die bedrag wat die koöperasie van die bruto verkoopprijs afgetrek het, minder as die werklike onkoste was, word n addisionele aftrekking gemaak, m.a.w. dit kom ook op die rekening van die lid.

Uit wat in bostaande gesê is, kan afgelei word dat die kos-

/prijsbeginsel.....

(5) Op. cit., p. 31.

(6) Op. cit., p. 171-8.

(7) Don, op. cit., p. 67.

prysbeginsel n noodsaaklike uitvloeisel uit die besondere samestelling van n koöperasie is en dat dit nie om humanitêre redes, soos deur die sosio-reformatore voorgegee word, deur koöperasies toegepas word nie.

§2.3 Verdeling van die surplus

Die uitkering van **surplusse** of oorskotte aan die lede van n koöperasie word dikwels verwar met die dividend wat aandeelmaatskappye aan aandeelhouders uitbetaal, en tog is daar n wesentlike verskil tussen die twee. Verskillende benaminge word deur verskillende skrywers gebruik. So noem Robotka dit „patronage payments and refunds”,⁽⁸⁾ sodat „they should not be confused with distributions of profits made in the form of dividends to stockholders by corporations.”⁽⁹⁾ Ohm⁽¹⁰⁾ gebruik weer die benaming „Rückvergütungen” en „Überschüsse” om dit van „Gewinneverteilung” te onderskei.

Dit blyk dus nodig te wees om die presiese aard van hierdie oorskot of surplus te bepaal, sodat dit op teoretiese gronde onderskei kan word van die dividend op aandeel. Om die onderskeid duidelik na vore te bring, is dit nodig dat ag geslaan moet word op die wyse waarop hierdie oorskot ontstaan. By n aandeelmaatskappy ontstaan die wins as n verskil tussen die inkoopprys en verkoopprys van die onderneming, na aftrek van lopende kostes. Die wyse waarop die verdeling aan aandeelhouders geskied, word bereken op die hoeveelheid aandeel wat aandeelhouders hou. Die aandeelmaatskappy

/kan.....

(8) Robotka, A theory of cooperation, op. cit., p. 107.

(9) Ibid.

(10) Op. cit., p. 55.

kan n wins realiseer omdat hy op twee markte optree. Die klante van n aandeelmaatskappy is nie noodwendig die aandeelhouers nie en indien n aandeelhouer toevallig besigheid met die maatskappy doen, word hy op gelyke voet met die nie-aandeelhouers behandel.

By n koöperasie is die ontstaan van die surplus toe te skrywe aan die kosprysbeginsel soos dit in die vorige paragraaf uiteengesit is. In die proses van diensverrigting aan lede (koop of verkoop) moet die koöperasie noodwendig sekere onkoste aangaan. Hoewel dit die beleid is om dienste teen kosprys te verrig, is dit vir die koöperasie nie altyd moontlik om presies te bepaal wat die kosprys van die diens is op die oomblik wanneer die transaksie plaasvind nie, aangesien daar by n lopende saak, behalwe die direkte kostes verbonde aan die lewering van n diens, ook nog indirekte kostes is wat nie onmiddellik bepaalbaar is nie.⁽¹¹⁾ Die neiging is dus om in die geval van n verbruikerskoöperasie teen n prys wat hoër is as die kosprys, te verkoop; in die geval van n landbouafsetkoöperasie word weer n prys, laer as die werklike verkoopprijs, aan lede betaal. Dit word gedoen om voorsiening te maak vir daardie indirekte kostes, hierbo genoem. Hierdie indirekte kostes kan eers na verloop van die finansiële periode definitief bepaal word. Dit mag nou bevind word dat n lid te veel vir die diens betaal het, waarop die koöperasie dan verplig is om daardie gedeelte wat te veel betaal is, aan hom terug te betaal. Indien dit bevind word dat die lid te min betaal het, moet die verskuldigde bedrag van die lid verhaal word. In hierdie verband stel Kaarlehto dit soos volg:

„Patronage dividends are actually inherent because of the tendency

/to.....

(11) Koste soos waardevermindering, salarisse aan personeel, reparasies, assuransies, verliese ens.

to underestimate the cooperative's average return and to overestimate its operating costs."⁽¹²⁾

Tot sover die ontstaan van die surplus. Indien daar gelet word op wie vir die ontstaan van die surplus verantwoordelik is, blyk dit baie duidelik dat dit in die geval van die koöperasie, die lede van daardie koöperasie is. Hoe meer lede dus gebruik maak van die dienste van die koöperasie, hoe groter sal die surplus of die tekort wat uiteindelik sal ontstaan, wees. Hierdie surplusse of tekorte kom dus die lede, wat daarvoor verantwoordelik was, toe. Die winste wat n aandeelmaatskappy realiseer, kom die aandeelhouders toe uit hoofde van hulle risiko-aanvaarding by die verskaffing van kapitaal en nie uit hoofde van hulle omset met die firma nie. Indien die maatskappy tog n besluit sou neem om dieselfde beginsel by hulle ondernemings toe te pas en n dividend, wat op omset gebaseer is, aan klante uit te betaal, dan kan dit alleen uit winste geskied.⁽¹³⁾ Waar sake op n mededingende prysbasis gedoen word en waar dit nie bepaal of ooreengekom word dat klante verantwoordelikheid vir kostes of risiko's sal aanvaar nie, daar is dit vir die klante om 't ewe of die onderneming n wins of n verlies maak, want verliese word nie deur hulle nie, maar deur die aandeelhouders gedra. Dit is dus vir die aandeelhouders om te besluit of hulle n deel van hulle winste met die klante wil deel. Tegnies kan die prys van n artikel beskou word as n vergoeding wat by eiendomsoordrag inbegrepe is.⁽¹⁴⁾ Die risiko van besit gaan saam met /die oordrag.....

(12) Op. cit., p. 43.

(13) Robotka, A theory of cooperation, op. cit., p. 107.

(14) Id., p. 107-8.

die oordrag van eiendomsreg na die volgende persoon oor. Juridies is dit dan ook korrek om te beweer dat wanneer 'n klant 'n koop- of verkoopkontrak met 'n onderneming gesluit het, die goedere ontvang en daarvoor betaal het, die transaksie daarmee finaal afgehandel is. Hy het geen belang daarby of die onderneming 'n wins of 'n verlies by die sluit van die kontrak gemaak het nie en kan ook nie vir enige verliese aanspreeklik gehou word, of aanspraak op die wins maak nie. By 'n koöperasie is die saak heeltemal anders, want geen ware koopkontrak het tot stand gekom nie; die prys, wat die basis vir die koop- of verkoopkontrak vorm, was slegs tentatief. Met die sluit van die transaksie het die lid stilswyend onderneem om te vergoed indien daar 'n tekort sou wees, terwyl die koöperasie stilswyend onderneem het om die verskil tussen hierdie prys en die werklike kosprys aan die lid uit te betaal, indien 'n sodanige verskil sou bestaan.

'n Verdere rede wat aangevoer kan word waarom die prys slegs tentatief is, is omdat daar geen markverhouding tussen die klant en die koöperasie kan bestaan nie. Die koöperasie is funksioneel met die ledebedrywe geïntegreer en tree dus namens hulle op die mark op.

Die beginsel dat oorskotte of surplusse aan lede van 'n koöperasie uitbetaal word, moet dus herlei word na die kosprysbeginsel wat op sy beurt weer te verklaar is in die lig van die nie-onafhanklike aard van die koöperasie.

§2.4 Die omsetdeelname en die eweredigheidsbegrip (Proporsionaliteit)

As gevolg van die voordele en verpligtinge wat daar uit die aktiwiteite van die koöperasie spruit, is dit noodsaaklik dat

/n basis.....

n basis gevind sal word waarop hierdie voorregte en verpligtinge onder lede versprei sal word. In die kapitalistiese kollektiewe ondernemings vorm die kapitaalbydrae deur lede die basis waarop hierdie verhouding bereken kan word, maar „dieses Kapitalbeteiligungsprinzip kann nun infolge des nichtkapitalistischen Charakters der Genossenschaften bei diesen keine Anwendung finden.“⁽¹⁵⁾ In hierdie verband kwalifiseer Ohm nie die „nichtkapitalistischen Charakter“ van die koöperasie nie en kan dit myns insiens lei tot dieselfde verwarring as wat daar by die sosio-reformatore bestaan het; dit kan lei tot die gebruik van sulke inhoudlose slagspreuke soos: „In n koöperasie is dit mense, en nie kapitaal wat tel nie.“ Die kern van die saak is dat by winsbeogende ondernemings verpligtinge en voordele aanvaar word op grond van kapitaalbydraes wat gemaak is en nie op grond van die feit dat daar deelgeneem word aan die aktiwiteite van die gesamentlike sake-inrigting nie. Hieruit vloei voort dat die mate waarin n lid gebruik gemaak het van die dienste van die koöperasie, sal bepaal in watter mate hy aanspraak kan maak op voordele wat uit hierdie deelname voortspruit, ... „hence the greater the patronage of a particular member, the greater his contribution to the operating costs.“⁽¹⁶⁾ Dieselfde redenasie kan toegepas word wanneer daar n tekort ontstaan. n Tekort kan alleen ontstaan wanneer die koöperasie te min van sy lede gevorder het om te vergoed vir indirekte kostes wat in die loop van die jaar betaal is. Hoe groter n lid se omsot, des te groter is sy bydrae tot die akkumulering van die tekort. Dit blyk dus n regverdige reëling te wees om alle voordele en verliese proporsioneel tussen lede te ver-
/deel,.....

(15) Ohm, op. cit., p. 53.

(16) Don, op. cit., p. 68.

deel, bereken op die omvang van elke lid se omset met die koöperasie. Hierdie prinsipe, deur Ohm⁽¹⁷⁾ die „Umsatzbeteiligungsprinzip" en die „Äquivalenzprinzip" genoem, vind sy praktiese toepassing op n hele paar aspekte binne die koöperasie, veral waar sekere verhoudinge tussen lede gereël moet word:

§2.4.1 Die omsetdeelnamebegrip en die betaling van surplusse aan lede

In aansluiting by wat in die vorige paragraaf van voorregte en verpligtinge gesê is, is dit duidelik dat daar nie n ander basis vir die verdeling van surplusse onder lede kan wees nie. Lede ontvang slegs van die koöperasie daardie bedrae wat deur hulle te veel betaal is (in die geval van verbruikerskoöperasies), of wat te veel deur die koöperasie gevorder is (in die geval van landbou-afsetkoöperasies).

§2.4.2 Die omsetdeelnamebegrip en kapitaalbydraes

In n vorige hoofstuk is alreeds daarop gewys dat die kapitaalbydraes wat deur lede gemaak word, nie geskied in afwagting op n vergoeding nie, maar om deel te hê aan die dienste van die gesamentlike sake-inrigting. In hierdie paragraaf wil ons slegs die aandag bepaal by die moontlikheid dat kapitaalbydraes ook in verhouding tot die omset gereël kan word. Die statute van koöperasies in baie lande bepaal dat daar n minimum aantal aandele deur lede gehou moet word; in baie gevalle word ook n maksimum bepaal. Die bepaling van die maksimum aantal aandele wat gehou mag word, moet gesien word in die gees van die sosio-reformatore, nl. dat die koöperasie gesuiwer moet word van enige kapitalistiese elemente.

/Hierdie.....

(17) Ohm, op. cit., p. 52-4.

Hierdie bepaling verberg egter die suiwer ekonomiese aard van die kapitaal van 'n koöperasie, wat, soos reeds gekonstateer is, deur lede bygedra word in die vooruitsig om gebruik te kan maak van die dienste van die koöperasie. Streng gesproke kom dit dus eintlik daarop neer dat lede hulle eie aan- of verkope finansier. Gelyke kapitaalbydraes deur lede kan alleen geregverdig word indien die ledetal uit homogene groepe bestaan wat min of meer in dieselfde mate besigheid met die koöperasie doen. Die probleem ontstaan volgens Ohm⁽¹⁸⁾ eers wanneer lede nie in dieselfde mate van die dienste van die koöperasie gebruik maak nie, d.w.s. waar die omset van lede buite verhouding is met die kapitaalbydraes deur hulle gemaak. In hierdie geval kom dit dus eintlik daarop neer dat die transaksies van hierdie lede deur ander mede-lede gefinansier word. Daar bestaan dus 'n wanverhouding tussen die voorregte wat die lid geniet en die verpligtinge wat hy moet nakom. By koöperasies wat groot investeringsprogramme het, rus die kapitaallas dus nie ewe swaar op al die lede van die koöperasie nie en is dit onregverdig dat die kleinbedryf in dieselfde verhouding moet bydra as die grootbedryf. Om hierdie rede het baie koöperasies die beginsel van proporsionele kapitaalbydraes ingevoer. In gevalle waar hierdie beginsel ingevoer is, rus die las dus, in verhouding, ewe swaar op alle lede. Die praktiese uitvoering van hierdie beginsel lewer egter probleme, aangesien die omvang van 'n lid se omset van jaar tot jaar kan wissel. Om hierdie rede het baie koöperasies die beginsel van roterende kapitaal ingevoer.⁽¹⁹⁾ Volgens hierdie

/stelsel.....

(18) Id., p. 55.

(19) Coetzee, op. cit., p. 104-110.

stelsel word daar jaarliks 'n heffing geplaas op alle goedere wat deur landbouproudusente (in die geval van landboukoöperasies), deur bemiddeling van die koöperasie, bemark word. Na 'n sekere aantal jare, word die vorige jare se heffings weer stelselmatig afgelos. Op dié manier bou die koöperasie fondse op (dit kan ook as kapitaalbydraes beskou word) wat in verhouding staan tot die omset wat die lid met sy koöperasie het. Hierdie stelsel lewer in die praktyk bevredigende resultate.

§2.4.3 Omsetdeelnamebegrip en die aanvaarding van risiko.

Daar is reeds aangetoon dat die risiko wat deur die lede van 'n koöperasie aanvaar word, geskied op grond van hulle deelname aan die bedrywighede van die koöperasie en nie op grond van kapitaalbydrae nie. Volgens die koöperatiewe wetgewing in die meeste lande word die aanspreeklikheid van lede van 'n koöperasie beperk tot die hoeveelheid aandele wat elke lid besit. By nadere beskouing sal dit blyk dat hierdie bepaling nie in ooreenstemming is met die aard van die koöperasie nie, aangesien die risiko nie aan kapitaalbydraes gekoppel kan word nie. Indien alle lede dieselfde kapitaalbydraes gemaak het, terwyl hulle omset met die koöperasie verskil, is die risikolas nie eweredig versprei nie. Om 'n regverdigte verspreiding van risiko's te kry, behoort kapitaalbydraes in verhouding tot die omset gemaak te word. In hierdie verband kom Ohm tot die gevolgtrekking dat: „Durch die Beschränkung der Haftsumme auf ein bestimmtes Verhältnis zur Kapitaleinlage bei gleichzeitiger Staffellung der Kapitaleinlage nach Massgabe der Betriebsgrösse des Mitgliederbetriebes würde diese Ungleichmässigkeit der Risikobelastung zwar nicht abgeschafft, aber sie würde in ein ökonomisch sinnvolles /Verhältnis.....

Verhältnis zu dem Risiko gesetzt werden."⁽²⁰⁾

§2.4.4 Rente op kapitaal

Dit is een van die beginsels van Rochdale om beperkte rente op kapitaal te betaal. Soos reeds vroeër in hierdie studie uiteengesit is, spruit die betaling van rente nie voort uit die noodsaaklikheidsbeginsel⁽²¹⁾ of as n „reward for saving“⁽²²⁾ nie, maar dit is n „means of removing disproportions incurred.“⁽²³⁾ Hoewel laasgenoemde opvatting nie deur al die moderne skrywers oor dié onderwerp aanvaar word nie, kan dit tog op suiwer ekonomiese gronde verklaar word.

Ook in hierdie geval sal daar gelet moet word op die presiese aard van die kapitaalbydraes wat deur lede gemaak word. Soos reeds aangotoon, neem dit die vorm van n vooruitbetaling aan, sodat lede in die voorreg gestel kan word om van die dienste van die koöperasie gebruik te maak. Aangesien die dienste wat die koöperasie lewer, op n kosprysbasis geskied, kan daar geen winste wees waaruit hierdie rente op kapitaal betaal kan word nie. Rente op kapitaal moet dus as n suiwer koste-item vir die koöperasie beskou word. In hierdie lig beskou, beteken dit dat lede n kleiner uitbetaling op surplusse moet aanvaar indien rente op kapitaal betaal word. Indien die kapitaalbydraes van lede presies in dieselfde verhouding is as hulle omset met die koöperasie, is die betaling van hierdie rente nie nodig nie, want: „Members would merely be shifting such amounts
/from one.....

(20) Ohm, op. cit., p. 60.

(21) Lambert. Studies in the social philosophy of cooperation, op. cit., p. 77.

(22) Bogardus, op. cit., p. 41.

(23) Kaarlehto, op. cit., p. 57.

from one pocket to the other."⁽²⁴⁾ Dit is slegs wanneer kapitaalbydraes van individuele lede nie in dieselfde verhouding staan as hulle omset nie, dat hierdie metode van rentebetaling 'n noodsaaklike korrigeermiddel geword het om oneweredighede tussen lede uit te skakel. In hierdie verband lewer Ohm⁽²⁵⁾ 'n belangrike bydrae. Hy wys daarop dat lede wat in verhouding tot hulle kapitaalbydrae proporsioneel minder van die dienste van die koöperasie gebruik maak, 'n gedeelte van hierdie voorreg afgestaan het aan persone wat weer in verhouding meer van die dienste van die koöperasie gebruik maak. In werklikheid kom dit dus daarop neer dat hulle 'n gedeelte van hulle kapitaal aan lede wat te min bygedra het, voorgeskiets het. Daar het dus binne die koöperasie 'n „kapitaaloordrag" plaasgevind; anders gestel: een lid het aan die ander 'n „lening" gemaak. In hierdie geval moet die lid wat van die ander „geleen" het, bereid wees om 'n kleiner bedrag aan surplus te ontvang om sodoende vergoeding te betaal aan die lid van wie hy „geleen" het. Op hierdie wyse word disproportionaliteite binne die koöperasie uitgeskakel. Emelianoff⁽²⁶⁾ toon met behulp van 'n reeks tabelle aan hoedat sulke ongelykhede uitgeskakel kan word.

'n Verdero saak wat die aandag verdien, is of hierdie rente op kapitaal 'n wins is of nie. Let ons op die oorsprong van hierdie rente, d.w.s. as 'n koste-item vir die koöperasie, dan kan dit geen wins wees nie. Hierdie opvatting word deur Emelianoff⁽²⁷⁾ gehuldig. Hy sê dat dividende wat aan aandeelhouders van 'n maatskappy betaal

/word,.....

(24) Robotka, A theory of cooperation, op. cit., p. 111.

(25) Op. cit., p. 66-7.

(26) Op. cit., p. 136-9.

(27) Id., p. 56-7.

word, residueel van aard is, terwyl die rente op die kapitaal van 'n koöperasie 'n suiwer koste-item is. Die rentekoers is reeds vooraf bepaal en is presies dieselfde as wat die koöperasie aan buitestanders moet betaal, indien die fondse elders geleen word.

Yehuda Don stem nie heeltemal met hierdie opvatting saam nie en sê: „The writer is of the opinion that the so-called dividends are paid to the members in their function as owners of the share capital of the plant, and in this respect represent a real income for the recipients.”⁽²⁸⁾

Hy verdedig hierdie stelling deur daarop te wys dat aangesien daar nie gelyke bedrae in die vorm van surplusse uitbetaal word nie (die rede vir die betaling van rente), sommige lede 'n groter bedrag aan rente ontvang as wat woer van hulle surplusse afgetrek word. Dit is veral die geval met lede wat baie min of glad geen transaksies met die koöperasie het nie, maar tog groot kapitaalbydraes gemaak het. Die rente wat deur hulle ontvang word, moet as 'n inkomste op kapitaal beskou word.

Die tabel⁽²⁹⁾ op die volgende bladsy sal hierdie saak ophelder. Die totale kapitaalbydraes van die lede van hierdie hipotetiese koöperasie is R1000 en die surplus beloop R1000. Die linkerkantse helfte toon die bedrae aan wat lede A,B,C en D ontvang indien geen rente op kapitaal betaal word nie, terwyl die regterkantse helfte die bedrae aantoon wat lede ontvang indien rente teen 8% p.a. op kapitaal bereken word. Volgens Don, moet die rentebedrae van R8, R32, R16 & R24 wat A,B,C & D nou respektiewelik ontvang, as

/n suiwer.....

(28) Don, op. cit., p. 65.

(29) Tabel deur my.

TABEL OM DIE INVLOED VAN RENTE
OP KAPITAAL OP DIE HOOGTE VAN
DIE SURPLUS EN TOTALE VOORDEEL
AAN TE TOON

Lid	Kapitaal- bydrae	Lid se omset as breuk van totaal	Surplus ontvang	Rente @ 8% ont- vang	Surplus ontvang	Totaal
A	R100	$\frac{1}{4}$	R250	R8	R230	R238
B	R400	$\frac{1}{2}$	R500	32	460	492
C	R200	$\frac{1}{8}$	R125	16	115	131
D	R300	$\frac{1}{8}$	R125	24	115	139
Tot.	R1000	1	R1000	R80	R920	R1000

n suiwer inkomste op kapitaal beskou word. Na my mening is hierdie opvatting nie heeltemal suiwer nie. Indien die totale van die linkerkantse en regterkantse helftes van die tabel vergelyk word, sal gevind word dat slegs C en D gebaat het by die betaling van rente op kapitaal, terwyl A & B slegter daaraan toe is. C & D se totale is met R6 en R14 respektiewelik verhoog en na my mening verteenwoordig slegs hierdie bedrae n suiwer inkomste op kapitaal. Binne die koöperasie het dus n „kapitaaloordrag" plaasgevind en hierdie bedrae is suiwer rente wat deur A en B aan C en D betaal is. Aangesien die omset van lede wissel, sal daar van jaar tot

/jaar.....

jaar ander verhoudinge bestaan, sodat daar n nivellerings-effek op die langtermyn sal wees.⁽³⁰⁾

Ten opsigte van die rentekoers, bestaan daar ook meningsverskil. Ohm⁽³¹⁾ is die mening toegedaan dat aangesien die betaling van rente geen „wins“ vir die ontvangers daarvan verteenwoordig nie, die rentekoers in ooreenstemming gebring moet word met die heersende rentekoerse. Ook ten opsigte van die hoogte van die rentekoers, verskil Don⁽³²⁾ van Ohm, aangesien e.g. van mening is dat, indien die rentekoerse laer is as die heersende rentekoerse, dit lede sal ontmoedig om geld in die koöperasie te belê, slegs ter wille van die rente wat hulle ontvang. Deur hoë rentekoerse kan die ware aard van koöperatiewe kapitaal degenereer en sal die koöperasie deur baie as n beleggingsveld beskou word met die oog op die realisering van n inkomste op kapitaal. Rentekoerse van koöperasies behoort dus om hierdie rede laer as die heersende rentekoerse te wees.

Ek wil my by die gedagtegang van Emelianoff, Robotka en Ohm skaar t.o.v. hul opvatting dat rente op kapitaal geen ware inkome verteenwoordig nie en dat die proporsionaliteitsbeginsel op die langtermyn gehandhaaf sal word. Die beginsel om rente op kapitaal te betaal, moet dus bloot as n verrekeningsmetode tussen lede beskou word, waarmee disproporsionaliteite in die voordele wat lede ontvang, uitgeskakel word.

§2.4.5 Die omsetdeelnamebegrip en die uitoefening van kontrole

/in die.....

(30) Ohm huldig dieselfde opinie en wys veral daarop dat met voortdurende kapitaalaanpassings, d.m.v. roterende kapitaal, hierdie nivellerings-effek merkbaarder word. Op. cit., p. 69.

(31) Id., p. 68.

(32) Op. cit., p. 65.

in die koöperasie (Stemreg)

Soos reeds in die hoofstuk oor die „Beginsels van Koöperasie” uiteengesit, moet die oorsprong van die beginsel van „een man, een stem” gesien word in die lig van politieke toestande wat in Engeland geheers het tydens die ontstaan van die „Rochdale Society”. Hierbeginsel is nie op ekonomiese gronde te verklaar nie en is ook in die loop van die geskiedenis van koöperasies deur baie assosiasies laat vaar. Die vraag waarop daar n antwoord verskaf moet word, is: Hoe moet stemreg binne die koöperasie verdeel word, sodat die koöperasie sy ekonomiese doelstellings die beste kan verwesentlik?

Die uitgangspunt tot die beantwoording van hierdie vraag lê opgesluit in die ekonomiese erkenning dat diegene wat die risiko dra, ook die beslissings moet neem.⁽³³⁾ Die strewe na gelyke be- geregtiging binne die koöperasie, d.w.s. die gelyke verdeling van regte en verpligtinge, wat uit die proporsionaliteitsbeginsel voortspruit, veronderstel dat n lid in dieselfde verhouding in groepbeslissings sal deel was wat hy in die gemeenskaplike risiko deel. In n nie-homogene koöperasie sal dit neerkom op n stemver- deling wat volgens die omset van elke lid bereken word.⁽³⁴⁾

Waar die beginsel van „een man, een stem” toegepas word, word gewoonlik baie praktiese probleme ondervind, veral in daardie koöpe- rasies waar die omset van lede onderling groot verskille toon. Daar bestaan gewoonlik groot verskille tussen landbouprodusente en daarom word daar ook gevind dat hierdie beginsel deur baie landboukoöpera- sies laat vaar is, ten gunste van die beginsel van stemregverdeling in verhouding tot die omset. Die vernaamste rede waarom groter ge-
/talle.....

(33) Ohm, op. cit., p. 60.

(34) Id., p. 60.

talle koöperasies nog nie hierdie proporsionaliteitsbeginsel t.o.v. die stemreg het nie, kan gewyt word aan die idee dat ... „die solidariteit van die lede daardeur (een man, een stem)⁽³⁵⁾ bevorder word en die groepsgevoel versterk word, sodat lede hulle nouer verbonde voel aan die onderneming. Indien die solidariteitsgevoel versterk word, kan dit belangrike voordele vir die ekonomiese werking van die koöperasie hê deurdat getroue lede, beter ondersteuning beteken.”⁽³⁶⁾

Ekonomiese gronde hiervoor bestaan daar egter nie, soos ook tereg deur Coetzee aangetoon. Kaarlehto⁽³⁷⁾ wys op die tekortkominge van die beginsel van „een man, een stem” vir groot boere wat hulle toekomstige produksieproses beplan in ooreenstemming met die verwagte surplus. Dit kan so maklik gebeur dat deur die uitoefening van stemreg op die basis van „een man, een stem” die groot boer se belange nie in aanmerking geneem kan word nie. In plaas daarvan dat die surplus uitgekeer word, kan lede reël dat dit in n reserwe omskep word, juis op n tydstip wanneer hy dit nodig het om sy eie saak te finansier.

Volgens Emelianoff⁽³⁸⁾ was daar in die verlede n gebrek aan intensiewe navorsing oor hierdie onderwerp en dit het daartoe gelei dat koöperasie met die aandeelmaatskappy verwar is. In aandeelmaatskappye is stemreg uit hoofde van aandeelbesit die essens en is dit ook die enigste wyse waarop die ondernemer uitdrukking aan

/sy onder-.....

(35) Woorde tussen hakies, deur my.

(36) Coetzee, op. cit., p. 69.

(37) Op. cit., p. 76.

(38) Op. cit., p. 141-93.

sy ondernemersfunksie kan gee. Binne koöperatiewe verband tree die individuele lede namens en ten behoewe van hulle outonome ekonomiese eenhede op. Aangesien groepbesluite in die belang van hierdie outonome ekonomiese eenhede geneem word, behoort die stemreg verdeel te word in dieselfde verhouding as wat hierdie eenhede deelneem aan die groepaktiwiteite. Volgens hom is die beginsel van „een man, een stem” eintlik ’n ongelyke verdeling van die stemreg, aangesien dit nie die gekoördineerde belange van die ekonomiese eenhede in ag neem nie.

Ter verdediging van die beginsel van „een man, een stem”, sê, prof. Aresvik: „Voting is a method of amalgamating the preferences of individuals of a group in the making of group decisions. Value premises are therefore implied in any given way of voting in cooperative associations.”⁽³⁹⁾ Dit sê hy om aan te toon dat besluite binne ’n koöperasie nie altyd ’n suiwer ekonomiese oorsprong het nie, maar dat waarde-oordele onderliggend is aan baie besluite, ook t.o.v. die besluit oor hoe daar gestem gaan word.

Ter samevatting net die volgende paar gevolgtrekkings:

- (i) Stemreg volgens die omsetdeelnamebeginsel is op ekonomiese gronde te verklaar en skyn die regte metode te wees waar daar groot verskille ten opsigte van die omvang van lede se omset met die koöperasie bestaan.
- (ii) By homogene groepe werk die beginsel van „een man, een stem” goed en dit verseker solidariteit binne die koöperasie.
- (iii) Die feit dat nog so baie koöperasies aan die beginsel van
/„een man,.....

(39) Aresvik, O. Comments on "economic nature of the cooperative association". Journal of farm economics, 37:143, 1955.

„een man, een stem" vashou, weerspieël die persoonlikheidselement, soos in my definisie vervat, en in hierdie opsig stem ek saam met Aresvik wat ook hierdie element erken. Indien dit nie die geval was nie, sou alle koöperasies konsekwent die metode van „stemreg volgens omset" toegepas het, omdat dit, gesien vanuit n ekonomiese oogpunt, die korrekte metode is.

§2.4.6 Die omsetdeelnamebegrip en die verpligting van lede om klante van die koöperasie te wees

Dit is noodsaaklik dat daar vasgestel moet word of (i) lede verplig behoort te word om hulle koöperasies ten volle te ondersteun en (ii) in watter mate hulle die koöperasie moet ondersteun.

Robotka⁽⁴⁰⁾ wys daarop dat die lede van n koöperasie juis hulle ekonomiese werksaamhede kombineer omdat die gesamentlike optrede voordele wat elke lid nie individueel kan bekom nie, verseker. Die voordeel wat elke lid uit die gesamentlike optrede verkry, verbind hom om volgens die ooreenkoms te handel, aangesien n daad van nie-deelneming van sy kant, verliese vir sy mede-koöperateurs kan meebring. Dit is immers die wese, die kern van die koöperatiewe ooreenkoms, en indien die statute van n koöperasie bepalinge in hierdie verband bevat, moet dit ook in die lig van die verkryging van individuele voordele uit gesamentlike optrede, gesien word.

Draheim⁽⁴¹⁾ wys daarop dat die koöperasie as hulpbedryf vir
/sy ontstaan.....

(40) Robotka, A theory of cooperation, op. cit., p. 105-6.

(41) Op. cit., p. 153

sy ontstaan en effektiewe funksionering heeltemal afhanklik is van die ekonomiese eenhede waaruit dit saamgestel is. Dit is immers die primêre funksie van die koöperasie om in die behoeftes van sy lede te voorsien en dit kan hy alleen doen indien daar n ekonomiese verkeer tussen die koöperasie en sy lede bestaan. Die koöperasie handel immers nie met buitelanders nie, daarom rus daar die verpligting op elke lid om n gereelde ekonomiese verkeer met sy koöperasie te handhaaf.

In die praktyk gebeur dit dikwels dat lede ook met ander instansies handel drywe, wat op sigself nie alleen n onkoöperatiewe daad is nie, maar ook bydra tot die degenerasie van die koöperasie. Die mate waarin lede van n koöperasie n ekonomiese verkeer met hulle koöperasie handhaaf, word deur hom aangedui met die begrip „Frequenz“, en dit kan in n persentasievorm uitgedruk word. Die graad van die frekwensie weerspieël, volgens hom, die verhouding wat daar tussen die lede en die koöperasie bestaan. Die soort koöperasie, die marktoestand waarin die koöperasie homself bevind en die konjunktuur is almal aspekte wat hierdie frekwensiesyfer beïnvloed.

In dieselfde verband wys Seraphim⁽⁴²⁾ op die verhouding wat daar tussen die bestuur en die lede kan bestaan en dat daar n degenerasie in die koöperasie plaasvind indien die bestuur se metodes baie afwyk van die metodes wat deur die individuele lede toegepas word.

Ohm,⁽⁴³⁾ wys in sy studie op die aard van die voordele wat uit groeptoetrede verkry word en dat sommige koöperasies meer af-

/hanklik.....

(42) Op. cit., p. 108-12.

(43) Op. cit., p. 70-5.

hanklik is van n gereelde verkeer met hulle lede, veral daardie koöperasies wat teen hoë vaste koste produseer en deur n hoër omset probeer om die eenheidskoste laag te hou, aangesien dit tot die uitsluitlike voordeel van alle lede is.

In hierdie verband noem Draheim⁽⁴⁴⁾ nog twee verdere redes waarom die koöperasie daarna moet strewe om n groter frekwensiesyfer te verkry, nl. die noodsaaklikheid wat by sekere koöperasies bestaan om binne n bepaalde marktoestand n mededingende prysbeleid te volg en die sogenaamde middelpuntvliedende kragte wat binne n koöperasie aan die werk is. Dit geskied veral binne daardie koöperasies waar die lede die koöperatiewe vereniging as n soort utiliteitsvereniging beskou en ekonomiese verkeer daarmee handhaaf, slegs wanneer dit vir hulle groter voordele as die privaathandel bied.

Watter maatreëls behoort die koöperasie nou aan te wend om n groter verkeer met sy lede te verseker? Gewoonlik word daar vanuit kringe buite die koöperasie kritiek uitgespreek teenoor die dwangmaatreëls wat dikwels in die statute opgeneem word. Volgens hierdie mense is dit n verkragting van die beginsel van vrye mededinging. In antwoord hierop kan aangevoer word dat lede uit eie vrye wil by die koöperasie aansluit en dat hulle hierdie ooreenkoms met die volle besef van die implikasies wat hierdie klousules inhou, aangaan. Hierdie bepaling is ook vir hulle die waarborg van die goeie trou van die medelede en dat die nakoming daarvan ekonomiese voordele aan hulle sal besorg.

Slegs n gedeelte van die bestaande koöperatiewe verenigings maak van sulke bepalinge gebruik. In die meeste gevalle word die

/integrasie.....

(44) Op. cit., p. 155.

integrasie van die ekonomiese werksaamhede as voldoende beskou vir n gereelde ekonomiese verkeer. Om van wetlike maatreëls gebruik te maak, kan vir die koöperasie self, onder bepaalde marktoestande, probleme skep, aangesien dit noodwendig impliseer dat die koöperasie onder alle omstandighede die produkte van sy lede moet afneem (in die geval van n landbouafsetkoöperasie). Die koöperasie is ook aan dieselfde kontrak gebind. So kan dit bv. gebeur dat wanneer die koöperasie optimumgrootte bereik het, verdere ekonomiese verkeer met lede op die korttermyn tot die nadeel van almal is. Indien lede in hierdie gevalle die vryheid het om hulle produkte in ander kanale af te voer, kan dit tot die voordeel van alle lede strek.

Uit die aard van die koöperatiewe werksaamhede, is dit duidelik dat n gereelde ekonomiese verkeer met die koöperasie noodsaaklik is om voordele vir almal te verseker. Al word die lid nie deur middel van die statute gedwing om n gereelde ekonomiese verkeer te handhaaf nie, is hy nogtans daartoe verplig, aangesien die doeltreffende funksionering van die koöperasie uitsluitlik van die ekonomiese verkeer van sy lede afhanklik is.

Vervolgens beantwoord Ohm⁽⁴⁵⁾ die vraag of daar n bepaalde maatstaf is waarmee vasgestel kan word wat die volume van n lid se ekonomiese verkeer of omset met die koöperasie moet wees. Wanneer n lid n sekere kapitaalbydrae aan n koöperasie maak, gee hy daarmee te kenne dat hy bereid is om n ekonomiese verkeer met die koöperasie te handhaaf. Die koöperasie beplan sy investeringsprogram volgens die volume van die kapitaalbydraes en verwag van lede dat hulle ekonomiese verkeer in ooreenstemming met die volume van die /geïnvesteerde....

(45) Op. cit., p. 74-5.

geïnvesteerde kapitaal sal geskied, anders is daar n onderbesetting van kapitaalgoedere. Die teenoorgestelde kan ook waar wees en daarom is dit in die belang van alle lede indien daar voortdurend gepoog word om proporsionaliteit te handhaaf en kapitaalbydrae en ekonomiese verkeer in ooreenstemming met mekaar te bring. Dit hou in dat die kapitaalbydraes voortdurend aangepas sal moet word, wat natuurlik baie praktiese probleme lewer. Die stelsel van roterende kapitaal is n middel om hierdie proporsionaliteit te handhaaf.

§2.5 Koöperasies met nie-klantelede

Indien daar gelet word op die samestelling van die verskillende koöperasies in die praktiese lewe, sal groot afwykings van die ideale tipe koöperasie aangetref word. Die ideale tipe koöperasie is een wie se lede en bestuur harmonies saamwerk om die doelstellings van die lede van die koöperasie d.m.v. die gesamentlike sake-eenheid so goed as moontlik te verwesenlik. In verband met die ideale soort koöperasie, gebruik Seraphim⁽⁴⁶⁾ die begrip van die „homo cooperativus“, terwyl Draheim⁽⁴⁷⁾ weer die begrip „Genossenschaftgeist“ gebruik om hiermee daardie korrekte verhoudinge binne die koöperasie, en die doeltreffende funksionering van die koöperasie aan te dui.

In die praktyk word daar egter baie van hierdie ideale tipe afgewyk en is daar middelpuntvliedende kragte⁽⁴⁸⁾ binne die koöperasie.....

(46) Op. cit., p. 105.

(47) Op. cit., p. 43.

(48) Emelianoff, op. cit., p. 50.

rasie aan die werk. Wat ookal die rede vir die afwykings mag wees, ⁽⁴⁹⁾ hierdie neiging is in talle koöperasies waarneembaar. Een van die vernaamste afwykings is die verskynsel dat lede nie n gereelde of glad geen ekonomiese verkeer met die koöperasie het nie.

Hierdie verskynsel dui op n degenerasie wat by die koöperasie plaasgevind het, aangesien dit heeltemal in stryd is met die aard van koöperasies. Indien die motiewe van lede wat aansluit, nagegaan word, kan twee soorte lede onderskei word, naamlik daardie groep wat die koöperasie wil gebruik as n verlengstuk van sy eie ekonomiese eenheid om sodoende sy eie ekonomiese posisie te verbeter, en daardie groep wat n belegging wil maak ten einde n inkomste op kapitaal te verdien. Die laaste groep sal gewoonlik aange-tref word by koöperasies wat n hoë rente op kapitaal betaal, of koöperasies wat, heeltemal in stryd met die koöperatiewe aard, surplusse in verhouding tot kapitaalbydraes betaal. In laasgenoemde geval het ons nie meer met n koöperasie te doen nie, want die inkomste van sy lede stem ooreen met die wins van n aandeelmaatskappy. Indien hierdie praktyk verder nog aan die beginsel van „een man, een stem“, gekoppel is, dan is die botsende belange binne die koöperasie (tussen klantelede en nie-klantelede) nog duideliker waarneembaar. Indien die nie-klantelede ook die meerderheid vorm, dan is dit duidelik dat hierdie koöperasie die kleed van n winsbeogende onderneming aangehang het.

Selfs al sou surplusse volgens omset verdeel en die stemreg

/op dieselfde.....

(49) Henzler, op. cit., p. 23-8, noem veral die neiging tot ekonomiesering wat daar by koöperasies teenwoordig kan wees.

op dieselfde basis bereken word, dan moet die inkomste van hierdie lede nog as 'n wins gereken word. Sulke lede ondermyn die gees binne 'n koöperasie en ondergrawe die ekonomiese doelstellings van ander lede, omdat hulle nie meehelp om die surplus op te bou nie, maar tog die voordele daaruit trek.

Ten opsigte van nie-klantelede kom Emelianoff tot die gevolgtrekking: „To be a perfect aggregate of economic units, the cooperative organization - as analysis of these representative cases suggests - should be composed of the active patron-members only....”(50)

§2.6 Koöperasies met nie-lede klante

Emelianoff⁽⁵¹⁾ deel koöperasies in twee groepe in, nl. ware koöperasies en pseudo-koöperasies.⁽⁵²⁾ Hierdie laaste groep koöperasies word op treffende wyse deur Seraphim beskrywe as „a mixture of an auxiliary economy and a collective enterprise.”⁽⁵³⁾ Hierdie verskynsel binne koöperasies kom volgens Ohm⁽⁵⁴⁾ in veel groter getalle voor as wat dit die geval met nie-klantelede is. Hierdie verskynsel is van aktuele belang, omdat dit vir die lode van die koöperasie geen nadele, soos in die geval van die vorige groep nie, maar wel voordele inhou.⁽⁵⁵⁾ Indien dieselfde prysbe-
/leid.....

(50) Emelianoff, op. cit., p. 153.

(51) Id., p. 223-30.

(52) „... business transactions with outsiders is the basic factor of the degeneration of cooperative aggregates through pseudo-cooperative forms into collective enterprises.” Id., p. 230.


(53) Seraphim, op. cit., p. 114-5.

(54) Op. cit., p. 79-83.

(55) Ohm noem die voordele van groter omset, opbou van reserwes, groter surplusse vir lede en beter finansiering. Id., p. 82.

leid met sowel lede as nie-lede gevolg word, ontstaan daar surplusse waartoe ook die nie-lede bygedra het. Indien hierdie surplusse nou slegs onder die lede verdeel word, het ons die posisie dat n gedeelte van die surplus wat elkeen ontvang, as wins gereken kan word. Dit bring mee dat, t.o.v. n gedeelte van die oorskot, die koöperasie as n winsbeogende onderneming beskou kan word.

Pas ons ook die tweesydige markverbindingskriterium toe, sal gevind word dat, wat die nie-lede betref, die koöperasie nou definitief op twee markte optree en n wins realiseer. Die skets hieronder toon duidelik dat lede die mark slegs deur middel van die /koöperasie.....



koöperasie bereik, terwyl in die geval van nie-lede n ware mark-situasie tussen hulle en die koöperasie bestaan. Vir hulle is die koöperasie die mark en die pryse word as die markpryse aanvaar. Indien koöperasies die nie-lede op dieselfde grondslag behandel as die eie lede t.o.v. die uitkering van surplusse, het ons nogtans die posisie dat daar elemente van wins opgesluit lê in die rente op kapitaal wat lede ontvang, aangesien die bedrag van die surplus wat nie-lede ontvang, verminder word om rente op kapitaal aan lede te betaal. Dit kan met behulp van syfers aangetoon word dat namate die besigheid met nie-lede toeneem, na dieselfde mate verminder die verpligtinge van lede, omdat die finansieringskoste nou tussen lede en nie-lede versprei word.

Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat handel met nie-lede neig om die koöperasie tot winsbeogende onderneminge te degenerer en nie meer in ooreenstemming is met die aard van die koöperatiewe vereniging nie.

§2.7 Inkomstebelasting

Koöperasies geniet oënskynlik voorregte ten opsigte van die betaling van inkomstebelasting. Die rede waarom die staat hierdie uitsondering ten opsigte van koöperasies maak, is tweërlei van aard.⁽⁵⁶⁾ Die eerste rede is polities van aard, terwyl die tweede rede gegronde is op die besondere aard van koöperasies soos in hoofstuk V uiteengesit. In die uiteensetting het dit baie duidelik geblyk dat die koöperasie geen onderneming met n eie selfstandige winsstrewe is nie en dat die „verhältnis zwischen der Genossenschaft und ihren Mitgliederwirtschaften keiner Markt, keine Markt-
- /preise.....

(56) Draheim, op. cit., p. 222.

preise und auch keinen Gewinn gibt." (57) Dit moet steeds as n hulpbedryf vir, of verlengstuk van die ekonomiese eenhede waaruit dit saamgestel is, gesien word. In hierdie opsig het die teorie van vertikale integrasie baie bygedra tot die opheldering van die ekonomiese aard van n koöperasie. Die koöperasie verrig sake namens sy lede. Dit is geen afsonderlike wins- en verlieseenheid nie en daarom ook nie aan die betaling van inkomstebelasting onderhewig nie.

Draheim (58) wys daarop dat solank as wat die koöperasie klein is en n swak mededingende posisie in die mark het, geen kritiek geopper word nie, maar sodra dit n magsposisie in die mark beklee, dan word kritiek uitgeoefen teen die inkomstebelastingsbeleid wat die staat ten opsigte van koöperasies volg. Die vernaamste punte van kritiek is gewoonlik: (i) Die koöperasie het afgewyk van sy doelstellings as hulpbedryf. (ii) Omset met nie-lede. (iii) Die belastingvoorregte is n miskenning van die beginsel dat alle mense voor die wet gelyk is. (iv) Die opbou van groot reserwes.

Wanneer die inkomstebelastingvraagstuk van koöperasies in oën-skou geneem word, moet daar in die eerste plek aandag geskenk word aan die koöperasie in sy suiwer vorm, soos uiteengesit in hoofstuk V. In die praktyk is daar egter so baie afwykings van hierdie suiwer vorm, dat n afsonderlike studie nodig is om die inkomstebelastingposisie van elk van hierdie afwykende vorme na te gaan. Daar sal dus slegs in breë trekke na hierdie afwykende vorme verwys word. Van aktuele belang is die volgende twee aspekte: (i) die inkomstebelastingposisie van die koöperasie, en (ii) die inkomstebelasting-
/posisie.....

(57) Id., p. 222-3.

(58) Op. cit., p. 221.

posisie van die lede.

Ten opsigte van die eerste vraagstuk is dit duidelik dat die koöperasie as sake-inrigting, geen belasting kan betaal nie, aangesien dit geen onafhanklike bestaan het, en dus geen eie inkome kan realiseer nie. Alle voordele wat die koöperasie realiseer, is die voordele van sy lede, omdat dit 'n integrale deel van die ekonomiese eenhede waaruit dit saamgestel is, vorm. (Vertikale integrasie). Hieruit volg dat slegs die ekonomiese eenhede waaruit die koöperasie saamgestel is, voordele kan realiseer. Die koöperasie het, as sodanig, geen eie inkomstestrewe nie en kan daarom ook nie aan belasting onderhewig wees nie.

Die tweede vraag, nl. of die lede inkomstebelasting uit die voordele wat hulle ontvang, moet betaal, verdien verdere aandag. Twee soorte bedrae word gewoonlik deur koöperasies aan lede oorbetaal, nl. dividend uit surplus en rente op kapitaal. Elkeen van hierdie twee aspekte sal afsonderlik behandel word.

§2.7.1 Dividend uit surplus

Daar is reeds aandag geskenk aan die wyse waarop die surplus ontstaan en wat die aard daarvan is nl. „a device designed to adjust provisional settlements to a cost basis.”⁽⁵⁹⁾ Die surplus kan allereens ontstaan indien die lede 'n ekonomiese verkeer met die koöperasie handhaaf. Elke lid bou dus sy eie surplus op deur middel van sy transaksies met die koöperasie. Vir inkomstebelastingdoelendes is dit nodig dat daar 'n verskil gemaak moet word tussen die surplus van verbruikerskoöperasies en produksiekoöperasies.

§2.7.1.1 Verbruikerskoöperasies

/Die surplus.....

(59) Robotka, A theory of cooperation, op. cit., p. 108.

Die surplus is in hierdie geval opgebou uit die verskil wat daar bestaan tussen die tentatiewe prys wat die lid vir verbruikersgoedere betaal het en die werklike kosprys daarvan. Die kosprys van die goedere kan gedefinieer word as die prys wat die koöperasie daarvoor betaal het, plus 'n gedeelte van die indirekte kostes. Die werklike prys wat die lid vir die goedere betaal, is dus die tentatiewe prys (d.i. die prys wat hy aan die koöperasie betaal het by aankope), min die dividend op surplus, wanneer dit aan hom uitbetaal word. Is hierdie surplus nou 'n inkomste wat die lid verdien het? Stem dit nie ooreen met die korting wat 'n nie-lid by 'n kleinhandelsaak ontvang wanneer hy kontant betaal nie? „The theoretical position of this dividend is similar either to money saved by buying in a cheap shop, or to savings withdrawn from a building society or bank.”⁽⁶⁰⁾

Net soos die nie-lid se besparing (korting) voortspruit uit 'n transaksie, so kan die lid se voordeel ook slegs uit 'n transaksie voortspruit. Nie een van die twee persone het op twee markte opgetree nie, maar slegs hulle verbruiksfunksie uitgeoefen. Nie een van die twee se besparings neem die vorm van 'n inkomste aan nie en daarom sal nie een van hulle belasting hoof te betaal nie.

§2.7.1.2 Produksiekoöperasies, bv. landboukoöperasies

Die surplus, in die geval van die afsetfunksie, ontstaan uit die verskil tussen die prys wat die koöperasie aan die lid betaal en die prys wat dit op die mark realiseer, min die indirekte koste. Net soos by verbruikerskoöperasies bou elke lid sy eie surplus op deur 'n ekonomiese verkeer met sy koöperasie te handhaaf.

/Watter prys.....

(60) Don, op. cit., p. 74.

Watter prys ontvang die lid nou vir sy produkte? In hierdie geval is dit baie duidelik dat die werklike verkoopprijs van die produsent se produkte saamgestel is uit die tentatiewe prys (voorskot) plus die surplus (agterskot).

Na my mening verhoog hierdie agterskot die inkomste van die produsent. Die produsent wat van die dienste van die koöperasie gebruik maak, tree op twee markte op, nl. die inkoopmark (vir die aankope van produksiefaktore), en deur sy koöperasie op die verkoopmark (vir die verkope van sy produkte). Die verskil tussen sy inkoopprys (produksiekoste) en sy verkoopprijs (voorskot + agterskot of surplus), is sy wins. Hierdie surplus moet dus bygereken word by sy ander inkomste uit die boerdery en koste i.v.m. die boerdery kan hierteen afgeskryf word. Ten opsigte van die aankoopfunksie, ontstaan die surplus op dieselfde wyse as by verbruikerskoöperasies, maar in hierdie geval verlaag dit die produksiekoste van die produsent. Net soos in die geval van die surplus by die afsetfunksie, moet die surplus by die aankoopfunksie as werklike inkome vir die produsent beskou word, want die verhoog sy wins. Vir belastingdoeleindes kan hierdie surplusse dus nooit as 'n aparte inkomste, losstaande van die produksie-eenheid, beskou word nie, soos bv. die dividende van 'n aandelomaatskappy.

§2.7.2 Rente op kapitaal

„The theoretical position of dividend on shares leads to a different conclusion. Since it has been regarded as a real income of annual interest it is naturally taxable.”⁽⁶¹⁾ Hierdie opvatting van Don kan nie sonder verdere kwalifikasie aanvaar word

/nie.....

(61) Ibid.

nie. Daar is reeds gewys op die gebruik van hierdie metode om rente op kapitaal te betaal, omdat „it compensates for disproportionalities in capital contributions”.⁽⁶²⁾ In die ideale tipe koöperasie, waar kapitaal en omset in dieselfde verhouding tot mekaar staan, is die betaling van rente nie nodig nie. Indien dit tog betaal sou word, lei dit presies tot dieselfde eindresultaat as wanneer dit nie betaal word nie. Dit kom dus daarop neer dat iemand aan homself rente betaal. In hierdie geval is die rente dus nie inkomstevormend nie en geen belasting kan daarop betaal word nie. Indien kapitaal en omset nie in dieselfde verhouding tot mekaar staan nie, moet die rente in n ander lig beskou word.

§2.7.2.1 Verbruikerskoöperasies

Die kapitaalbydrae van n persoon aan sy koöperasie moet in dieselfde lig gesien word as die aanwending van geld binne die verbruiksproses. Die nie-lid koop bv. n stoof aan met die uitsluitlike doel om sy verbruiksfunksie te ekonomiseer. (Dit is goedkoper om self voedsel voor te berei as om in n hotel te gaan eet). Hy kan alleen bespaar indien hy die stoof gebruik. Hierdie besparing is nie inkomste nie en dus ook nie belasbaar nie. Indien hy ander mense sou toelaat om die stoof te gebruik en n vergoeding hiervoor ontvang, is dit n inkomste wat hy verdien en dit is onderhewig aan belasting.

Die lid van n koöperasie wend ook sy geld aan (kapitaalbydrae) met die uitsluitlike doel om sy verbruiksfunksie te ekonomiseer. Die oorspronklike doel van sy kapitaalbydrae aan die koöperasie was tog immers om dit self te gebruik – om sy eie transaksies te

/finansier.....

(62) Robotka, A theory of cooperation, op. cit., p. 111.

finansier. In sover hy alleen die gebruik van sy eie kapitaal het, kan daar sprake wees van besparing. Sodra ander mense hiervan gebruik maak en hy n vergoeding ontvang, dan is hierdie vergoeding n belasbare inkomste.

Beskou ons weer eens die tabel op bladsy 108, dan blyk dit dat lid C nie ten volle gebruik gemaak het van sy kapitaalbydrae nie. Om dit te kon gedoen het, moes sy omset ten minste een-vyfde van die totaal gewees het. Sy omset is egter slegs een-agste van die totaal en dit verteenwoordig slegs R125 van die totale kapitaalbydraes. Hy het dus R75 van sy kapitaalbydrae aan ander „geleen”. Indien die rente hierop bereken word, beloop dit R6. Die tabel toon egter dat hy R16 aan rente ontvang het. Die lid het dus R10 rente aan homself betaal en slegs R6 van ander lede ontvang. Die R10 was, myns insiens, n besparing wat voortspruit uit die feit dat hy self gebruikgemaak het van n gedeelte van sy kapitaal, net soos die nie-lid bespaar het deur die stoof te gebruik. Volgens Don⁽⁶³⁾ moet die lid op die volle bedrag, nl. R16 belasting betaal. Na my mening moet hy slegs op R6 betaal. In die praktyk is dit nie altyd moontlik om hierdie syfer presies te bepaal nie, vandaar die dwaling dat rente op kapitaal n inkomste verteenwoordig, en dus belasbaar is.

§2.7.2.2 Produksiekoöperasies

Die tabel op bladsy 108 toon dat lid A R250 moet ontvang indien rente op kapitaal nie in berekening gebring word nie. Volgens die vorige redenasie is hierdie R250 inkomstevormend en moet belasting hierop betaal word. Hierdie lid het egter, nie alleen van sy eie kapitaal nie, maar ook van ander lede se kapitaal

/gebruik.....

(63) Op. cit., p. 74.

gebruik gemaak. Sy omset verteenwoordig een-kwart van die totaal en dit stem ooreen met n kapitaalgebruik van R250. Self het hy slegs R100 bygedra. Hy het dus R150 „geleen" en die rente daarop beloop R12. Hierdie R12 kan hy as n aftrekking teen inkomste beskou. Sy belasbare inkomste is dus slegs R238. Neem ons weer die geval van lid C, blyk dit dat hy R75 „uitgeleen" het, wat hom n ekstra inkomste van R6 besorg het. Sy belasbare inkomste is dus R131. Dit is dus duidelik dat in die geval van produksiekoöperasies daar gelet moet word na die totaalsyfer, d.w.s. die rente plus die surplus, en hierdie syfer verteenwoordig n inkomste.

n Volgende vraag wat beantwoord moet word, is of koöperasies belasting op reserwes moet betaal. Reserwes word gewoonlik uit surplusse gevorm. Die doel van reserwevorming is om die posisie van die koöperasie te versterk en groter voordele aan lede te besorg. Wat produksiekoöperasies betref, is dit, na my mening, korrek dat belasting betaal moet word, aangesien die surplus in die hande van die lid ook belasbaar was. In hierdie geval behoort koöperasies dieselfde behandeling as aandeelmaatskappye te ontvang.

In die geval van verbruikerskoöperasies is die posisie effens anders. In ons vorige redenasie is die surplus in dieselfde lig beskou as die korting wat n nie-lid ontvang – dus n besparing in die proses van verbruik. Hierdie bedrag is, volgens ons opvatting, nie belasbaar nie. Indien hierdie surplus nou weer aan die koöperasie, wat n integrale deel van die verbruikseenheid is, teruggegee word, bly dit nogtans n aanwending in die verbruiksproses. (Dit stem weer eens ooreen met die verbruiker wat die stoof aankoop om die verbruiksfunksie meer doeltreffend te maak). Op grond hiervan kan reserwes van verbruikerskoöperasies dus nie belasbaar wees nie.

:

/Die enigste.....

Die enigste rede waarom belasting moontlik betaal kan word, lê opgesluit in die feit dat dit n „skenking” aan toekomstige onbekende lede is. In hierdie geval blyk dit dus dat „skenkingsbelasting” moontlik van toepassing kan wees op die reserwes van verbruikerskoöperasies, aangesien toekomstige lede (wat buitendien nie belasting betaal op die voordele wat hulle ontvang nie) die voordele van hierdie reserwe het. Die voordele wat uit hierdie reserwe voortspruit, is dus inkomstevormend vir die toekomstige lede, daarom betaal die huidige lid die belasting. Wat is nou die basis vir die berekening van hierdie belasting? Indien dit op die huidige waarde bereken word, is die basis, myns insiens, foutief, want die skenking word eers werklikheid wanneer dit lid uittree of sterf. Tot op hierdie stadium het hyself die voordele van die reserwe geniet en daarom behoort hy dan ook geen belasting daarop te betaal nie. Na sy uittrede of dood word die „skenking” eers werklikheid, maar dan het dit alreeds gedepresieer. Die belasting behoort nou op die verminderde, d.w.s. gedepresieerde bedrag bereken te word. In die praktyk sal die berekening hiervan egter baie probleme oplewer.

Indien ons dus die reserwes van n verbruikerskoöperasie as „skenkings” wat aan toekomstige lede gemaak word, sien, dan blyk dit billik te wees dat een of ander vorm van belasting daarop betaal moet word. Die probleem is egter wie dit moet betaal en wat die basis van berekening is. Dit is nie die taak van die ekonoom om belastingsvoorstelle te maak nie; dit is slegs sy taak om op die ekonomiese aard van die verskillende aspekte binne die koöperasie te wys en die belastinggaarder moet dit in aanmerking neem wanneer hy sy belastingskemas uitwerk.

/Ten opsigte.....

Ten opsigte van handel met nie-lede, wil ons dit weer eens stel dat hierdie praktyk onversoenbaar is met die aard van koöperasies en dat daar in die surplusse wat in sulke koöperasies gevorm word, ware winselemente opgesluit lê.

Ten slotte wil ek ten opsigte van die taak wat ek myself met hierdie studie ten doel gestel het, naamlik om tot 'n beter insig in die aard van 'n koöperasie, te kom afsluit met die volgende aanhaling en daarmee ook die hoop uitspreek dat ek in my doel geslaag het: „Cooperative research, if it is to yield results other than merely descriptive or historical material, must then lean on basic theoretical framework in order to present explanations in terms of basic concepts why Cooperatives are as described, and why they organise, operate, vote, distribute savings, and do many other things as they do. A Cooperative is still frequently defined as a Cooperative merely if it exhibits certain earmarks or characteristics or if it does certain things in certain traditional ways. Rather, it will exhibit such characteristics because it is a Cooperative association.”⁽⁶⁴⁾

(64) Robotka, Usefulness of cooperative theory, op. cit., p. 123.

LYS VAN AANGEHAALDE ARTIKELS EN WERKE

- | | |
|-------------------------------------|--|
| Abrahamsen, M.A. &
Scroggs, C.L. | Agricultural cooperation, Selected readings. Minnesota, 1957. |
| Alanne, V.S. | Fundamentals of consumer cooperation. Wisconsin, 1948. |
| Aresvik, O. | Comments on "economic nature of the cooperative association". <u>Journal of farm economics</u> . Vol. 37, 1955. |
| Bakken, H.H. &
Schaars, M.A. | The economics of cooperative marketing. New York, 1937. |
| Bogardus, E.S. | Principles of cooperation. Wisconsin, 1958. |
| Bonow, M. | Cooperation in a changing world. A survey of objectives and methods with special reference to the western cooperative movements. Stockport 1960. |
| Carr-Saunders, A.M. e.a. | Consumers cooperation in Great Britain. London, 1942. |
| Clark, E. | Farmer cooperatives and economic welfare. <u>Journal of farm economics</u> . Vol. 34, 1952. |
| Coetzee, F.J.J. | Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957. |
| Cole, G.D.H. | A century of cooperation. Manchester, 1944. |
| Digby, Margaret. | The world cooperative movement. London, s.j. |
| Don, Y. | Economic analysis of agricultural cooperation. <u>Yearbook of agricultural cooperation</u> . Oxford, 1960. |
| Draheim, G. | Die Genossenschaft als Unternehmungstyp. Göttingen, 1952. |
| du Plessis, F.J. | Inleiding tot die beskrywende ekonomie. Zaandijk, 1962. |
| Emelianoff, I.V. | Economic theory of cooperation. Economic structure of cooperative organizations. Washington D.C., 1948. |

- Fauquet, G. The cooperative sector. The place of man in cooperative institutions and the place of cooperative institutions in economic life. Manchester, 1951.
- Helmberger, P. & Hoos, S. Cooperative enterprise and organization theory. Journal of farm economics. Vol. 44, 1962.
- Henzler, R. Betriebswirtschaftliche Probleme des Genossenschaftswesens. Wiesbaden, 1962.
- Kaarlehto, P. On the economic nature of cooperation. Stockholm, 1956.
- Knapp, J.G. Cooperative expansion through horizontal integration. Journal of farm economics. Vol. 32, 1950.
- Koller, E.F. Cooperatives in a capitalistic economy. Journal of farm economics. Vol. 29, 1947.
- Kuperus, R. De coöperatieve vereniging. Amsterdam, 1926.
- Lambert, P. Studies in the social philosophy of cooperation. Manchester, 1963.
- do. Discussion of the reports of professor H.J. Seraphim and professor F. Robotka. International conference on cooperative science, Erlangen, 1957. Göttingen, 1961.
- Liefman, R. De ondernemingsvormen. Met inbegrip van die coöperatieve vereniging en de socialiseering. Utrecht, 1927.
- Nourse, E.G. Economic philosophy of cooperation. American economic review, 1922.
- Ohm, H. Die Genossenschaft und ihre Preispolitik. Eine theoretische Studie zur volkswirtschaftlichen Problematik der genossenschaftlichen Preispolitik. Karlsruhe, 1955.
- Phillips, R. Economic nature of the cooperative association. Journal of farm economics. Vol. 35, 1953.
- do. The cooperative - an association of business units. American cooperation, 1953.

- Poisson, E. The cooperative republic. Manchester, 1925.
- Reynolds, W. The philosophy of cooperation. American cooperation, 1946.
- Robbins, L. An essay on the nature and significance of economic science. London, 1932.
- Robotka, F. A theory of cooperation. Journal of farm economics. Vol. 29, 1947.
- do. Usefulness of cooperative theory. International conference on cooperative science, Erlangen, 1957. Göttingen, 1961.
- do. Philosophy of cooperation. American cooperation, 1950.
- Sells, J.W. Spirit of cooperation. American cooperation, 1946.
- Savage, J.K. Comment on "economic nature of cooperation". Journal of farm economics. Vol. 36, 1954.
- Seraphim, Hans-Jürgen. A realistic consideration of the nature of the cooperative. International conference on cooperative science, Erlangen, 1957. Göttingen, 1961.
- Stoker, H.G. Beginsels en methodes in die wetenskap. Potchefstroom, 1961.
- Taylor, C.C. Objectives of farmer cooperatives: By a sociologist. American cooperation, 1949.
- Trifon, R. The economics of cooperative ventures - further comments. Journal of farm economics. Vol. 43, 1961.
- Valko, L. Recent developments in international cooperative science. American cooperation, 1960.
- Webb, Sidney & Beatrice. The consumers cooperative movement. London, 1921.
- Westrate, C. Theorie van drie stelsels van sociaal-economische leven. Leiden, 1948.